

DIE EERSTE BOEK VAN DIE MAKKABEËRS

Inleiding

Die naam van die boek, *Makkabeërs*, is afgelei van Judas se bynaam, “Makkabeus”, een van die hoofkarakters van die boek. Die naam Makkabeus beteken waarskynlik ‘Hamer’.

1 Makkabeërs eindig met 'n kort berig oor die oornam van die hoëpriesterskap en militêr-politieke mag deur Simon se seun, Johannes Hirkanus I, wat vanaf 135 vC tot 104 vC regeer het. Die boek kon dus nie voor hierdie tyd geskryf gewees het nie, en het na alle waarskynlikheid verskyn kort nadat Johannes Hirkanus I aan bewind gekom het.

Die goeie bronne wat deur die skrywer geraadpleeg word, skep die vermoede dat die boek in Jerusalem ontstaan het. Hierdie vermoede word verder daardeur versterk dat die boek ten doel het om die bewind van die Hasmoneërs, wat hulle setel in Jerusalem gehad het, te wettig.

Die skrywer is onbekend, maar die goeie bronne waarop sy verhaal gebaseer is, dui daarop dat hy hom waarskynlik in Jerusalem bevind het, en skep ook die vermoede dat die skrywer in 'n sekere mate deel was van die hofkringe tydens die skryf van die boek.

Die aanvanklike lesers van *1 Makkabeërs* is onbekend.

Die boek behoort hoofsaaklik tot die narratiewe genre, en daar word bewustelik teruggegryp na die styl van ander Ou-Testamentiese verhalende boeke, in die besonder *Konings* en *Samuel*, maar ook *Rigters*, *Kronieke*, *Esra*

en *Nehemia*. Hierdie bewuste teruggrype na die ander “kanonieke” boeke is geen toeval nie, aangesien die boek grotendeels probeer om die magposisie van die Hasmoneërs te verklaar en te versterk.

1 Makkabeërs vertel die verhaal van die verset deur die Makkabeërs teen die Seleukiede, wat uiteindelik tot algehele politieke bevryding lei. Die boek berig oor gedeeltelik dieselfde geskiedenis as *2 Makkabeërs*, maar op 'n eenvoudiger trant. Die skrywer van *1 Makkabeërs* bied hierdie geskiedenis uit 'n godsdienstige oogpunt aan: Die tempel, kultus en geloofstradisie word die spilpunt waarom die geskiedenis draai. Die hoëpriesterskap en die Wet is daarom vir die skrywer van die boek van groot belang.

God speel 'n belangrike rol in die verhaal, selfs al word die term “God” in die Grieks nie een keer gebruik nie. God is aan die kant van dié mense wat die Joodse tradisie getrou navolg.

Die boek kan soos volg ingedeel word:

1:1-64 Voorgeskiedenis; Aleksander die Grote; Antiogus IV

Epifanes

2:1-70 Opstand deur Mattatias en sy vyf seuns

3:1 — 9:22 Die optrede van Judas Makkabeus

9:23 — 12:53 Die optrede van Jonatan

13:1 — 16:17 Die optrede van Simon

16:18-24 Die optrede van Simon se seun Johannes

1

Opkoms van Antiogus Epifanes

¹ *Ná die oorwinning deur Aleksander,^a seun van Filippus die

* 1:1 Dan 8:1-8,20-22

^a1:1 **Aleksander**: Aleksander III (die Grote 353-323 vC).

Macedoniër, wat uit die land Chettiim^b gekom het, en wat vir Darius,^c die koning van die Perse en van die Meders, verslaan het, het hy koning in sy plek geword. Hy was vroeër alreeds koning oor Griekeland,^{2*} en het baie oorloë gevoer, vestings ingeneem en konings van die aarde se bloed vergiet.^{3*} Hy het tot by die eindes van die aarde gegaan en oorlogsbuit geneem by 'n menigte nasies. Die aarde het stil geword voor hom; hy is baie opgehemel, en hy het hooghartig begin raak.^d ⁴ Hy het 'n buitengewoon magtige leërmag versamel, en hy het geheers oor lande en hulle nasies en regeerders. Hulle het skatpligtig teenoor hom geword.^e ⁵ Hierna het hy bedlêend geraak, en hy het geweet dat hy besig was om te sterf. ⁶ Toe het hy sy bevelvoerders^f geroep, dié van hoë aansien wat van jongs af saam met hom grootgeword het, en terwyl hy nog leef, het hy sy koninkryk onder hulle verdeel. ⁷ ⁸ Aleksander het twaalf jaar lank regeer, en gesterf. ⁸ Sy bevelvoerders het die mag oorgeneem, elkeen in sy eie gebied. ⁹ Hulle het almal krone opgesit ná sy dood, en ook hulle seuns ná hulle, baie jare lank, en hulle het onheil oor die aarde laat toeneem. ¹⁰ *Uit hulle het 'n sondige afstammeling^h gekom, koning

^b**1:1 Chettiim:** In Hebreeus “Kittim”, dit word ook vertaal as “Kittiërs”.

^c**1:1 Darius:** Darius III, 336-331 vC.

***1:2** Dan 11:3-4

***1:3** Eseg 28:1-20

^d**1:3 hooghartig ... raak:** Letterlik ‘sy hart is opgelig.’

^e**1:4 skatpligtig ... geword:** Dit was 'n belasting wat jaarliks gelewer moes word, en gewoonlik bestaan het uit 'n vaste hoeveelheid landbouprodukte, silwer en goud; vgl 1 Kon 3:4.

^f**1:6 bevelvoerders:** Letterlik ‘dienaars’. Verwys na Aleksander se generaals: Antigonus, Seleukus, Ptolemeus, Lisimagus en Kassander.

^g**1:7** 336-323 vC.

***1:10-15** 2 Mak 4:7-17

^h**1:10 afstammerling:** Letterlik ‘wortel’.

Antiohusⁱ se seun, Antiohus Epifanes,^j wat vroeër 'n gyselaar in Rome was. Hy het koning geword in die honderd-sewe-en-dertigste jaar^k van die koninkryk van die Grieke.

Afvallige Judeërs

(2 Mak 4:10-17)

¹¹ *In daardie dae het wettelose mans uit Israel^l gekom, en hulle het baie mense oortuig deur te sê: “Kom, laat ons 'n verbond sluit met die heidennasies rondom ons, want nadat ons van hulle afgeskei geraak het, het baie ellendes ons getref.” ¹² Hierdie saak was goed in hulle oë.

¹³ Gevolglik het sommige van die volk moed geskep en na die koning gegaan, en hy het hulle die reg gegee om die gebruike van die heidennasies na te volg. ¹⁴ Hulle het 'n gimnasium^m in Jerusalem gebou, volgens die gebruike van die heidennasies, ¹⁵ en hulle het hulleself onbesnede gemaak.ⁿ So het hulle afgewyk van die heilige verbond. Hulle het in dieselfde juk getrek* as die heidennasies en hulle het hulleself verkoop om kwaad te doen.

ⁱ1:10 **Antiohus:** Antiohus III die Grote, 222-187 vC.

^j1:10 **Antiohus Epifanes:** Antiohus IV Epifanes, 175-164 vC.

^k1:10 **137ste jaar:** Dit was 175 vC.

*1:11 Esra 9:1 — 10:17; Jer 44:18; 1 Mak 1:62

^l1:11 **Israel:** Die begrippe Hebreërs, Israeliete en Israel word anachronisties in 1 en 2 Mak gebruik om die •Judeërs (inwoners van Juda) ná die ballingskap aan te dui.

^m1:14 **gimnasium:** 'n Plek van onderrig en fisiese oefening. •Antiohus IV Epifanes het gepoog om veral Jerusalem in 'n Griekse stad te omvorm. Met die hulp van die hoëpriester, Jason, het hy gimnasiums laat instel.

ⁿ1:15 **hulle het ... gemaak:** Letterlik ‘hulle het vir hulleself 'n voorhuid gemaak’; vgl 1 Kor 7:18.

*1:15 **dieselfde juk getrek:** 2 Kor 6:14

Verowering van Egipte

(2 Mak 5:1,11-26)

¹⁶ *Toe die koninkryk van Antiogus goed gevestig was, het hy hom voorgeneem om ook koning van Egipteland te word, sodat hy oor albei koninkryke kon regeer. ¹⁷ Hy het Egipte binnegeval met 'n groot leërmag, met strydwaens en olifante,* met ruiters en met 'n groot vloot. ¹⁸ Hy het oorlog gemaak teen Ptolemeus, die koning van Egipte. Ptolemeus was vreesbevange vir hom en het gevlug; en baie het verwond neergeval. ¹⁹ Hulle het die versterkte stede in die landstreek van Egipte ingeneem en hy het oorlogsbuit van Egipteland geneem.

Plundering van die tempel in Jerusalem

²⁰ Nadat Antiogus Egipte verslaan het, het hy in die honderd-drie-en-veertigste jaar^o teruggekeer. Hy het opgegaan na Israel,^p na Jerusalem, met 'n swaar gewapende leërmag. ²¹ Hy het vol hoogmoed in die heiligdom ingegaan. Hy het die goue altaar gevat, die lampstaander^q en al sy bybehore, ²² die tafel vir die vertoonbrode, die drankofferbekers, die offerbakke, die goue wierookhouers, die Voorhangsel,^r die krone en die goue versiering wat voor die tempel was --dit alles het hy gestroop. ²³ Hy het boonop die silwer en die goud en die kosbare voorwerpe gevat, en die verborge skatte wat hy gevind het, geneem. ²⁴ Nadat hy al hierdie goed gevat het, het hy teruggekeer na sy eie land. Hy het 'n bloedbad aangerig, en hy het uiters hoogmoedige dinge kwyttgeraak.

***1:16** Dan 11:25-28

***1:17 olifante:** 1 Mak 6:34-37

^o**1:20 143ste jaar:** 169 vC; vgl vir 'n tweede veldtog 2 Mak 5:1,11; Dan 11:19,25.

^p**1:20 Israel:** Vgl voetnoot in 1 Mak 1:11

^q**1:21 lampstaander:** Die •bronteks lui “die lampstaander van die lig”.

^r**1:22 Voorhangsel:** Die gordyn wat die heilige voorste deel van die •tempel geskei het van die Allerheiligste.

²⁵ *Daar het 'n groot droefheid oor Israel gekom,
in elkeen van die streke,
²⁶ die hoë amptenare en oudstes^s het getreur,
die jongmeisies en jong mans het swak geword,
die vroue se skoonheid het afgeneem.
²⁷ Elke bruidegom het 'n klaaglied aangehef,
sy wat in die bruidskamer gesit het, het getreur.
²⁸ Die land is geskud as gevolg van sy bewoners,
die hele huis van Jakob het hom in skande gehul.

Inname van Jerusalem

²⁹ *Ná twee jaar^t het die koning sy hoofbelastingbeampte na die stede van Juda gestuur, en hy het Jerusalem met 'n swaar gewapende leërmag binnegeval. ³⁰ Hy het op verraderlike wyse woorde van vrede met hulle gepraat, en hulle het hom vertrou. Hy het skielik die stad aangeval en dit 'n groot slag toegedien, en hy het baie mense uit Israel^u om die lewe gebring. ³¹ Hy het oorlogsbuit van die stad geneem en die stad aan die brand gestee, en die huise afgebreek, asook die mure rondom die stad. ³² Hulle het die vroue en die kinders gevange geneem en die veekuddes gebuit. ³³ *Hulle het die Stad van Dawid met 'n groot en versterkte muur herbou, asook met versterkte torings; en dit het vir hulle 'n vesting geword. ³⁴ Hulle het 'n sondige heidennasie daar gevestig, wettelose

* **1:25-28:** Ps 74; 79

^s**1:26 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

* **1:29** 2 Mak 5:24-26

^t**1:29 2 jaar:** Die •bronteks lui “twee jaar van dae”; dit was 167 vC.

^u**1:30 Israel:** Vgl voetnoot 1 Mak 1:11.

* **1:33** 2 Sam 5:7; 1 Mak 13:49-51

mans, en hulle het hulleself daarbinne verskans. ³⁵ Hulle het vir hulleself wapens en kos opgeberg, en hulle het al die oorlogsbuit van Jerusalem wat hulle bymekaargemaak het, daar gestoor. Hulle het 'n groot valstrik geword —

³⁶ * dit het 'n valstrik vir die heiligdom geword,
'n voortdurende bose bedreiging vir Israel.

³⁷ Hulle het onskuldige bloed
rondom die heiligdom vergiet
en die heiligdom besoedel.

³⁸ Deur hulle toedoen
het die inwoners van Jerusalem gevlug,
en sy het 'n woning vir vreemdelinge^v geword;
sy het 'n vreemdeling geword
vir haar nageslagte,
en haar kinders het haar verlaat.

³⁹ Haar heiligdom het verlate geword
soos 'n woestyn;
haar feeste is verander in droefheid,
haar Sabbatte in 'n bespotting,
haar waardigheid in veragting.

⁴⁰ In ooreenstemming met die mate
wat haar eer toegeneem het,
is haar skande vermeerder;
haar trots is in droefheid verander.

* **1:36-40** Ps 74; 79

^v**1:38** *vreemdelinge*: Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. •Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliete gekry het, het beskerming geniet.

Heidense gebruike in Juda

(2 Mak 6:1-17; Matt 24:15; Mark 13:14)

⁴¹ Koning Antiogus^w het aan sy hele koninkryk geskryf dat hulle almal een volk moet word ⁴² en dat elkeen sy eie gebruike moet los. Al die heidennasies het dit volgens die bevel van die koning aanvaar. ⁴³ Baie mense uit Israel^x het sy godsdiens goedgekeur. Hulle het aan die afgodsbeelde geoffer en die Sabbat ontheilig. ⁴⁴ Die koning het deur middel van boodskappers briewe na Jerusalem en die stede van Juda gestuur met die opdrag dat hulle wette moet navolg wat vir die land vreemd was -- ⁴⁵ dat brandoffers, diereoffers en drankoffers in die heiligdom verbied moet word, dat die Sabbatdae en feeste ontheilig moet word; ⁴⁶ dat die heiligdom^y en die priesters verontreinig moet word; ⁴⁷ dat altare, heiligdomme en afgodstempels gebou moet word; dat varke en •onrein diere geoffer moet word; ⁴⁸ dat hulle seuns onbesnede gelaat moet word, en dat hulle self veragtelik gemaak moet word deur elke onreinheid en ontheiliging, ⁴⁹ sodat hulle die Wet^z sal vergeet en al die voorskrifte verander. ⁵⁰ Elkeen wat nie volgens die bevel van die koning optree nie, sou sterf. ⁵¹ In ooreenstemming met al hierdie bevele het hy aan sy hele koninkryk geskryf, en hy het opsigters aangestel oor die hele volk. Hy het al die stede in Juda, ja, stad vir stad, beveel om te offer. ⁵² Baie mense uit die volk het hulle geskaar by almal wat die Wet verlaat het, en hulle het kwaad aangerig in die land ⁵³ ^aen veroorsaak dat Israel

^w1:41 **Antiogus:** Die •bronteks lui “Die koning” en die •Vulgaat lui “Koning Antiogus”.

^x1:43 **Israel:** Vgl voetnoot in 1 Mak 1:11.

^y1:46 **heiligdom:** Letterlik ‘heilige dinge’, maar die verwysing is na die •tempel in Jerusalem.

^z1:49 **Wet:** Verwys na die •Wet van Moses.

^a1:53 Die •bronteks lui “Hulle het Israel in wegkruipplekke geplaas.”

weggekruipt het in elke toevlugsoord wat hulle gehad het. ⁵⁴ *Op die vyftiende dag van Kislef,^b in die honderd-vyf-en-veertigste jaar,^c het hy 'n gruwel van verwoesting op die altaar gebou, en in die omringende stede van Juda het hulle altare opgerig. ⁵⁵ Hulle het wierook gebrand voor die deure van huise en in die strate. ⁵⁶ Die boekrolle van die Wet^d wat hulle gevind het, het hulle opgeskeur en verbrand. ⁵⁷ Waar 'n boekrol van die verbond by iemand gekry is, of as iemand die Wet goedgekeur het, is so iemand op bevel van die koning doodgemaak. ⁵⁸ Hulle het met alle geweld teen Israel bly optree, teen diegene wat maand ná maand in die stede gevind is. ⁵⁹ Op die vyf-en-twintigste dag van die maand, terwyl hulle geoffer het op die altaar wat bo-op die brandofferaltaar geplaas was, ⁶⁰ het hulle die vroue wat hulle kinders laat besny het, volgens opdrag doodgemaak, ⁶¹ en hulle het die ongeboore babas om die nekke van die vroue gehang. Hulle het ook die vroue se huishoudings en die mense wat die besnydenis uitgevoer het, doodgemaak. ⁶² *Maar baie mense in Israel was standvastig en vasbeslote om nie onrein dinge te eet nie. ⁶³ En hulle het verkies om eerder te sterf, sodat hulle nie deur voedsel verontreinig sou word nie; en hulle het nie die heilige verbond ontheilig nie, en het gesterf.

⁶⁴ So was daar 'n baie groot woede oor Israel.

***1:54** Dan 9:27; 11:31; 12:11; Matt 24:15; Mark 13:14; 1 Mak 6:7

^b**1:54 Kislef:** Waarskynlik die maand Desember; •Maande.

^c**1:54 145ste jaar:** 6 Desember 167 vC; vgl Dan 9:27; 11:31.

^d**1:56 boekrolle ... Wet:** Verwys na die eerste vyf boeke van die Ou Testament (Tora).

***1:62** 1 Mak 1:11

2

Rou van Mattatias en sy seuns

¹ In daardie dae het Mattatias, seun van Johannes, seun van Simeon, 'n priester van die seuns van Joarib afkomstig uit Jerusalem, op die toneel verskyn en in Modein^e gaan woon. ² Hy het vyf seuns gehad: Johannes, wat genoem word Gaddi; ³ Simon, wat genoem word Thassi; ⁴ Judas, wat genoem word Makkabeus; ⁵ Eleasar, wat genoem word Avaran; en Jonatan, wat genoem word Apfus. ⁶ Hy het die godslasterlike dinge gesien wat in Juda en in Jerusalem plaasgevind het ⁷* en gesê:

“Ellendig is ek!

Waarom is ek gebore

om die vernietiging van my volk
en die vernietiging van die heilige stad
te aanskou,

en om daar te woon

terwyl sy in die hand van vyande oorgegee is,
die heiligdom^f in die hand van vreemdelinge?⁸

⁸ Haar tempel het geword soos 'n man sonder eer,

⁹ haar glansryke voorwerpe is as buit weggevoer,

haar babas is in haar strate doodgemaak,

^e2:1 **Modein:** 'n Dorpie ongeveer 32 km noordwes van Jerusalem.

*2:7 Ps 44; 74; 79; Klaagl 2:11

^f2:7 **heiligdom:** Letterlik ‘heilige dinge’, maar die verwysing is na die •tempel in Jerusalem.

⁸2:7 **vreemdelinge:** Dit is 'n persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. •Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

haar jong mans deur die swaard^h van die vyand.

¹⁰ Watter heidennasie het nie haar koninklike skatte in besit geneem en nie oorlogsbuit by haar geneem nie?

¹¹ Sy is van elke versiering gestroop;
in plaas van 'n vry vrou het sy 'n slavin geword.

¹² En kyk, ons heiligdom en ons skoonheid
en ons eer is verwoes;
die heidennasies het dit ontheilig!

¹³ Waarom sal ons nog langer leef?”

¹⁴ Mattatias en sy seuns het hulle klere geskeur. Hulle het klere van sakmateriaalⁱ aangetrek en baie getreur.

Mattatias se verzet

¹⁵ In die stad Modeïn^j het die koning se gesante aangekom wat die inwoners gedwing het om afstand te doen van hulle geloof, sodat hulle kon offer. ¹⁶ Baie uit Israel^k het na hulle gekom, en Mattatias en sy seuns het ook daar byeengekom. ¹⁷ *Die koning se gesante het Mattatias geantwoord en gesê: “U is 'n hoë amptenaar, 'n man van hoë aansien, en belangrik in hierdie stad, en word deur seuns en broers ondersteun.

¹⁸ Gaan nou heel eerste en voer die opdrag van die koning uit, soos al die heidennasies en die mans van Juda en dié wat in Jerusalem agtergebly

^h2:9 **swaard:** Die Griekse woord verwys na 'n lang swaard.

ⁱ2:14 **sakmateriaal:** 'n Growwe, krapperige materiaal gewef van bok- of kameelhaar. Dit is teen die vel gedra as teken van smart of berou.

^j2:15 **Modeïn:** Vgl voetnoot in 1 Mak 2:1.

^k2:16 **Israel:** Die begrippe Hebreërs, Israëliete en Israel word anachronisties in 1 en 2 Mak gebruik om die •Judeërs (inwoners van Juda) ná die ballingskap aan te dui.

*2:17 Dan 11:32

het, gedoen het. Dan sal u en u seuns as Vriende van die Koning¹ gereken word; u en u seuns sal vereer word met silwer en goud en baie geskenke.”¹⁹ Maar Mattatias het geantwoord en in 'n luide stem gesê: “Al luister al die heidennasies wat in die koning se ryksgebied is, na hom, sodat elkeen die godsdiens van sy vaders verlaat en die koning se gebooie verkies,²⁰ sal ek en my seuns en my broers optree volgens die verbond van ons vaders.²¹ Mag God dit verhoed dat ons die Wet^m en die voorskrifte agterweë laat!²² Ons sal nie na die woorde van die koning luister en sodoende regs of links van ons godsdiens afwyk nie.”²³ Net nadat hy hierdie woorde klaar gesê het, het 'n Judeërⁿ voor almal se oë vorentoe gekom om volgens die opdrag van die koning op die altaar in Modein te offer.²⁴ Mattatias het dit gesien; hy was vol ywer en het van verontwaardiging gebewe, en in 'n vlaag van regmatige woede het hy nader gehardloop en die man op die altaar doodgeslaan.²⁵ Hy het terselfdertyd die koningsgesant, wat mense gedwing het om te offer, doodgemaak, en die altaar afgebreek.²⁶ Hy was net so ywerig vir die Wet en het gedoen soos wat Pinehas aan Sambri, seun van Salom, gedoen het.^o²⁷ Mattatias het met 'n luide stem in die stad uitgeroep: “Elkeen wat vol ywer is vir die Wet en die verbond onderhou — laat hom agter my aan uittrek!”²⁸ Toe het hy en sy seuns die berge in gevlug. Hulle het alles wat hulle gehad het, in die stad agtergelaat.

¹**2:18 Vriende ... Koning:** “Vriend van die Koning” was 'n eretitel in die Hellenistiese wêreld wat met sekere regte en verpligtinge verbind was.

^m**2:21 Wet:** Verwys na die •Wet van Moses.

ⁿ**2:23 Judeër:** Dui 'n inwoner van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat teruggekeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

^o**2:26 Pinehas ... gedoen het:** Verwys na Num 25:1-15. Pinehas het vir Simri voor 'n volksvergadering doodgemaak omdat hy 'n Moabiet as vrou gevat het. Daar is ook sprake van afgodsoffers.

Geveg op die Sabbat

²⁹ *Toe het baie wat geregtigheid en reg gesoek het, afgegaan na die woestyn om daar te woon — ³⁰ hulle, hulle seuns, hulle vroue en hulle veekuddes, want die booshede het swaar op hulle gerus. ³¹ Dit is aan die koning se manskappe vertel, asook aan die leërmagte in Jerusalem, die Stad van Dawid, dat sekere mans wat die bevel van die koning verwerp het, na skuilplekke in die woestyn gegaan het. ³² Baie het hulle agternagesit, en toe hulle hulle ingehaal het, het hulle regoor hulle kamp opgeslaan en hulle gereedgemaak vir oorlog teen hulle op die Sabbatdag. ³³ Toe het die koning se manskappe vir hulle gesê: “Tot hiertoe en nie verder nie! Kom uit en voer die bevel van die koning uit, en julle sal lewe.” ³⁴ Maar hulle het gesê: “Ons sal nie uitkom nie, en ook nie die bevel van die koning uitvoer om sodoende die Sabbatdag te ontheilig nie.” ³⁵ Die koning se manskappe^p het hulle toe sonder aarseling aangeval, ³⁶ maar hulle het nie op hulle gereageer nie, nóg 'n klip na hulle gegooi, nóg hulle skuilplekke versper, ³⁷ want hulle het gesê: “Laat ons almal sterf in ons onskuld! Die hemel en die aarde getuig oor ons dat julle ons onregverdig vernietig.” ³⁸ Hulle het hulle op die Sabbatdag aangeval en hulle, sowel as hulle vroue, kinders en veekuddes, het omgekom, ongeveer 'n duisend mense.

Mattatias en sy vriende se geveg

³⁹ Mattatias en sy vriende het dit te wete gekom, en hulle het baie oor hulle getreur. ⁴⁰ Hulle het vir mekaar gesê: “As ons almal maak soos ons broers gemaak het en nie ter wille van ons lewe en ons voorskrifte teen die heidennasies oorlog maak nie, sal hulle ons binnekort van die aarde af verdelg.” ⁴¹ Hulle het op daardie dag besluit: “Elke mens wat op die

*2:29 2 Mak 6:11

^p2:35 *Die koning se manskappe*: Die •bronteks lui “hulle”.

Sabbatdag teen ons oorlog voer, laat ons teen hom oorlog voer. Ons sal sekerlik nie almal doodgaan soos ons broers in hulle skuilplekke omgekom het nie.”

⁴² Toe het 'n groep Gasideërs^q by hulle aangesluit; sterk, magtige manne uit Israel,^r elkeen wat homself vrywillig aan die Wet^s onderwerp het.

⁴³ Elkeen wat van die booshede weggevlug het, is by hulle gevoeg, en het hulle so versterk. ⁴⁴ Hulle het 'n leërmag op die been gebring wat in hulle woede die sondaars en in hulle toorn die wettelose mans verslaan het. Die res het na die heidennasies gevlug om gered te word. ⁴⁵ Mattatias en sy vriende het ook rondgegaan en altare afgebreek. ⁴⁶ Hulle het die onbesnede seuns wat hulle in die gebied van Israel gevind het, met mening besny. ⁴⁷ Hulle het die hoogmoediges^t vervolg, en die werk van hulle hande was voorspoedig. ⁴⁸ Hulle het die Wet uit die hande van die heidennasies en uit die hande van konings teruggeneem, en hulle het vir die sondaar geen mag^u gegee nie.

Dood van Mattatias

(Gen 22:1-18; 39:1 — 45:28; Num 13:1 — 14:10; Jos 1:1-9)

⁴⁹ Die tyd wat Mattatias moes sterf, het nader gekom, en hy het aan sy seuns gesê: “Nou het hoogmoed en teregwysing, asook die tyd van omverwerping en rasende woede, gevestig geraak. ⁵⁰ *En nou, kinders,

^q2:42 **Gasideërs:** Grieks *asidaioi*, is van Hebreeus, *Gasidim*, regverdiges, afgelei en word direk in verband gebring met 'n groep konserwatiewe •Judeërs wat tydens die •Makkabeëroepstand teen •Antiochus IV Epifanes se hellenisering van Palestina opgetree het. Kenmerkend van hierdie groep was hulle geloof in die •Wet van Moses.

^r2:42 **Israel:** Vgl voetnoot in 1 Mak 2:16.

^s2:42 **Wet:** Vgl voetnoot in 1 Mak 2:21.

^t2:47 **hoogmoediges:** Letterlik ‘die seuns van hoogmoed’.

^u2:48 **mag:** Letterlik 'horing'. 'n Dier se horings is beskou as 'n simbool van krag.

*2:50 Sir 2:10

beywer julle vir die Wet,^v en gee julle lewens ter wille van die verbond van ons vaders.⁵¹ Onthou die dae van ons vaders wat hulle deur die geslagte^w verrig het, en mag julle groot eer en 'n ewige naam ontvang!

⁵² * “Is Abraham nie in versoeking getrou bevind, en is dit hom nie tot geregtigheid gereken nie?

⁵³ * Josef het in die tyd van sy verdrukking die gebod gehoorsaam en hy het heerser oor Egipte geword.

⁵⁴ * Pinehas, ons vader, het deur sy vurige ywer vir God^x die verbond van ewige priesterskap^{*} ontvang.

⁵⁵ * Omdat Josua sy opdrag vervul het, het hy 'n rigter^y in Israel^z geword.

⁵⁶ * Kaleb het die land as erfdeel ontvang omdat hy in die volksvergadering getuienis gelewer het.

⁵⁷ * Dawid het deur sy barmhartigheid die troon van die koninkryk vir altyd geërf.

⁵⁸ * Elia is as gevolg van sy vurige ywer vir die Wet in die hemel opgeneem.

^v2:50 **Wet:** Vgl voetnoot in 1 Mak 2:21.

^w2:51 **deur die geslagte:** Letterlik ‘in hulle geslagte’. Dit druk hier tydsduur uit.

^{*}2:52 Gen 15:6; 22:1-8

^{*}2:53 Gen 39:7-20; 41:40-41

^{*}2:54 Sir 45:23-25

^x2:54 **vurige ... God:** Die •bronteks lui “vurige ywer”, die •Vulgaat voeg “vir God” by.

^{*}2:54 **priesterskap:** 1 Mak 3:49

^{*}2:55 Eks 17:9-13; Num 27:18-23; Jos 1:1-9

^y2:55 **rigter:** Dieselfde woord word vir beide “rigter” en “regter” in Grieks gebruik.

^z2:55 **Israel:** Vgl voetnoot in 1 Mak 2:16.

^{*}2:56 Num 14:6-9,24; Jos 14:13-14

^{*}2:57 2 Sam 7:16

^{*}2:58 1 Kon 18:20-40; 19:10; 2 Kon 2:11

⁵⁹ Ananias, Asarias en Misael^a is uit die vlamme gered omdat hulle geglo het.

⁶⁰ *Daniël is deur sy onskuld uit die mond van die leeus gered.

⁶¹ “Leer en verstaan dan uit geslag ná geslag dat almal wat op Hom hoop, nie swak sal wees nie. ⁶² Moenie bang wees vir die woorde van 'n sondige man nie, want sy heerlikheid verander in mis en wurms.

⁶³ Vandag mag hy geëer word, maar môre sal hy nie meer gevind word nie, omdat hy tot sy stof teruggekeer het, en sy gedagtes sal vergaan.

⁶⁴ Kinders, wees manhaftig en staan vas in die Wet, want daardeur sal julle eer verkry. ⁶⁵ Kyk, ek weet dat julle broer Simeon 'n wyse raadsman is. Luister altyd na hom. Hy sal vir julle 'n vader wees. ⁶⁶ Trouens, Judas Makkabeus was van jongs af buitengewoon magtig. Hy sal vir julle 'n bevelvoerder wees en hy sal die geveg veg^b teen die volke. ⁶⁷ *En julle, versamel al dié wat die Wet onderhou by julle en wreek die wraak^c van julle volk. ⁶⁸ Vergeld die vergelding^d teenoor die heidennasies en hou vas aan die opdragte van die Wet.”

⁶⁹ Hy het hulle geseën en is by sy vaders neergelê. ⁷⁰ Hy het in die honderd-ses-en-veertigste jaar^e gesterf en hy is in die graf van sy vaders

^a**2:59 Ananias, Asarias en Misael:** Dit is die Griekse vorme van die name van Daniël se drie vriende, wat in Hebreeus lui “Gananja”, “Asarja” en “Misael”; vgl Dan 1:6-7; 3:1-30.

***2:60** Dan 6:15-23

^b**2:66 die geveg veg:** Dit is 'n stylfiguur in die •bronteks.

***2:67** Deut 32:40-43

^c**2:67 wreek die wraak:** Dit is 'n stylfiguur in die bronteks.

^d**2:68 Vergeld die vergelding:** Dit is 'n stylfiguur in die bronteks.

^e**2:70 146ste jaar:** Ongeveer 167 of 166 vC.

in Modein^f begrawe, en die hele Israel^g het met 'n diepe rou oor hom gerou.^h

3

Judas Makkabeus se leierskap

(2 Mak 8:1-7)

¹ Sy seun Judas, wat Makkabeusⁱ genoem is, het in sy plek na vore getree. ² Al sy broers het hom gehelp, en ook almal wat by sy vader aangesluit het. Hulle het met blydskap die oorlog namens Israel^j voortgesit.

³ En hy het sy volk se eer laat toeneem.
Soos 'n reus het hy sy borsplaat aangetrek;
hy het sy oorlogswapens aangeord;
hy het oorloë gevoer en sy kamp
met die swaard beskerm.

⁴ En hy was soos 'n leeu in sy optrede,
soos 'n leeuwelpie wat brul vir sy prooi.

⁵ En hy het die wetteloses opgespoor
en agternagesit;
dié wat moeilikheid vir sy volk veroorsaak het,
het hy aan die brand gestee.

⁶ En die wetteloses het gebewe
uit vrees vir hom;

^f2:70 **Modein**: Vgl voetnoot in 1 Mak 2:1.

^g2:70 **Israel**: Vgl voetnoot in 1 Mak 2:16.

^h2:70 **met ... gerou**: Dit is 'n stylfiguur in die bronteks.

ⁱ3:1 **Judas ... Makkabeus**: 166-160 vC.

^j3:2 **Israel**: Die begrippe Hebreërs, Israeliete en Israel word anachronisties in 1 en 2 Mak gebruik om die •Judeërs (inwoners van Juda) ná die ballingskap aan te dui.

al die werkers van ongeregtigheid
is van stryk gebring,
en die verlossing deur sy hand was geslaagd.
⁷ En hy het baie konings bitter kwaad gemaak,
maar Jakob het hy met sy werke bly gemaak.
Sy nagedagtenis is vir ewig geseënd!
⁸ En hy het Juda se stede deurkruis,
die goddeloses uit die gebied uitgeroei.
Hy het die woede van Israel afgewend.
⁹ En sy naam het bekend geword
tot aan die einde van die aarde,
en dié wat besig was om te vergaan,
het hy bymekaargebring.

Val van Apollonius

¹⁰ *Apollonius het die heidennasies byeengebring en 'n groot leërmag uit Samaria versamel om teen Israel^k oorlog te maak. ¹¹ *Toe Judas dit agterkom, het hy hom tegemoetgegaan. Hy het hom 'n hou toegedien en doodgemaak. Baie het verwond neergeval en gesneuwel, en die res het gevlug. ¹² Hulle het hulle oorlogsbuit afgeneem, en Judas het die swaard van Apollonius geneem, en daarmee het hy die res van sy lewe oorlog gemaak.

Val van Seron

¹³ Seron, die bevelvoerder van die Siriese leërmag, het gehoor dat Judas 'n versameling mense versamel^l het, 'n groepering lojale mense om saam

***3:10** 1 Mak 1:29; 2 Mak 5:24

^k**3:10** *Israel*: Vgl voetnoot in 1 Mak 3:2.

***3:11** 2 Mak 8:1-7

^l**3:13** *versameling ... versamel*: Dit is 'n stylfiguur in die •bronteks.

met hom uit te gaan om te veg. ¹⁴ Hy het gesê: “Ek sal vir myself 'n naam maak en eer in die koninkryk verwerf, en ek sal oorlog maak teen Judas en diegene saam met hom wat die koning se bevel verag.” ¹⁵ 'n Sterk leërafdeling goddelose mense het hulle by hom gevoeg en saam met hom opgetrek om hom te help om hom op die Israeliete^m te wreek. ¹⁶ Hy het die hoogte van Bet-Goron genader, en Judas het hom met 'n klein groepie manne tegemoetgegaan.

¹⁷ Toe hulle die leërafdeling sien wat hulle tegemoetkom, sê hulle vir Judas: “Hoe kan ons, wat so min is, oorlog maak teen so 'n sterk menigte? Boonop is ons swak, want ons het nie vandag geëet nie.”

¹⁸ *Maar Judas het gesê: “Dit is maklik om baie deur min hande in bedwang te hou.ⁿ Voor die Hemel^o is daar nie 'n verskil om deur baie of deur min gered te word nie, ¹⁹ want oorwinning in oorlog hang nie af van die grootte van 'n leërmag nie, maar van die krag wat uit die Hemel kom. ²⁰ Hulle trek met groot oormoed en wetteloosheid op teen ons om ons, ons vroue en ons kinders te vernietig en ons te plunder; ²¹ maar ons, ons veg ter wille van ons lewens en ons voorskrifte. ²² Hy, Hy sal hulle voor ons aangesig verpletter. Maar julle, julle moenie vir hulle bang wees nie.” ²³ Toe hy klaar gepraat het, het hy die vyand skielik aangeval. Seron en sy leërafdeling is voor sy oë verpletter. ²⁴ Hulle het hom teen die helling van Bet-Goron af tot op die vlakke agtervolg. Ongeveer agthonderd van Seron se manskappe het gesneuwel. Die res het na die land van die Filistyne gevlug.

^m3:15 *Israeliete*: Vgl voetnoot in 1 Mak 3:2.

*3:18 Rig 7:2 — 8:12; 1 Sam 14:6

ⁿ3:18 *in ... te hou*: Letterlik ‘te omsluit’.

^o3:18 *Hemel*: Die skrywer het direkte verwysings na God of sy Naam probeer vermy. “Hemel” is in hierdie vers 'n verwysing na God en daarom word dit met 'n hoofletter geskryf.

Antioqus se voorbereidings vir oorlog

²⁵ Vrees het begin posvat vir Judas en sy broers, en angs het die heidennasies rondom hulle oorval. ²⁶ Sy reputasie het die ore van die koning bereik, en die heidennasies het oor Judas se veldslae gepraat. ²⁷ Toe koning Antioqus hierdie berigte hoor, was hy woedend en het hy 'n boodskap uitgestuur en al die leërmagte van sy koninkryk bymekaargemaak. Dit was 'n baie sterk leërafdeling. ²⁸ Hy het sy skatkamer oopgemaak, 'n jaar se soldy aan sy leërmagte oorhandig en hulle beveel om gereed te wees vir enige gebeurlikheid. ²⁹ Maar hy het gesien dat die geld in sy skatkis uitgeput en die belasting van die land min was, as gevolg van die onenigheid en die onheil wat hy in die land veroorsaak het deur die voorskrifte op te hef wat al van die begin af^p bestaan het. ³⁰ Hy was bang dat hy, soos wat een of twee keer gebeur het, nie genoeg sou hê vir al die uitgawes en die geskenke wat hy voorheen altyd mildelik uitgedeel^q het nie, want hy was vrygewiger as al die konings voor hom. ³¹ Hy was baie onseker in sy gemoed en besluit toe om na Persië te gaan en die belasting van dié gebiede in te vorder en baie geld in te samel. ³² Hy het Lisias, 'n man van hoë aansien en uit die koninklike geslag, in beheer gelaat van die koning se sake — vanaf die Eufraatrivier^r tot by die grense van Egipte — ³³ en hy moes ook sy seun, Antioqus,^s grootmaak totdat hy terugkom. ³⁴ Hy het die helfte van sy leërmagte en sy olifante aan Lisias^t oorhandig, en aan hom opdrag gegee oor alles wat hy gedoen wou hê, asook oor die inwoners van Juda en

^p3:29 *van die begin af*: Letterlik ‘van die eerste dae af’.

^q3:30 *mildelik uitgedeel*: Letterlik ‘n milde hand’.

^r3:32 *Eufraatrivier*: In die tyd van die Ou Testament het die Eufraat deur die ryke van Babilonië en Assirië, vyande van Israel, gevloei.

^s3:33 *Antioqus*: Antioqus V, 164-162 vC.

^t3:34 *Lisias*: Die •bronteks lui “hom”.

Jerusalem -- ³⁵ om 'n leërmag uit te stuur teen hulle, om die krag van Israel^u en die oorblyfsel van Jerusalem uit te roei en te vernietig; om die plek te stroop van enige herinneringe aan hulle. ³⁶ Daarna moes hy in al hulle streke uitlanders^v laat woon, en hulle land onder hulle verdeel. ³⁷ Die koning het die helfte van die leërmagte wat oorgebly het, geneem en in die honderd-sewe-en-veertigste jaar^w vanaf Antiogië, die hoofstad van sy koninkryk, vertrek. Hy het die Eufraatrivier oorgesteek en deur die noordoostelike gebiede marsjeer.

Lisias se veldtog teen Juda

(2 Mak 8:8-15)

³⁸ *Lisias het vir Ptolemeus, seun van Dorumenes, asook Nikanor en Gorgias, bevoegde mans uit die Vriende van die Koning,^x uitgekies. ³⁹ Hy het veertigduisend manskappe en seweduisend perderuiters saam met hulle gestuur om na die land van Juda te gaan en dit volgens die bevel van die koning te vernietig. ⁴⁰ Hy het saam met hulle hele leërmag vertrek en hulle het naby Ammaous^y op die vlakte kamp opgeslaan. ⁴¹ Die handelaars van die streek het van hulle reputasie gehoor, en silwer en baie groot hoeveelhede goud, sowel as boeie, geneem en na die kamp

^u**3:35 Israel:** Die begrippe Hebreërs, Israeliete en Israel word anachronisties in 1 en 2 Mak gebruik om die •Judeërs (inwoners van Juda) ná die ballingskap aan te dui.

^v**3:36 uitlanders:** Persone uit 'n ander land wat sonder enige regte in die land gewoon het.

^w**3:37 147ste jaar:** Ongeveer 166 of 165 vC; vgl 1 Mak 6.

^{*}**3:38** 1 Mak 7:26-46; 2 Mak 4:45

^x**3:38 Vriende ... Koning:** “Vriend van die Koning” was 'n eretitel in die Hellenistiese wêreld wat met sekere regte en verpligtinge verbind was.

^y**3:40 Ammaous:** Waarskynlik nie Emmaus (Luk 24:13) nie, maar 'n dorpie ongeveer 32 km wes van Jerusalem op pad na Joppe op die grens van die heuwels van Judea.

gegaan om die Israeliete^z as slawe te koop. 'n Leërmag uit Sirië^a en uit die land van die vreemdelinge^b het ook by hulle aangesluit.

Aanval deur Antiogus

⁴² Judas en sy broers het gesien dat die situasie versleg en dat die leërmagte in hulle gebied kamp opslaan. Hulle het die opdragte van die koning geken, wat hy beveel het om aan die volk te doen, om hulle te verwoes en te vernietig. ⁴³ Maar elkeen het vir die een langs hom gesê: “Laat ons die ruïne van ons volk herbou en laat ons ter wille van ons volk en die heiligdom^c oorlog voer.” ⁴⁴ Die groep het byeengekom om gereed te maak vir oorlog en om te bid en om genade en ontferming te smek.

⁴⁵ * Jerusalem was onbewoon,
soos 'n woestyn;
daar was niemand uit haar nakomelinge
wat ingegaan of uitgegaan het nie;
die heiligdom was vertrap
en die seuns van vreemdelinge^d was in die vesting —
dit was vir die heidennasies 'n woonplek.
Vreugde is Jakob ontnem
en fluit en lier het opgehou speel.

^z3:41 *Israeliete*: Vgl voetnoot in 1 Mak 3:35.

^a3:41 *Sirië*: Waarskynlik Idumea aangesien Sirië (Aram) en Idumea (Edom) in die oorspronklike Hebreeus verwar kon word.

^b3:41 *vreemdelinge*: Kan ook vertaal word “Filistyne”.

^c3:43 *heiligdom*: Letterlik ‘heilige dinge’, maar die verwysing is na die •tempel in Jerusalem.

*3:45 Dan 8:13

^d3:45 *vreemdelinge*: Dit is 'n persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. •Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

⁴⁶ *Hulle het bymekaargekom en na Mispa^e oorkant Jerusalem gegaan, want in Mispa was daar vroeër 'n plek van gebed vir Israel.^f ⁴⁷ Hulle het op daardie dag gevas, en het growwe klere van sakmateriaal aangetrek, as^g op hulle koppe gegooi en hulle klere geskeur. ⁴⁸ Hulle het die boekrol van die Wet^h oopgemaak om kennis in te win oor dié dinge waaroor die heidennasies hulle afgodsbeelde altyd geraadpleeg het. ⁴⁹ Hulle het ook die klere van die priesteramp, die eerste vrugte en die tiendes gebring, en die •Nasireërs wat hulle dae voltooi het,ⁱ byeengeroep. ⁵⁰ Hulle het na die hemel uitgeroep en gesê:

“Wat moet ons met hierdie dinge maak,
en waarheen moet ons dit wegneem?

⁵¹ U heiligdom is vertrap en ontheilig,
en u priesters is in rou en vernedering gedompel.

⁵² Kyk! Die heidennasies het teen ons saamgespan
om ons uit te roei.

U, U weet mos wat hulle teen ons beplan.

⁵³ Hoe sal ons voor hulle staande kan bly
as U ons nie help nie?”

***3:46** 2 Mak 8:16-23

^e**3:46 Mispa:** 'n Aanbiddingsplek in Israel, ongeveer 12½ km noordwes van Jerusalem.

^f**3:46 Israel:** Vgl voetnoot in 1 Mak 3:35.

^g**3:47 sakmateriaal ... as:** As teken van rou, het hulle growwe klere van bokhare aangetrek en as op hulle koppe gegooi.

^h**3:48 Wet:** Verwys na die •Wet van Moses.

ⁱ**3:49 Nasireërs ... voltooi het:** Die •Nasireërs moes aan die einde van 'n vasgestelde tydperk offers bring. Dit was slegs moontlik om hierdie offers in die tempel in Jerusalem te bring.

⁵⁴ Hulle het op trompette geblaas en hard geskreeu. ⁵⁵ Ná hierdie dinge het Judas aanvoerders oor die volk aangestel — oor duisend, oor honderd, oor vyftig, en oor tien. ⁵⁶ *Hy het aan hulle wat besig was om huise te bou, wat aan vroue verloof was, wat wingerde aan die plant was, en aan dié wat bang was, gesê om terug te gaan, elkeen na sy huis toe, volgens die Wet.

⁵⁷ Die leërafdeling het vertrek en suid van Ammaous^j kamp opgeslaan.

⁵⁸ Judas het gesê: “Omgord julleself en wees dapper, en wees vroeg die oggend gereed om oorlog te maak teen hierdie heidennasies wat teen ons saamgetrek het om ons en ons heiligdom te vernietig; ⁵⁹ want dit is vir ons beter om in die oorlog te sterf as om die ellende van ons volk en ons heiligdom te aanskou. ⁶⁰ Maar soos dit die wil in die hemel is — laat Hy so doen.”

4

Oorwinning oor Gorgias

(2 Mak 8:21-29,34-36)

¹ Gorgias het vyfduisend manskappe en eenduisend uitgesoekte perderuiters geneem, en die leërafdeling het gedurende die nag vertrek, ² sodat hulle die leërafdeling van die Judeërs^k onverhoeds kon oorval en verslaan. Mans van die vesting het vir hulle as gidse opgetree. ³ Judas het dit egter gehoor, en hy en sy manskappe het vertrek om die leërmag van

***3:56** Deut 20:5-8

^j**3:57 Ammaous:** Vgl voetnoot in 1 Mak 3:40

^k**4:2 Judeërs:** Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat terugkeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

die koning wat in Ammaous¹ was, aan te val, ⁴ terwyl die leërmagte nog weg van die kamp ontplooi was. ⁵ Gorgias het gedurende die nag in Judas se kamp ingegaan, maar niemand gevind nie. Toe het hy hulle in die berge gaan soek, want hy het gesê: “Hierdie mense vlug van ons af weg!”

⁶ Teen dagbreek het Judas met drieduisend manskappe in die laagte verskyn, maar hulle het nie beskik oor die harnasse en swaarde wat hulle nodig gehad het nie. ⁷ Hulle het die goed ingerigte, verskanste kamp van die heidennasies gesien, terwyl perderuiters wat vir oorlog opgelei was, dit gepatrolleer het. ⁸ Judas het vir die manskappe saam met hom gesê: “Moenie hulle groot getalle vrees of vir hulle aanslag bang wees nie. ⁹ * Julle moet onthou hoe ons vaders in die Rooi See gered is toe Farao hulle met sy leërmag agtervolg het. ¹⁰ Laat ons nou na die Hemel^m roep of Hy ons goedgesind sal wees, en die verbond van ons vaders sal onthou en hierdie leërafdeling vandag voor ons verpletter. ¹¹ Dan sal al die heidennasies weet dat Hy die Verlosser en Redder van Israelⁿ is.” ¹² Toe die vreemdelinge^o opkyk, het hulle diegene saam met Judas van die ander kant af na hulle sien aankom. ¹³ Hulle het uit die kamp gegaan vir die geveg. Diegene saam met Judas het op trompette geblaas ¹⁴ en hulle aangeval. Die heidennasies is verpletter en het die vlakte in gevlug,

¹**4:3 Ammaous:** Waarskynlik nie Emmaus (Luk 24:13) nie, maar 'n dorpie ongeveer 32 km wes van Jerusalem op pad na Joppe op die grens van die heuwels van Judea.

* **4:9** Eks 14:21-29

^m**4:10 Hemel:** Die skrywer het direkte verwysings na God of sy Naam probeer vermy. “Hemel” is in hierdie vers 'n verwysing na God en daarom word dit met 'n hoofletter geskryf.

ⁿ**4:11 Israel:** Die begrippe Hebreërs, Israëliete en Israel word anachronisties in 1 en 2 Mak gebruik om die •Judeërs (inwoners van Juda) ná die ballingskap aan te dui.

^o**4:12 vreemdelinge:** Kan ook vertaal word “Filistyne”.

¹⁵ maar dié wat agtergebly het, het almal deur die swaard^p gesneuwel. En Judas se leërmag het hulle tot by Gaseron^q en tot by die vlaktes van Idumea en Asdod en Jamnia agtervolg, en ongeveer drieduisend van Gorgias se manskappe het gesneuwel. ¹⁶ Judas en sy leërmag het van die agtervolging af teruggekeer, ¹⁷ en hy het vir die volk gesê: “Moenie die oorlogsbuit begeer nie, want daar lê 'n oorlog vir ons voor. ¹⁸ Gorgias en sy leërmag is naby ons op die berg, maar staan nou vas teen ons vyande en veg teen hulle, en neem daarna met vrymoedigheid die oorlogsbuit.” ¹⁹ Terwyl Judas nog besig was om te praat, is 'n groep verkenners wat uit die berg spioeneer, gewaar. ²⁰ Hulle het gesien dat Gorgias se leërafdeling^r op die vlug geslaan het, en dat die Judeërs^s besig was om die kamp te verbrand; want uit die rook wat hulle gesien het, was dit duidelik wat gebeur het. ²¹ Toe hulle dit sien, het hulle vreesbevange geraak; en toe hulle boonop ook Judas se leërafdeling in die vlakte sien, gereed vir oorlog, ²² het hulle almal na die land van die vreemdelinge^t gevlug. ²³ Judas het teruggegaan vir die oorlogsbuit in die kamp. Hulle het baie goud en silwer, donkerblou en turkoois kledingstowwe en 'n groot skat buitgemaak. ²⁴ *Met hulle terugkeer het hulle aangehou om lofliedere en lofsange tot die Hemel^u te rig: “Want Hy is goed; want sy genade duur tot in ewigheid!”* ²⁵ 'n Groot verlossing het daardie dag vir Israel plaasgevind.

^p4:15 *swaard*: Verwys na 'n lang swaard.

^q4:15 *Gaseron*: Geser in die OT, 8 km noordwes van Emmaus.

^r4:20 *Gorgias se leërafdeling*: Die •bronteks lui “hulle”.

^s4:20 *Judeërs*: Die bronteks lui “hulle”; vgl voetnoot in 1 Mak 4:2.

^t4:22 *vreemdelinge*: Vgl voetnoot in 1 Mak 4:12.

* 4:24 1 Kron 16:34

^u4:24 *Hemel*: Vgl voetnoot in 1 Mak 4:10.

* 4:24 *Want ... ewigheid*: Ps 118:1; 136

Nederlaag van Lisias

(2 Mak 11:1-12)

²⁶ Diegene van die vreemdelinge^v wat ongedeerd weggekom het, het alles wat gebeur het vir Lisias gaan vertel. ²⁷ Toe hy dit hoor, was hy verward en ontmoedig, want wat hy wou gehad het, en wat die koning hom beveel het, het nie met Israel^w gebeur nie. ²⁸ In die volgende jaar het hy sestigduisend uitgesoekte manskappe en vyfduisend perderuiters bymekaar laat kom om teen hulle oorlog te maak. ²⁹ Hulle het in Idumea ingegaan en in Bet-Sur^x kamp opgeslaan. Judas het hulle met tienduisend manskappe tegemoetgegaan. ³⁰ *Hy het gesien dat die leërafdeling sterk is en gebid en gesê:

“Lofwaardig is U, Verlosser van Israel,
wat die aanslag van die magtige man^y
deur die hand van u kneg Dawid verydel het,
en die leërafdeling van die vreemdelinge
in die hand van Jonatan, seun van Saul,
en sy wapendraer oorgelewer het.

³¹ Omsluit hierdie leërafdeling vandag só
deur die hand van u volk Israel,
en laat hulle skaam kry
oor hulle leërmag en perderuiters.

³² Maak hulle lafhartig,

^v4:26 *vreemdelinge*: Vgl voetnoot in 1 Mak 4:12.

^w4:27 *Israel*: Vgl voetnoot in 1 Mak 4:11.

^x4:29 *Bet-Sur*: 'n Belangrike grensdorp, 24 km suid van Jerusalem, en die Makkabeërs goedgesind.

^{*}4:30 1 Sam 17:20-51; 14:1-23

^y4:30 *magtige man*: Verwys waarskynlik na Goliat; vgl 1 Sam 17.

laat hulle vertrouwe in hulle krag wegs melt,
en laat hulle geruk word deur hulle vernietiging.

³³ Slaan hulle plat met die swaard
van hulle wat U liefhet,
en laat almal wat u Naam ken,
U met lofgesange prys.”

³⁴ Hulle het mekaar aangeval, en ongeveer vyfduisend manskappe van Lisias se leërafdeling het gesneuwel; hulle het in man-tot-man-gevegte gesneuwel. ³⁵ Toe Lisias die verpletterende neerlaag van sy linie sien en hoe dapper Judas opgetree het, en hoe Judas se leërmag so toegeneem het in onverskrokkenheid dat hulle bereid was om te lewe of te sterwe, het hy na Antiogië teruggetrek en 'n groot aantal huursoldate gewerf om weer teen Juda op te ruk.

Inwyding van die heiligdom

(2 Mak 10:1-9)

³⁶ * Judas en sy broers het gesê: “Kyk, ons vyande is verpletter. Kom ons gaan op om die heiligdom^z te reinig en in te wy.” ³⁷ Die hele leërafdeling het bymekaargekom en na die berg Sion opgegaan. ³⁸ * Hulle het gesien dat die heiligdom verlate was, met die altaar ontheilig en die deure afgebrand, en dat die binnehowe digbegroei was met plante soos in 'n bos of op een van die berge, en ook dat die priesters se kwartiere afgebreek was. ³⁹ Hulle het hulle klere geskeur, baie gerou en as op hulleself gestrooi. ⁴⁰ Hulle het met hulle gesigte op die grond geval, as 'n

* **4:36** Dan 9:1-2

^z**4:36 heiligdom:** Letterlik ‘heilige dinge’, maar die verwysing is na die •tempel in Jerusalem.

* **4:38** Ps 74:3-8; 1 Mak 1:39-40; 2 Mak 1:8

teken op die trompette geblaas, en tot die Hemel^a uitgeroep. ⁴¹ Toe het Judas die manskappe beveel om teen dié wat in die vesting is, te veg totdat hy die heiligdom gereinig het. ⁴² Hy het priesters van onbesproke gedrag, toegewy aan die Wet,^b gekies. ⁴³ Hulle het die heiligdom gereinig en die verontreinigde klippe na 'n •onrein plek verwyder. ⁴⁴ Hulle het beraadslaag oor wat hulle moes doen met die ontheiligde brandofferaltaar. ⁴⁵ Die goeie idee het by hulle opgekom om dit af te breek, sodat dit nie vir hulle tot skande sou strek omdat die heidennasies dit verontreinig het nie. Hulle het die altaar afgebreek ⁴⁶ * en die klippe op 'n geskikte plek op die tempelberg gebêre, totdat 'n profeet kon kom om daarvoor uitspraak te lewer. ⁴⁷ * Hulle het heel klippe geneem, soos die Wet vereis, en 'n nuwe altaar gebou, net soos die vorige een. ⁴⁸ Hulle het die heiligdom gebou en die binnekant van die tempel en die binnehowe geheilig. ⁴⁹ * Hulle het nuwe heilige bybehore gemaak en die lampstaander, die wierookaltaar en die tafel in die tempel ingedra. ⁵⁰ Hulle het wierook op die altaar gebrand en die lampe op die lampstaander aangesteek, en dit het in die tempel geskyn. ⁵¹ Hulle het brode op die tafel geplaas en die gordyne opgehang. En hulle het al die take wat hulle onderneem het, voltooi. ⁵² Op die vyf-en-twintigste dag van die negende maand, dit is die maand Kislef,^c van die honderd-agt-en-veertigste jaar,^d het hulle vroeg die oggend opgestaan, ⁵³ * en in ooreenstemming met die Wet 'n offerande geoffer op die nuwe

^a4:40 **Hemel:** Vgl voetnoot in 1 Mak 4:10.

^b4:42 **Wet:** Verwys na die •Wet van Moses.

* 4:46 Deut 18:15; 1 Mak 14:41; 9:27

* 4:47 Eks 20:25; Deut 27:5-6

* 4:49 1 Mak 1:21-22

^c4:52 **Kislef:** Waarskynlik die maand Desember; •Maande.

^d4:52 **148ste jaar:** Waarskynlik 14 Desember 164 vC.

* 4:53 Eks 29:38-42

brandofferaltaar wat hulle gebou het. ⁵⁴ *Op dieselfde tydstip en dag waarop die heidennasies die altaar ontheilig het, is dit met liedere, sities, liere en simbale ingewy. ⁵⁵ Die hele volk het op hulle aangesig geval en die Hemel wat hulle voorspoedig gemaak het, aanbid en geprys. ⁵⁶ Hulle het agt dae lank die altaar ingewy. Hulle het met vreugde brandoffers en offers van verlossing en lofprysing gebring. ⁵⁷ Hulle het die voorkant van die tempel met goue krone en skilde versier en die hekke en die kamers vir die priesters ingewy en ook van deure voorsien. ⁵⁸ Daar was baie groot blydschap onder die volk, en die bespotting deur die heidennasies is tot niet gemaak. ⁵⁹ *Judas en sy broers en die hele volksvergadering van Israel^e het bepaal dat die dae van die inwyding^f van die altaar in hulle tyd elke jaar agt dae lank, vanaf die vyf-en-twintigste van die maand Kislef, met blydschap en vreugde gevier moet word.

⁶⁰ In daardie tyd het hulle hoë mure en sterk torings rondom die berg Sion gebou, sodat die heidennasies nie kon kom en dit vertrap soos hulle vantevore gemaak het nie. ⁶¹ Hy^g het 'n leërmag daar ontplooi om dit te beskerm en Bet-Sur^h versterk om dit te beveilig, sodat die volk 'n vesting kon hê wat na Idumea front.

* **4:54** Esra 6:16; Ps 30:1

* **4:59** 2 Mak 1:9

^e**4:59** *Israel*: Vgl voetnoot in 1 Mak 4:11

^f**4:59** *inwyding*: Die Fees van die Tempelwyding was 'n Joodse fees ter herdenking van die herwyding van die tempel op 25 •Kislef (ongeveer Desember) in 164 vC; •Feeste.

^g**4:61** *Hy*: Judas.

^h**4:61** *Bet-Sur*: Vgl voetnoot in 1 Mak 4:29.

5

Heidene se verset

(2 Mak 10:14-33)

¹ Toe die omliggende heidennasies hoor dat die altaar gebou en die heiligdom weer soos voorheen ingewy is, was hulle baie kwaad. ² Hulle het besluit om die nageslag van Jakob wat in hulle midde was, te vernietig, en hulle het begin om van die volk dood te maak en hulle uit te dryf. ³ Judas het teen die seuns van Esau in Idumea, by Akrabattene, oorlog gemaak, want hulle het Israelⁱ aanhoudend beleër. Hy het hulle 'n groot slag toegedien, hulle verneder en oorlogsbuit geneem. ⁴ Hy het ook die bose optrede onthou van die seuns van Baian, wat vir die volk 'n valstrik en 'n struikelblok was, omdat hulle vir hulle hinderlae op die paaie gestel het. ⁵ Hy het hulle in torings vasgekeer, waarna hy teen hulle laer getrek, 'n vloek oor hulle uitgespreek^j en toe die stadstorings, met almal wat binne-in was, aan die brand gesteek het. ⁶ Toe het hy oorgegaan na die seuns van Ammon. Daar het hy 'n sterk mag en 'n groot groep mense aangetref, en Timoteus was hulle leier. ⁷ Judas het talle oorloë teen hulle gevoer. Hulle is voor hom verpletter en hy het hulle verslaan. ⁸ Hy het Jaser en sy dogterstede^k ingeneem en teruggekeer na Juda.

ⁱ5:3 **Israel:** Die begrippe Hebreërs, Israeliete en Israel word anachronisties in 1 en 2 Mak gebruik om die •Judeërs (inwoners van Juda) ná die ballingskap aan te dui.

^j5:5 **'n vloek ... uitgespreek:** Hiermee word nie 'n vloek wat verbind is met heksery of towerkrag bedoel nie, maar eerder 'n vasbeslotenheid om sy teenstanders uit te wis.

^k5:8 **dogterstede:** Letterlik 'dogters'. Kleiner nedersettings of dorpe in die omgewing van 'n groter stad.

Israel in Gilead en Galilea

(2 Mak 12:10-25)

⁹ Toe het die heidennasies wat in Gilead was, teen Israel^l in hulle gebied saamgetrek om hulle te vernietig, maar Israel het na die vesting in Datema gevlug. ¹⁰ Hulle het briewe na Judas en sy broers gestuur wat lui: “Die heidennasies rondom ons het teen ons saamgetrek om ons te vernietig, ¹¹ en hulle maak gereed om te kom en die vesting in te neem waarheen ons gevlug het om te skuil. Timoteus is die aanvoerder van hulle leërmag. ¹² Kom dan nou, red ons uit hulle hand, want 'n groot menigte van ons het gesneuwel. ¹³ Al ons broers wat in die gebied van Tob was, is doodgemaak, en die vyand^m het hulle vroue, kinders en besittings buitgemaak; en hulle het daar omtrent eenduisend mans doodgemaak.” ¹⁴ Hulle was nog besig om die briewe te lees, toe kom daar skielik ander boodskappers uit Galilea wat hulle klere skeur en met die volgende woorde ¹⁵ sê dat die mense uit Ptolemaïsⁿ en Tirus en Sidon en die hele Galilea van die vreemdelinge^o teen hulle versamel het “om ons uit te wis”. ¹⁶ Toe Judas en die volk hierdie woorde hoor, is 'n groot volksvergadering byeengeroep om te beraadslaag oor wat hulle vir hulle broers wat in verdrukking is en deur die vyand^p aangeval word, kon doen. ¹⁷ Judas het vir sy broer Simon gesê: “Kies vir jou manne, red jou broers wat in Galilea is; ek en my broer Jonatan sal na Gilead gaan.” ¹⁸ Hy het Josef, die seun van Sagaria, en Asarja, 'n aanvoerder van die volk, saam met die res van die leërmag agtergelaat as beskerming, ¹⁹ en hulle beveel: “Neem die bevel oor hierdie volk oor, maar moenie teen die

^l5:9 *Israel*: Vgl voetnoot in 1 Mak 5:3.

^m5:13 *die vyand*: Letterlik ‘hulle’.

ⁿ5:15 *Ptolemaïs*: Die stad Akko.

^o5:15 *vreemdelinge*: Kan met “Filistyne” vertaal word.

^p5:16 *die vyand*: Letterlik ‘hulle’.

heidennasies oorlog maak totdat ons terugkeer het nie.”²⁰ Aan Simon is drieduisend manskappe toegesê om na Galilea te gaan, en aan Judas agtduisend manskappe om na Gilead te gaan.

Simon se hulp aan Israel in Galilea

²¹ Simon het Galilea binnegetrek en baie oorloë teen die heidennasies gevoer, en die heidennasies is voor hom verpletter. ²² Hy het hulle agtervolg tot by die poort van Ptolemaïs.^q Van die heidennasies het ongeveer drieduisend manskappe gesneuwel, en hy het oorlogsbuit geneem. ²³ Hy het die mense uit Galilea en in Arbatta saam met hulle vroue en kinders en alles wat hulle gehad het, saamgeneem, en hulle met groot blydskap na Juda gelei.

Judas en Jonatan se hulp aan Israel in Gilead

²⁴ Judas Makkabeus en sy broer Jonatan het die Jordaan oorgesteek en 'n drie dae lange reis in die woestyn onderneem. ²⁵ Hulle het die Nabateërs^f teengekom, wat hulle vreedsaam ontmoet het, en het hulle alles vertel wat met hulle broers in Gilead gebeur het, ²⁶ dat baie van hulle in Bosorra, Beser, in Alema, Gasfo, Maked en Karnajin vasgevang is — al hierdie stede was versterk en groot — ²⁷ asook dat hulle ook in die res van die stede van Gilead vasgevang is, en dat die vyand^s hulle manskappe opgestel het om die vestings die volgende dag aan te val en in te neem, om hulle almal binne een dag uit te wis. ²⁸ Judas en sy leërafdeling het onmiddellik met die woestynpad langs na Bosorra

^q5:22 *Ptolemaïs*: Vgl voetnoot in 1 Mak 5:15.

^f5:25 *Nabateërs*: 'n Groepering uit die Arabiese koninkryk, Nabatea, in die gebiede, Sirië, Jordanië en Suid-Palestina. Hulle het die Makkabeërs gesteun in hulle opstand teen die Seleukiede. Hierdie koninkryk se hoofstad was Petra en het gedurende die laat-Hellenistiese en vroeë Romeinse eras gefloreer.

^s5:27 *die vyand*: Letterlik 'hulle'.

teruggekeer en die stad ingeneem. Hy het elke manlike persoon met die skerpte van die swaard doodgemaak, al die oorlogsbuit geneem en die stad aan die brand gestee. ²⁹ Hy het in die nag daarvandaan vertrek en tot by die vesting^t gegaan. ³⁰ Toe hulle vroeg die oggend hulle oë uitvee, was daar skielik 'n groot skare, wat nie getel kon word nie, wat lere en oorlogswerktuie dra om die vesting in te neem, besig om teen hulle oorlog te maak. ³¹ Judas het gesien dat die geveg begin het, en 'n geskreeu het uit die stad na die hemel opgestyg, saam met die geskal van trompette en 'n harde geskreeu, ³² en hy het vir die manskappe van die leërmag gesê: “Veg vandag vir ons broers!” ³³ Hy het hulle met drie afdelings van agter bekruip. Hulle het die trompette laat skal en in gebed uitgeroep. ³⁴ Timoteus se leërafdeling het besef dat dit Makkabeus was en het voor hom uit gevlug. Judas het hulle 'n groot slag toegedien, en ongeveer agtduisend van hulle manskappe het daardie dag gesneuwel. ³⁵ Hy het na Alema^u afgedraai en daarteen geveg, dit ingeneem en elke manlike persoon daarin doodgemaak. Daarna het hy oorlogsbuit geneem en die stad aan die brand gestee. ³⁶ Daarvandaan het hy vertrek en Gasfo, Maked, Beser en die res van die stede van Gilead ingeneem. ³⁷ Ná hierdie gebeurtenisse het Timoteus 'n ander leërafdeling bymekaargemaak en aan die ander kant van die stroom regoor Rafon kamp opgeslaan. ³⁸ Judas het mense gestuur om op die kamp te spioeneer, en hulle het aan hom kom rapporteer en gesê: “Al die heidennasies rondom ons, 'n baie groot leërmag, het by Timoteus bymekaargekom. ³⁹ Hulle het ook Arabiere gehuur om hulle te help. Hulle het oorkant die stroom kamp opgeslaan, gereed om teen u te kom oorlog maak.” Judas het hulle tegemoetgegaan. ⁴⁰ Toe het Timoteus vir die aanvoerders van sy leërmag gesê, terwyl Judas en sy leërafdeling die

^t5:29 *vesting*: Datema, vgl vs 9.

^u5:35 *Alema*: Die •Vulgaat lui “Maspha”.

waterstroom nader: “As hy eerste na ons toe oorkom, sal ons nie in staat wees om hom teen te staan nie, want hy sal ons heeltemal verslaan.

⁴¹ Maar as hy bang is en oorkant die rivier kamp opslaan, sal ons na hom toe oorgaan en hom verslaan.” ⁴² Toe Judas die waterstroom nader, het hy die sekretarisse^v van die volk by die stroom laat staan en hulle beveel: “Moenie enigiemand toelaat om kamp op te slaan nie, want alle manskappe moet gaan veg.” ⁴³ Hy het eerste na hulle oorgegaan, met die hele volk agter hom aan, en al die heidennasies is voor hulle verpletter. Hulle het hulle wapens neergegooi en na die tempel van Karnajin gevlug. ⁴⁴ Toe het Judas en diegene saam met hom die stad ingeneem en die heiligdom saam met almal wat daarbinne was, aan die brand gestee. Só is Karnajin op die vlug gejaag, en hulle was nie meer in staat om Judas teen te staan nie. ⁴⁵ * Judas het die hele Israel,^w hulle wat in Gilead was, van klein tot groot, ook hulle vroue, hulle kinders en hulle besittings, 'n baie groot leërafdeling, bymekaargemaak om na die land van Juda te gaan. ⁴⁶ Hulle het tot by Efron gevorder, wat 'n groot en goed versterkte stad op hulle pad was, en hulle kon nie regs of links daarvan uitdraai nie, maar moes regdeur gaan. ⁴⁷ Maar die mense van die stad het hulle uitgesluit en die poorte met klippe geblokkeer. ⁴⁸ Judas het boodskappers na hulle gestuur met woorde van vrede: “Ons wil deur u land gaan om na ons land terug te keer, maar niemand sal u kwaad aandoen nie; ons sal bloot te voet deurloop.” Maar hulle wou nie vir hom oopmaak nie. ⁴⁹ Judas het toe beveel dat hulle in die leërafdeling aankondig dat elkeen op die plek waar hy was, moet stelling inneem. ⁵⁰ Die manskappe van die leërmag het stelling ingeneem en hy het daardie hele dag en nag teen daardie stad geveg, en die stad is in sy hand oorgegee. ⁵¹ Hy het elke

^v5:42 *sekretarisse*: Skrywers wat vir die administrasie verantwoordelik was.

*5:45-52 2 Mak 12:26-31

^w5:45 *Israel*: Vgl voetnoot in 1 Mak 5:3.

manlike persoon met die skerpte van die swaard om die lewe gebring. Hy het die stad totaal vernietig, en oorlogsbuit geneem en oor die lyke heen deur die stad getrek. ⁵² Hulle het toe die Jordaan oorgesteek na die Groot Vlakte^x voor Bet-San. ⁵³ Judas het heelyd die mense wat agterraak, gaan haal en die volk die hele pad bemoedig, totdat hy by die land van Juda gekom het. ⁵⁴ Hulle het met blydskap en vreugde na die berg Sion opgegaan en brandoffers gebring, want nie een van hulle het gesterf totdat hulle in vrede teruggekeer het nie.

Josef en Asarja se neerlaag

⁵⁵ In die tyd wat Judas en Jonatan in die land van Gilead was, en sy broer Simon in Galilea voor Ptolemaï's,^y ⁵⁶ het Josef, seun van Sagaria, en Asarja, aanvoerders van die leërmag, gehoor van hulle dapper optrede en die oorlog wat hulle gevoer het, ⁵⁷ en hulle het gesê: "Laat ons ook vir onself naam maak. Kom ons gaan maak oorlog teen die heidennasies rondom ons." ⁵⁸ Josef en Asarja het die mense uit die leërmag wat saam met hulle was, opdrag gegee en hulle het teen Jamnia opgeruk.

⁵⁹ Gorgias en sy manskappe het uit die stad uitgegaan om teen hulle te veg. ⁶⁰ Josef en Asarja is op die vlug gejaag. Hulle is agternagesit tot by die grense van Juda en op daardie dag het tot tweeduisend mense van die volk van Israel^z gesneuwel. ⁶¹ Die volk het 'n groot neerlaag gely, omdat hulle nie na Judas en sy broers geluister het nie, maar 'n dapper daad wou verrig. ⁶² Hulle was egter nie uit die geslag van daardie manskappe aan wie dit gegee is dat die verlossing van Israel deur hulle hand sou kom nie.

⁶³ Die man Judas en sy broers is baie vereer voor die hele Israel en deur

^x5:52 **Groot Vlakte:** Jisreëlvlakte wat van die kus noord van Gilboaberg af tot aan die Jordaanvallei loop.

^y5:55 **Ptolemaï's:** Vgl voetnoot in 1 Mak 5:15.

^z5:60 **Israel:** Vgl voetnoot in 1 Mak 5:3.

al die heidennasies, oral waar hulle naam gehoor is. ⁶⁴ Mense het by hulle saamgekom om hulle te prys.

Veldtogte teen Edom en die Filistyne

⁶⁵ Judas en sy broers het uitgetrek en teen die seuns van Esau in die land in die suide oorlog gemaak. Hy het Hebron en sy dogterstede^a verslaan, sy vestings afgebreek en die torings rondom die stad aan die brand gestee. ⁶⁶ Toe het hy wegmarsjeer om na die land van die vreemdelinge^b te gaan, en deur Maresa^c getrek. ⁶⁷ Op daardie dag het priesters wat dapper wou wees, in die oorlog gesterf, omdat hulle ondeurdag die geveg ingegaan het. ⁶⁸ Judas het na Asdod in die land van die vreemdelinge afgedraai. Hy het hulle altare^d afgebreek, die gesnede beelde van hulle gode verbrand en oorlogsbuit van die stede geneem. Toe het hy terugkeer na die land van Juda.

6

Laaste dae van Antiogus

(2 Mak 1:11-17; 9:1-29; 10:9-13)

¹ Koning Antiogus^e het deur die noordelike provinsies gereis en gehoor dat Elimaïs, 'n stad in Persië, bekend was vir sy rykdom van silwer en goud. ² Die heiligdom in dié stad was baie ryk. Daar was goue harnasse,

^a5:65 *dogterstede*: Vgl voetnoot in 1 Mak 5:8.

^b5:66 *vreemdelinge*: Vgl voetnoot in 1 Mak 5:15.

^c5:66 *Maresa*: Die •Vulgaat lui “Samaria”.

^d5:68 *altare*: Die altare op die offerhoogtes was gewoonlik groot en sirkelvormig, met 'n deursnee van etlike meter waarop die offers gebring is, en waarop reukofferaltare soms gestaan het; vgl 2 Kron 34:4. Die priester het met trappe teen die altaar opgeklim. Die altare wat vir die Here gebou is, was kleiner en sonder trappe.

^e6:1 *Antiogus*: Antiogus IV Epifanes, 175-164 vC.

borsplate en wapens wat Filippus se seun Aleksander, die koning, die Macedoniër, wat heel eerste oor die Grieke regeer het, daar agtergelaat het. ³ Hy het vertrek en probeer om die stad in te neem en te plunder, maar hy kon nie, want sy plan het aan die inwoners van die stad bekend geword. ⁴ Hulle het hom in die geveg teengestaan. Hy het gevlug en met groot droefheid daarvandaan vertrek en na Babilon teruggekeer. ⁵ Daar het toe iemand na Persië gekom en aan hom rapporteer dat die leërafdelings wat die land van Juda ingeval het, op die vlug geslaan het, ⁶ en dat Lisias, een van die voorste vegters, eers met 'n sterk leërmag uitgetrek het, maar voor die Judeërs^f omgedraai het, en dat die Judeërs versterk is met wapens, voorrade en die groot hoeveelheid oorlogsbuit wat hulle by die verslane leërafdelings geneem het, ⁷ * en dat hulle die gruwel wat hy op die altaar in Jerusalem gebou het, afgebreek het, en die heiligdom met hoë mure omring soos dit vantevore was, asook sy stad Bet-Sur.^g ⁸ Toe die koning hierdie nuus hoor, was hy verbysterd en uiters geskok. Hy het op sy bed neergeval en siek van verdriet geword omdat dinge nie vir hom uitgewerk het soos hy beplan het nie. ⁹ Hy het baie dae daar gelê, want groot verdriet het hom bly oorweldig en hy het besef dat hy besig was om dood te gaan. ¹⁰ Toe het hy al sy Vriende^h geroep en vir hulle gesê: “Die slaap wyk uit my oë en my hart het ineengestort van

^f**6:6 Judeërs:** Die •bronteks lui "hulle". Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat teruggekeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

^{*}**6:7** 1 Mak 1:54

^g**6:7 Bet-Sur:** 'n Belangrike grensdorp, 24 km suid van Jerusalem, en die Makkabeërs goedgesind.

^h**6:10 Vriende:** “Vriend van die Koning” was 'n eretitel in die Hellenistiese wêreld wat met sekere regte en verpligtinge verbind was.

bekommernis. ¹¹ Ek het vir myself gesê,ⁱ ‘Hoe het ek in hierdie vloedgolf van benoudheid beland waarin ek my nou bevind, want ek was goedhartig en geliefd toe ek die mag gehad het.’ ¹² Maar nou onthou ek die kwaad wat ek in Jerusalem gedoen het; ek het al die silwer- en goue voorwerpe wat in die stad was, gevat en sonder rede soldate gestuur om die inwoners van Juda uit te wis. ¹³ Ek besef nou dat dié ellendes my om hierdie rede getref het. En kyk, ek vergaan van groot droefheid in 'n vreemde land.’ ¹⁴ Hy het toe vir Filippus, een van sy Vriende, ontbied en hom oor sy hele koninkryk aangestel. ¹⁵ Hy het aan hom sy kroon, sy stola^j en sy ring gegee met die doel om sy seun Antiogus^k op te voed en voor te berei om koning te word. ¹⁶ *Koning Antiogus het daar in die honderd-nege-en-veertigste jaar^l gesterf. ¹⁷ *Lisias het verneem dat die koning gesterf het en het sy seun Antiogus, wat hy van jongs af grootgemaak het, aangestel as koning en hom Eupator genoem.

Beleg van Jerusalem en Bet-Sur

(2 Mak 11:22-26; 13:1-26)

¹⁸ *Die mense van die vesting het Israel^m rondom die heiligdomⁿ

ⁱ**6:11 Ek ... gesê:** Letterlik ‘Ek het vir my hart gesê’.

^j**6:15 stola:** 'n Spesiale, lang soort bokleed of toga wat as simbool van status en waardigheid gedien het; •Kleredrag.

^k**6:15 Antiogus:** Antiogus V, 164-162 vC.

***6:16** Dan 8:25

^l**6:16 149ste jaar:** 163 vC.

***6:17** 2 Mak 10:10

***6:18** 1 Mak 11:20; 12:36; 13:21,49

^m**6:18 Israel:** Die begrippe Hebreërs, Israeliete en Israel word anachronisties in 1 en 2 Mak gebruik om die •Judeërs (inwoners van Juda) ná die ballingskap aan te dui.

ⁿ**6:18 heiligdom:** Letterlik ‘heilige dinge’, maar die verwysing is na die •tempel in Jerusalem.

vasgekeer, hulle aanhoudend skade probeer berokken en die heidennasies probeer versterk. ¹⁹ Judas het besluit om hulle te vernietig en het die hele volk bymekaargeroep om hulle te beleër. ²⁰ Die volk het byeengekom en die vesting^o in die honderd-en-vyftigste jaar^p beleër, en katapulte en oorlogswerktuie gemaak. ²¹ Van hulle het uit die beleg ontsnap en sommige van die goddeloses uit Israel het by hulle aangesluit. ²² Hulle gaan toe na die koning en sê: “Hoe lank nog sal u nie reg laat geskied nie, en nie ons broers wreek nie? ²³ Ons was immers tevrede om u vader te dien, om volgens sy voorskrifte te leef en sy opdragte te gehoorsaam. ²⁴ Ons volk het mos die vesting beleër en hulleself van ons vervreem. Verder het hulle almal van ons vir wie hulle gevind het, doodgemaak en ons erfposies geplunder. ²⁵ Hulle het nie net vir ons aangeval nie, maar ook al die aangrensende gebiede. ²⁶ En kyk, hulle het op hierdie dag die vesting in Jerusalem beleër om dit in te neem. Hulle het ook die heiligdom en Bet-Sur^q versterk. ²⁷ As u hulle nie vinnig voorspring nie, sal hulle nog groter dinge doen as dit, en u sal nie in staat wees om hulle te keer nie.”

Gevegte tussen Judas en Antiogus

²⁸ Toe die koning dit hoor, was hy woedend, en hy het al sy Vriende,^r die aanvoerders van sy leërmag en die aanvoerders van die perderuiters bymekaargeroep. ²⁹ Leërmagte huursoldate het vanuit ander koninkryke en die eilande van die see na hom toe gekom. ³⁰ Sy leërmagte het bestaan uit honderdduisend voetsoldate, twintigduisend perderuiters en twee-en-dertig olifante wat gewoon was aan oorlog. ³¹ Hulle het deur

^o6:20 **vesting**: Die •bronteks lui “dit”.

^p6:20 **150ste jaar**: 162 vC.

^q6:26 **Bet-Sur**: Vgl voetnoot in 1 Mak 6:7.

^r6:28 **Vriende**: Vgl voetnoot in 1 Mak 6:10.

Idumea gekom, Bet-Sur^s beleër en baie dae lank geveg en oorlogswerktoe gebou. Maar die Judeërs^t het uitgekome, die oorlogswerktoe aan die brand gestee en dapper geveg.³² Judas het van die vesting af vertrek en kamp opgeslaan in Bet-Sagaria, teenoor die kamp van die koning.³³ Die koning het toe vroeg in die oggend opgestaan en vinnig sy kamp met die pad langs na Bet-Sagaria verskuif. Die leërmagte het vir die oorlog gereedgemaak en op trompette geblaas.³⁴ Hulle het vir die olifante rooiwyn en swartmoerbeisap^u gewys om hulle aan te hits tot die geveg³⁵ en die diere onder die linies verdeel. By elke olifant het hulle 'n duisend man opgestel, geklee in ysterharnasse en met bronshelms op hulle koppe, met vyfduisend uitgesoekte ruiters aan elke olifant toegewys.³⁶ Hulle was voor die tyd reeds oral waar die dier was, en waar hy ook al gegaan het, het hulle saamgegaan en nie van hom af weg beweeg nie.³⁷ Op die olifante^v was sterk beskermende skutterings van hout wat met toe op elke dier vasgeord was, en op elkeen was vier sterk manne wat van hulle af geveg het, en sy Indiër.^w³⁸ Hy het die res van die perderuiters aan elke kant van die twee flanke van die leërafdeling opgestel om aan te val terwyl hulle self deur die linies beskerm word.³⁹ En toe die son op die skilde van goud en brons geskyn het, het dit teen die berge weerkaats en met die glans van helder vuurfakkels geskyn.⁴⁰ 'n Sekere deel van die koning se leërafdeling was op die berghoogtes ontplooi en ander dele op die vlaktes, en hulle het

^s6:31 *Bet-Sur*: Vgl voetnoot in 1 Mak 6:7.

^t6:31 *Judeërs*: Vgl voetnoot in 1 Mak 6:6.

^u6:34 *rooiwyn en swartmoerbeisap*: Letterlik 'die bloed van druiwe en swartmoerbeie'.

^v6:37 *olifante*: Die •bronteks lui "hulle".

^w6:37 *sy Indiër*: Omdat olifante in die antieke wêreld uit Indië verkry is, het die term "Indiër" sinoniem geraak met die persoon wat die olifante aangedryf het.

doelgerig en ordelik vorentoe beweeg. ⁴¹ Almal wat die geluid van die menigte, hulle opmars en die gekletter van hulle wapens gehoor het, het gebewe, want die leërafdeling was baie groot en sterk.

⁴² Judas en sy leërafdeling het tot by die voorste ry van die linie beweeg, en seshonderd man van die koninklike leërafdeling het gesneuwel. ⁴³ Eleasar, wat Avaran genoem is, het gesien dat een van die diere in die koninklike harnas was en dat hy hoër as al die ander diere was. Hy het gedink dat die koning op dié dier was ⁴⁴ en het homself gegee om sy volk te red en vir hom 'n ewige naam te maak. ⁴⁵ Hy het midde-in die gevegslinie dapper op hom afgehardloop en mense links en regs doodgemaak; hulle het na weerskante voor hom padgegee. ⁴⁶ Hy het onder die olifant ingekruip, daar stelling ingeneem en hom doodgemaak, waarna die dier bo-op hom op die grond geval het. Daar het hy gesterf. ⁴⁷ Maar toe die Judeërs^x die mag van die koninkryk en die aanslag van sy leërmagte sien, het hulle daarvoor gewyk.

⁴⁸ Die manne van die koning se leërafdeling het opgetrek na Jerusalem om die Judeërs aan te val, en die koning het Juda en die berg Sion beleër. ⁴⁹ Hy het vrede gemaak met die inwoners van Bet-Sur en hulle het uit die stad gegaan, aangesien daar nie vir hulle genoeg kos was om in die stad beleër te bly nie, want dit was die sabbatsjaar^y in die land. ⁵⁰ Die koning het Bet-Sur ingeneem en 'n garnisoen daar gelos om dit te bewaak. ⁵¹ Hy het baie dae lank die heiligdom beleër en werptuie, oorlogswerktuie, vuurwerpers, katapulte en pylwerpers om pyle^z af te skiet, asook slingers, opgestel. ⁵² Die Judeërs^a het self ook

^x6:47 *Judeërs*: Vgl voetnoot in 1 Mak 6:6.

^y6:49 *sabbatsjaar*: Volgens die Wet was elke sewende jaar 'n "sabbatsjaar". Dit was 'n jaar van rus vir die grond en gewasse; vgl Eks 23:11; Lev 25:3-7.

^z6:51 *pyle*: Dit kan ook dui op enige voorwerp wat gegooi word.

^a6:52 *Judeërs*: Vgl voetnoot in 1 Mak 6:6.

oorlogswerktuie teen dié van die koninklike leër ingespan en baie dae lank geveg, ⁵³ maar daar was nie kos in voorraad nie; dit was die sewende jaar^b en die mense wat van die heidennasies gered en na Juda gebring is, het reeds alles wat van die voorrade oor was, opgeëet. ⁵⁴ Net 'n paar manne het in die heiligdomme agtergebly, want die hongersnood het die meeste oorweldig. Gevolglik het hulle uitmekaargegaan, elkeen na sy eie plek toe.

Vredesverdrag tussen Antiogus en die Judeërs

(2 Mak 11:13-15)

⁵⁵⁻⁵⁶ Lisias het gehoor dat Filippus uit Persië en Medië teruggekeer het, asook die leërmagte wat saam met die koning gereis het, en dat hy probeer om beheer oor sake te verkry. Filippus is deur koning Antiogus, terwyl hy nog geleef het, aangestel om sy seun Antiogus^c groot te maak om koning te word. ⁵⁷ Lisias het toe haastig bevel gegee om terug te trek, en aan die koning, die aanvoerders van die leërmag en die manskappe gesê: “Ons word elke dag swakker en ons voedselvoorraad is min, die plek wat ons beleër, is sterk, en die sake van die koninkryk vereis ons aandag. ⁵⁸ Laat ons nou hierdie mense die regterhand van vriendskap bied en met hulle en hulle hele volk vrede maak ⁵⁹ en hulle toelaat om soos voorheen volgens hulle voorskrifte te leef, want dit was omdat ons hulle voorskrifte afgeskaf het, dat hulle kwaad geword en al hierdie dinge gedoen het.” ⁶⁰ Die voorstel het byval gevind by die koning en sy aanvoerders, en hy het 'n boodskap na die Judeërs^d gestuur om vrede te maak — wat hulle aanvaar het. ⁶¹ Die koning en sy aanvoerders het 'n eed voor hulle afgelê en op grond daarvan het hulle uit die vesting

^b6:53 *7de jaar*: Vgl voetnoot in 1 Mak 6:49.

^c6:55-56 *Antiogus*: Antiogus V, vgl vs 14-16.

^d6:60 *Judeërs*: Vgl voetnoot in 1 Mak 6:6.

gekom. ⁶² Maar toe die koning by die berg Sion kom en die plek se vesting sien, het hy die eed wat hy afgelê het, verbreek en beveel dat die muur rondom afgebreek word. ⁶³ Hy het haastig vertrek en na Antiogië teruggekeer en Filippus daar in beheer van die stad aangetref. Hy het teen hom geveg en die stad met geweld ingeneem.

7

Regering van Demetrius

(2 Mak 14:1-14)

¹ In die honderd-een-en-vyftigste jaar^e het Demetrius, die seun van Seleukus, uit Rome vertrek en saam met 'n paar manne na 'n stad by die see opgegaan^f en daar regeer. ² Terwyl hy besig was om die koninklike paleis van sy vaders binne te gaan, het die leërmagte vir Antiochus en Lisias gevange geneem om hulle aan hom uit te lewer, ³ maar toe hierdie daad aan Demetrius bekend geword het, het hy gesê: “Ek wil hulle gesigte nie eers sien nie!” ⁴ Die leërmagte het hulle toe doodgemaak en Demetrius het op die troon van sy koninkryk gaan sit.

⁵ Al die wettelose en goddelose mans uit Israel^g het na hom gekom. In sy begeerte om hoëpriester te word, het Alkimus hulle gelei. ⁶ Hulle het die volk by die koning aangekla en gesê: “Judas en sy broers het al u vriende om die lewe gebring en ons uit ons land verdryf. ⁷ Stuur dan nou iemand, 'n man in wie u vertrou het; laat hy na al die verwoesting kom kyk wat Judas^h oor ons en die koning se gebied gebring het en laat hy hulle en almal wat hulle help, straf.”

^e7:1 *151ste jaar*: 161 vC.

^f7:1 *opgegaan*: Dit beteken hier ‘oos gegaan’.

^g7:5 *Israel*: Die begrippe Hebreërs, Israeliete en Israel word anachronisties in 1 en 2 Mak gebruik om die •Judeërs (inwoners van Juda) ná die ballingskap aan te dui.

^h7:7 *Judas*: Die •bronteks lui “hy”.

⁸ Die koning het toe vir Bakgides, een van die Vriende van die Koningⁱ wat Oorkant die Rivier^j regeer het, gekies; hy was 'n belangrike man in die koninkryk en getrou aan die koning. ⁹ Die koning het hom en die goddelose Alkimus gestuur, vir Alkimus die priesterskap aangebied, en hom beveel om wraak te neem op die Israëliete. ¹⁰ Hulle het vertrek en met 'n groot leërmag die land van Juda ingegaan, en Bakgides het boodskappers op 'n verraderlike wyse met 'n aanbod van vrede na Judas en sy broers gestuur. ¹¹ Maar Judas en sy manne het nie op hulle woorde ag geslaan nie, want hulle het gesien dat hulle met 'n groot leërmag gekom het. ¹² 'n Groep skrifkenners het by Alkimus en Bakgides bymekaargekom om regverdige vredesvoorwaardes te vra. ¹³ *Die Gasideërs^k was die eerste van al die Israëliete om vrede van hulle te versoek, ¹⁴ want hulle het gesê: “'n Man, 'n priester uit die nageslag van Aäron, het saam met die leërmagte gekom en hy sal ons nie onreg aandoen nie.” ¹⁵ Alkimus^l het woorde van vrede tot hulle gerig, 'n eed teenoor hulle afgelê en gesê: “Ons sal julle en julle vriende nie kwaad aandoen nie.” ¹⁶ Hulle het hom vertrou, maar hy het sestig van hulle manne gevange geneem en hulle op een dag doodgemaak, soos geskryf staan:

ⁱ**7:8 Vriende ... Koning:** “Vriend van die Koning” was 'n eretitel in die Hellenistiese wêreld wat met sekere regte en verpligtinge verbind was.

^j**7:8 Oorkant ... Rivier:** Verwys na die provinsie suid van Selicië en wes van die Eufraat.

^{*}**7:13** 1 Mak 2:42

^k**7:13 Gasideërs:** Grieks *asidaioi*, is van Hebreeus, *Gasidim*, regverdiges, afgelei en word direk in verband gebring met 'n groep konserwatiewe •Judeërs wat tydens die •Makkabeëroopstand teen •Antiochus IV Epifanes se hellenisering van Palestina opgetree het. Kenmerkend van hierdie groep was hulle geloof in die •Wet van Moses.

^l**7:15 Alkimus:** Die •bronteks lui “hy”.

¹⁷ *^{*}“Die vlees en bloed van u heiliges
het hulle rondom Jerusalem uitgegiet,
en niemand het hulle begrawe nie.”

¹⁸ Vrees en bewing vir hulle het die hele volk oorval en hulle het gesê:
“Daar is geen waarheid of regverdigheid in hulle nie, want hulle het die
ooreenkoms en die eed wat hulle afgelê het, verbreek.” ¹⁹ Bakgides het
vanaf Jerusalem vertrek en in Bet-Sait^m kamp opgeslaan. Hy het mense
gestuur, en baie van die manne saam met hom wat na hom oorgeloop het,
asook sekere mense uit die volk, gevange geneem en hulle geslag en in 'n
groot put gegooi. ²⁰ Hy het Alkimus oor die land aangestel en 'n leërmag by
hom gelaat om hom te help. Bakgides het toe na die koning teruggekeer.

²¹ Alkimus het gestry om die behoud van sy hoëpriesterskap. ²² Almal
wat moeilikheid vir hulle volk veroorsaak het, het by hom aangesluit.
Hulle het beheer oor die land van Juda gekry en Israel 'n swaar slag
toegedien. ²³ Judas het al die kwaad gesien wat Alkimus en diegene saam
met hom die Israëliete aangedoen het, meer as wat die heidennasies
hulle aangedoen het. ²⁴ Hy het uitgegaan na al die omliggende gebiede
van Juda en wraak geneem op die manne, die oorlopers, en hulle
verhinder om na die landelike gebied uit te gaan. ²⁵ Toe Alkimus sien dat
Judas en diegene saam met hom sterk geword het en besef dat hy nie in
staat is om teen hulle staande te bly nie, het hy na die koning
teruggekeer en hulle van bose dinge beskuldig.

*7:17 Ps 79:2-3

^m7:19 *Bet-Sait*: Ongeveer 5 km noord van Bet-Sur en 19 km suid van Jerusalem.

Val van Nikanor

(2 Mak 14:15 — 15:36)

²⁶ *Die koning het Nikanor, een van sy gesiene aanvoerders, wat Israelⁿ gehaat en verag het, gestuur en hom beveel om die volk uit te roei.

²⁷ Nikanor het met 'n groot leërmag na Jerusalem gegaan en op verraderlike wyse 'n boodskap met 'n vredesaanbod na Judas en sy broers gestuur met die woorde: ²⁸ “Laat daar nie twis tussen my en julle wees nie. Ek sal met 'n paar manne kom sodat ek julle van aangesig tot aangesig in vrede kan sien.” ²⁹ Hy het na Judas gegaan en hulle het mekaar vredevol gegroet, maar die vyand was gereed om Judas te ontvoer. ³⁰ Toe dit aan Judas bekend gemaak is dat Nikanor^o met listige bedoelings na hom gekom het, het hy bang geword vir hom en wou hom nie weer van aangesig tot aangesig sien nie. ³¹ Nikanor het besef dat sy plan bekend geraak het, en het vertrek om Judas naby Gafarsalama^p in geveg te ontmoet. ³² Ongeveer vyfhonderd van Nikanor se manskappe het gesneuwel en die res^q het na die Stad van Dawid gevlug.

³³ *Ná hierdie gebeure het Nikanor opgegaan na die berg Sion. Sommige van die priesters van die heiligdom^r en van die oudstes van die volk het uitgekóm om hom in vrede te verwelkom en vir hom die brandoffer te wys wat ter wille van die koning geoffer word. ³⁴ Maar hy het die spot

*7:26 1 Mak 3:38

ⁿ7:26 *Israel*: Vgl voetnoot in 1 Mak 7:5.

^o7:30 *Nikanor*: Die •bronteks lui “hy”.

^p7:31 *Gafarsalama*: 'n Dorpie ongeveer 11 km noordnoordwes van Jerusalem op pad na Bet-Goron.

^q7:32 *die res*: Die •bronteks lui “hulle”.

*7:33 Esra 6:10

^r7:33 *heiligdom*: Letterlik ‘heilige dinge’, maar die verwysing is na die •tempel in Jerusalem.

met hulle gedryf, hulle uitgelag en •onrein gemaak^s en in 'n verwaande trant gepraat. ³⁵ Hy het woedend 'n eed afgelê met die woorde: “As Judas en sy leërafdeling nie nou in my hande oorgelewer word nie, sal ek, as dit sou gebeur dat ek veilig terugkeer, hierdie tempel^t verbrand.” En hy het in groot woede vertrek.

³⁶ *Die priesters het toe na binne gegaan en voor die altaar en die tempel gaan staan en gehuil en gesê:

³⁷ **“U het self hierdie huis uitgekies
dat u Naam daarvoor uitgeroep sou word,
om 'n huis van gebed en smeking
vir u volk te wees.*

³⁸ “Neem wraak op hierdie man en sy leërafdeling en laat hulle deur die swaard sneuwel. Onthou hulle laster en moenie aan hulle verblyfplek gee nie.” ³⁹ Nikanor het uit Jerusalem vertrek en in Bet-Goron kamp opgeslaan. 'n Leërmag uit Sirië het daar by hom aangesluit.

⁴⁰ Judas het in Adasa met drieduisend man kamp opgeslaan. Daarna het hy gebed en gesê: ⁴¹ *“*Toe die koning se gesante gelaster het, het u engel uitgegaan en honderd vyf-en-tagtigduisend van hulle neergevel.*

⁴² Verpletter vandag hierdie leërafdeling só voor ons dat dié wat oorbly, weet dat hy u heiligdom belaster het. Straf hom ooreenkomstig sy boosheid.”

⁴³ Die leërafdelings het op die dertiende van die maand Adar^u die stryd

^s7:34 **onrein gemaak:** Verwys waarskynlik daarna dat op hulle gespuug is.

^t7:35 **tempel:** Letterlik ‘huis’.

*7:36 Joël 2:17

*7:37 Deut 12:5; 1 Kon 8:28-30

*7:41 2 Kon 18:17-35; 19:35; Jes 37:36

^u7:43 **Adar:** Die twaalfde maand, Februarie of Maart; •Maande.

aangeknoop. Nikanor se leërafdeling is verpletter en hyself het eerste in die geveg gesneuwel. ⁴⁴ Toe sy leërafdeling sien dat Nikanor gesneuwel het, het hulle hulle wapens neergegooi en gevlug. ⁴⁵ Die Judeërs^v het hulle een dagreis ver bly agtervolg, vanaf Adasa tot hulle by Geser gekom het, en die trompette as aanvalsteken agter hulle geblaas. ⁴⁶ Toe het mense uit al die omliggende Judese dorpe gekom, hulle op die flanke aangeval en teruggedryf na hulle agtervolgers^w toe, en almal het deur die swaard gesneuwel, selfs nie een het oorgebly nie. ⁴⁷ Hulle het die oorlogsbuit en die voorraad gevat en Nikanor se kop en sy regterhand, wat hy verwaand uitgesteek het, afgekap, saamgedra en by Jerusalem vertoon. ⁴⁸ Die volk was vol vreugde, en het daardie dag as 'n groot dag van blydschap gevier. ⁴⁹ Hulle het bepaal dat hierdie dag jaarliks op die dertiende dag van Adar^x gevier moet word. ⁵⁰ Toe was die land van Juda vir 'n kort rukkie rustig.

8

Vriendskapsverdrag met die Romeine

¹ Judas het van die Romeine se reputasie gehoor —

dat hulle buitengewoon magtig was;

dat hulle goedgesind was teenoor almal wat by hulle aangesluit het;

dat hulle met almal wat hulle nader, 'n vriendskapsverdrag sluit; en

^v7:45 *Judeërs*: Die •bronteks lui "hulle". Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat teruggekeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

^w7:46 *agtervolgers*: Die •bronteks lui "hulle".

^x7:49 *13de ... Adar*: 27 Maart 160 vC; dit staan bekend as "Nikanordag"; vgl Est 9:17; 2 Mak 15:36.

dat hulle buitengewoon magtig was.

² Mense het hom vertel

van hulle oorloë asook van die dapperheid wat hulle onder die Galasiërs^y getoon het deurdat hulle hulle oorwin en belastingpligtig gemaak het,

³ en van alles wat hulle in die landstreek van Spanje gedoen het om beheer oor die silwer- en goudmyne daar te verkry;

⁴ en dat hulle deur hulle strategie en uithouvermoë oor die hele gebied beheer verkry het, selfs al was dit baie ver van hulle af, ook oor die konings wat teen hulle opgetrek het vanaf die eindes van die aarde, totdat hulle hulle verpletter het en 'n vernietigende slag toegedien het, en dat dié wat oorgebly het, jaarliks aan hulle belasting betaal;

⁵ en dat hulle Filippus^z en Perseus,^a die koning van die Kittiers, en ander wat teen hulle in opstand gekom het, in 'n oorlog verpletter en oor hulle beheer verkry het;

⁶ en dat Antiogus,^b die groot koning van Asië, deur hulle vermorsel is toe hy met 'n baie groot leërmag bestaande uit honderd-en-twintig olifante, perderuiters en strydwaens teen hulle opgetrek het om teen hulle oorlog te maak;

⁷ en dat hulle hom lewendig gevange geneem en bepaal het dat hy en diegene wat ná hom regeer, aan hulle 'n hoë belasting moet betaal en gyselaars moet lewer en as betaling ⁸ die gebied van Indië,

^y8:2 **Galasiërs:** Verwys na die Kelte in Gallië (Frankryk).

^z8:5 **Filippus:** Filippus V, in 197 vC deur 'n Grieks-Romeinse mag verslaan.

^a8:5 **Perseus:** Filippus se seun, in 168 vC verslaan.

^b8:6 **Antiogus:** Antiogus III die Grote (222-187 vC), die belangrikste Seleukidiese heerser.

Medië en Lidië, van hulle beste gebiede, moes afstaan, en dat hulle dit by hom afgevat en aan koning Eumenes^c gegee het;

⁹ en dat die Grieke beplan het om die Romeine te gaan uitroei, ¹⁰ maar die plan het aan hulle bekend geword en hulle het 'n enkele generaal teen die Grieke^d gestuur en teen hulle oorlog gemaak, en baie van hulle is gewond en het gesneuwel, hulle vroue en kinders is gevange geneem, hulle is beroof, hulle land is in besit geneem, hulle vestings is afgebreek en hulle is tot op hierdie dag slawe gemaak.

¹¹ Ook die res van die koninkryke en die eilande, almal wat ooit teen die Romeine in opstand gekom het, is vernietig en tot slawe gemaak, maar met hulle vriende en dié wat hulle ondersteun het, het hulle hulle vriendskap behou; ¹² hulle het konings van naby en ver oorwin en almal wat van hulle reputasie gehoor het, het hulle gevrees. ¹³ Almal vir wie hulle wou help en aanstel as konings, het koning geword, en almal vir wie hulle wou onttroon, het hulle onttroon, en hulle is uitermate hoog geag. ¹⁴ Maar te midde van al hierdie gebeure het geeneen van hulle 'n kroon opgesit of hom in purper geklee om te spog nie. ¹⁵ Hulle het vir hulleself 'n raadsaal gebou en daaglik het driehonderd-en-twintig mense voortdurend beraadslaag oor die bevolking, sodat hulle ordelik sou optree. ¹⁶ *En hulle vertrou elke jaar een man om oor hulle te regeer en oor hulle hele land te heers en almal gehoorsaam die een man; daar is nie afguns of jaloesie onder hulle nie.

^c**8:8 Eumenes:** Eumenes II (197-158 vC), koning van Pergamum, 'n bondgenoot van Rome.

^d**8:10 Grieke:** Die •bronteks lui “hulle”.

***8:16** 1 Mak 8:15,16

¹⁷ * Judas het Eupolemus, die seun van Johannes, die seun van Akkus, en Jason, die seun van Eleasar, uitgekies en hulle na Rome gestuur om 'n vriendskapsverdrag en bondgenootskap te sluit, ¹⁸ om die juk van hulle af te neem, want hulle het gesien dat die koninkryk van die Grieke Israel^e tot slawerny verkneg het. ¹⁹ Hulle het na Rome gegaan, 'n baie lang pad, en die raadsaal binnegegaan en gesê: ²⁰ “Judas Makkabeus en sy broers en die meerderheid van die Judeërs^f het ons na julle gestuur om met julle 'n bondgenootskap en vredesooreenkoms aan te gaan sodat ons as julle bondgenote en vriende opgeteken kan word.”

²¹ Die versoek het by hulle byval gevind, ²² * en hier volg die afskrif van die brief wat hulle as antwoord op skryfplatte van brons geskryf en na Jerusalem gestuur het om daar by hulle te bly ter herinnering aan die vredesooreenkoms en bondgenootskap:

²³ “Mag dit vir ewig goed gaan met die Romeine en met die volk van die Judeërs, op see en op land, en mag die swaard en die vyand ver van hulle bly.

²⁴ “As daar eerste vir Rome of enige van die bondgenote in hulle hele magsgebied oorlog kom, ²⁵ sal die volk van die Judeërs heelhartig saam met hulle veg, soos die omstandighede vereis, ²⁶ en vir dié wat teen Rome veg, sal hulle nie graan, wapens, geld of skepe gee of verskaf nie, ooreenkomstig Rome se besluit. Hulle sal hulle verpligtinge nakom sonder om iets daarvoor te ontvang. ²⁷ Op

* **8:17** 2 Mak 4:11

^e**8:18** *Israel*: Die begrippe Hebreërs, Israeliete en Israel word anachronisties in 1 en 2 Mak gebruik om die •Judeërs (inwoners van Juda) ná die ballingskap aan te dui.

^f**8:20** *Judeërs*: Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat terugkeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

* **8:22** 1 Mak 14:18,26,48

dieselfde wyse, as daar eerste vir die volk van die Judeërs oorlog kom, sal die Romeine hulle met hart en siel te hulp kom, soos die omstandighede vereis.²⁸ Vir die vyand se bondgenote sal, ooreenkomstig Rome se besluit, nie graan, wapens, geld of skepe gegee word nie. Die Romeine sal hierdie verpligtinge sonder verraad nakom.”²⁹ So het die Romeine, volgens hierdie voorwaardes, met die Judese burgers 'n ooreenkoms aangegaan.³⁰ As albei partye, nadat hierdie voorwaardes in werking gestel is, saam besluit om iets by te voeg of weg te laat, sal hulle dit na goeddunke doen, en wat hulle ook al byvoeg of weglaat, sal geldig wees.

³¹ “Oor die kwaad wat koning Demetrius hulle aandoen, het ons vir hom geskryf en gesê,

“ ‘Waarom het jy jou juk op ons vriende en bondgenote, die Judeërs, swaar gemaak? ³² As hulle nog langer oor jou kla, dan sal ons aan hulle reg laat geskied en teen jou op see en op land oorlog maak.’ ”

9

Dood van Judas

¹ Toe Demetrius hoor dat Nikanor en sy leërmag in die oorlog omgekom het, het hy weer, 'n tweede keer, vir Bakgides en Alkimus, en saam met hulle die regterkantste vleuel^g van die leër, na die land van Juda gestuur.
² Hulle het met die pad na Gilgal gegaan en by Maisalot in Arbelus kamp opgeslaan. Hulle het Maisalot eerste ingeneem en baie mense doodgemaak.³ In die eerste maand van die honderd-twee-en-vyftigste jaar^h het hulle by Jerusalem kamp opgeslaan.⁴ Daarna het hulle vertrek

^g9:1 *vleuel*: Letterlik 'horing'. 'n Dier se horings is beskou as 'n simbool van krag.

^h9:3 *152ste jaar*: 160 vC.

en met twintigduisend man en tweeduisend perderuiters na Berea gegaan. ⁵ Judas en drieduisend uitgesoekte manskappe saam met hom het in Elasa kamp opgeslaan. ⁶ Toe Judas se manskappe die getal van die vyand se leërmagte sien, hoe talryk hulle was, het hulle ontsettend bang geword. Baie het uit die kamp verdwyn; afgesien van agthonderd man het daar niemand van hulle agtergebly nie. ⁷ Toe Judas sien dat sy leërafdeling verdwyn het en dat die geveg hom in die noute gebring het, was sy hart swaar, want hy het nie tyd gehad om hulle weer bymekaar te bring nie. ⁸ Hy was moedeloos, maar het vir dié wat oorgebly het, gesê: “Kom ons staan op en trek teen ons vyande op om te sien of ons dalk tog teen hulle kan veg.” ⁹ Hulle het hom probeer ompraat deur te sê: “Ons sal beslis nie kan nie; laat ons eerder nou ons lewens red en dan saam met ons broers terugkeer en teen hulle veg, want ons is min.” ¹⁰ Maar Judas het gesê: “Mag dit nooit gebeur dat ek so iets sou doen nie — om van hulle weg te vlug! As ons tyd aanbreek, laat ons dan dapper sterf ter wille van ons broers en nie rede gee om ons eer te skend nie.”

¹¹ Die leër van Bakgidesⁱ het van die kamp af vertrek en stelling ingeneem om hulle tegemoet te gaan. Die perderuiters is in twee groepe verdeel, en die slingergooiers en boogskutters, asook al die sterkste voorvegters, het voor die leërmag uit geloop. En Bakgides was in die regtervleuel. ¹² Die gevegslinie het in twee groepe nader beweeg en aanhoudend op hulle trompette geblaas. Diegene saam met Judas het self ook op trompette geblaas. ¹³ Die aarde het geskud van die geluid van die leërafdelings en die geveg het geduur van die oggend tot die aand.

¹⁴ Toe Judas sien dat Bakgides en die sterkste deel van die leërafdeling aan die regterkant is, het al die manne met dapper harte by hom bymekaargekom. ¹⁵ Die regtervleuel is deur hulle verpletter en hy het

ⁱ9:11 *van Bakgides*: Ontbreek in die •bronteks, maar word veronderstel.

hulle tot by die berg Azotus^j agtervolg. ¹⁶ Toe dié in die linkervleuel sien dat die regtervleuel verpletter is, het hulle omgedraai en Judas en sy manne agtervolg. ¹⁷ Die geveg het hewig begin woed en aan beide kante was daar baie wat gewond is en gesneuwel het. ¹⁸ Ook Judas het gesneuwel, en die res het gevlug.

¹⁹ *Jonatan en Simon het hulle broer Judas opgetel en hom in die graf van sy vaders in Modeïn^k begrawe. ²⁰ Hulle het oor hom gehuil en die hele Israel^l het diep oor hom gerou. Hulle het baie dae lank oor hom geweeklaag en gesê:

²¹ *“Hoe het die magtige man, die redder van Israel, gesneuwel!”

²² *Die verhaal van Judas se optrede, die oorloë, die dapper daede wat hy verrig het en sy grootheid, is nie neergeskryf nie, want dit is heeltemal te veel.

Verkiesing van Jonatan as leier

²³ Ná die dood van Judas het wettelose mans oral in verskillende streke van Israel^m opgeduik, en al die boosdoeners het weer na vore gekom.

²⁴ In daardie dae het 'n baie groot hongersnood ontstaan en die land het saam met hulle afvallig geraak. ²⁵ Bakgides het goddelose mans uitgekies

^j9:15 **berg Azotus:** Daar is geen berg met die naam bekend nie. Volgens sommige verwys dit na Asdod.

*9:19 1 Mak 2:69-70; 13:25-30

^k9:19 **Modeïn:** 'n Dorpie ongeveer 32 km noordwes van Jerusalem.

^l9:20 **Israel:** Die begrippe Hebreërs, Israeliete en Israel word anachronisties in 1 en 2 Mak gebruik om die •Judeërs (inwoners van Juda) ná die ballingskap aan te dui.

*9:21 2 Sam 1:19-27

*9:22 1 Mak 16:23-24

^m9:23 **Israel:** Vgl voetnoot in 1 Mak 9:20.

en hulle as heersers oor die land aangestel. ²⁶ Hulle het rondgesoek na Judas se vriende en hulle opgespoor en voor Bakgides gebring, en hy het op hulle wraak geneem en met hulle die spot gedryf. ²⁷ *Daar het groot verdrukking in Israel ontstaan, soos wat nooit gebeur het sedert die dag wat die laaste profeet onder hulle gesien is nie. ²⁸ Toe het al die vriende van Judas bymekaargekom en vir Jonatan gesê: ²⁹ “Vandat u broer Judas dood is, is daar nie 'n man soos hy wat kan uittrek en opruk teen ons vyande, teen Bakgides en diegene uit ons volk wat vir ons haat nie. ³⁰ Daarom het ons nou vandag vir jou gekies om in sy plek ons regeerder en aanvoerder te wees om ons oorlog te voer.” ³¹ Jonatanⁿ het in daardie tyd die leierskap aanvaar en die plek van sy broer Judas ingeneem.

Veldtogte van Jonatan

³² Bakgides het daarvan gehoor en probeer om hom dood te maak. ³³ Toe Jonatan, sy broer Simon, en almal saam met hom daarvan hoor, het hulle in die Tekoawoestyn^o in gevlug en by die water van die Asfarput kamp opgeslaan. ³⁴ Bakgides het op die Sabbatdag daarvan gehoor, en hy en sy hele leër het die Jordaan oorgesteek. ³⁵ Jonatan^p het sy broer Johannes as aanvoerder van 'n groot groep mense gestuur en sy vriende, die Nabateërs,^q versoek dat hulle al hulle bagasie stoor. ³⁶ Maar die Jambriete van Medaba het uitgegaan en

***9:27** Ps 74:9; 1 Mak 4:46

ⁿ**9:31 Jonatan:** 160-143 vC.

^o**9:33 Tekoawoestyn:** Tekoa, 15 km suid van Jerusalem, was die tuiste van die profeet Amos.

^p**9:35 Jonatan:** Die •bronteks lui “hy”.

^q**9:35 Nabateërs:** 'n Groepering uit die Arabiese koninkryk, Nabatea, in die gebiede Sirië, Jordanië, en Suid-Palestina. Hulle het die Makkabeërs gesteun in hulle opstand teen die Seleukiede. Hulle hoofstad was Petra en het gedurende die laat-Hellenistiese en vroeë Romeinse eras, gefloreer.

Johannes met alles wat hy gehad het, gegryp en daarmee vertrek.

³⁷ Ná hierdie gebeure het mense aan Jonatan en sy broer Simon berig: “Die Jambriete hou 'n groot bruilof en hulle bring die bruid, 'n dogter van een van die belangrike edelmannes van Kanaän, met 'n groot geleide van Nadabat af.” ³⁸ Hulle het die bloed^r van hulle broer Johannes onthou, en het gaan wegkruip met die berg as skuilplek. ³⁹ Hulle het opgekyk en gesien, en sowaar, daar was 'n rumoer van mense met 'n groot klomp bagasie. Die bruidegom, sy vriende en sy broers het hulle met tamboeryne, musikante en baie wapens tegemoetgegaan. ⁴⁰ Die Judeërs^s het uit hulle hinderlaag opgespring en hulle doodgemaak; baie is gewond en het gesneuwel. Die res het in die berg in gevlug, en hulle het al hulle oorlogsbuit gevat. ⁴¹ Die bruilof het in droefheid verander en die lied van die musikante in 'n klaaglied. ⁴² Hulle het die bloed van hulle broer gewreek en teruggekeer na die moerasland van die Jordaan.

⁴³ Bakgides het dit gehoor en op die Sabbatdag met 'n groot leërmag tot by die Jordaan se walle gegaan. ⁴⁴ Jonatan het vir diegene saam met hom gesê: “Laat ons opstaan en veg vir ons lewens, want vandag is nie soos gister en eergister nie. ⁴⁵ Want kyk, die geveg is voor en agter ons, en die water van die Jordaan is hierdie kant en daardie kant, so ook die moerasland en ruigtes, en daar is nie plek om uit te draai nie. ⁴⁶ Roep dan nou na die Hemel, sodat julle gered kan word uit die hand van ons vyande.”

⁴⁷ Die geveg het begin en Jonatan het sy hand uitgestrek om Bakgides te tref, maar hy het voor Jonatan teruggeval. ⁴⁸ Jonatan en diegene saam

^{19:38} **bloed:** Die begrip “bloed” verwys in die Griekse idioom na moord.

^{19:40} **Judeërs:** Die •bronteks lui “hulle”. “Judeërs” dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat teruggekeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

met hom het in die Jordaan gespring en na die oorkant geswem, maar Bakgides se manne^t het nie die Jordaan na hulle toe oorgesteek nie.

⁴⁹ Ongeveer 'n duisend van Bakgides se manskappe het daardie dag gesneuwel.

⁵⁰ Bakgides^u het teruggekeer na Jerusalem en hulle het sterk stede in Judea gebou, die vesting in Jerigo, asook Emmaus, Bet-Goron, Bet-El, Timna, Piraton en Tefon,^v met hoë mure, poorte en sluitbalke. ⁵¹ Hy het garnisoene in die stede geplaas om teen Israel^w te veg. ⁵² Hy het Bet-Sur,^x Geser en die vesting versterk en van leërmagte en kosvoorrade voorsien. ⁵³ Hy het die seuns van die land se leiers gyselaar geneem en hulle in die vesting in Jerusalem ingekerker.

⁵⁴ *In die tweede maand van die honderd-drie-en-vyftigste jaar^y het Alkimus beveel dat die muur van die binneste hof van die heiligdom^z afgebreek word; hy wou die werke^a van die profete afbreek en het trouens begin om dit te doen. ⁵⁵ Maar in daardie tyd is Alkimus swaar getref en is sy optrede verhinder. Hy het stom geword,^b is verlam en kon nie meer 'n woord praat of opdragte oor sy huis gee nie. ⁵⁶ Alkimus het in

^t9:48 *Bakgides se manne*: Die •bronteks lui “hulle”.

^u9:50 *Bakgides*: Die •bronteks lui “hy”.

^v9:50 *sterk stede ... Tefon*: Die stede lê in 'n sirkel op die grens van Judea.

^w9:51 *Israel*: Vgl voetnoot in Mak 9:20.

^x9:52 *Bet-Sur*: 'n Belangrike grensdorp, 24 km suid van Jerusalem, en die Makkabeërs goedgesind.

^{*}9:54 Esra 6:14; Hag 1:1,8; Sag 4:8-9

^y9:54 *153ste jaar*: Mei 159 vC.

^z9:54 *heiligdom*: Letterlik ‘heilige dinge’, maar die verwysing is na die •tempel in Jerusalem.

^a9:54 *werke*: Verwys waarskynlik na bouwerk van die profete; vgl Esra 6:14; Hag 1:1,8; Sag 4:8-9.

^b9:55 *stom geword*: Letterlik ‘sy mond is toegestop’.

daardie tyd in groot pyn gesterf. ⁵⁷ Toe Bakgides sien dat Alkimus gesterf het, het hy na die koning teruggegaan. Daarna was die land van Juda twee jaar lank rustig.

Vredesverdrag tussen Bakgides en Jonatan

⁵⁸ Al die wetteloses het beraadslaag en gesê: “Kyk, Jonatan en diegene saam met hom leef rustig en sorgvry. Daarom sal ons nou vir Bakgides bring en hy sal hulle almal binne een nag gevange neem.” ⁵⁹ Hulle het gegaan en met hom beraadslaag. ⁶⁰ Hy het kamp opgebreek en met 'n groot leërmag vertrek en in die geheim aan al sy bondgenote wat in Juda was, briewe gestuur dat hulle Jonatan en diegene saam met hom gevange moet neem. Hulle kon dit egter nie doen nie, want hulle plan het bekend geraak. ⁶¹ Jonatan se manne^c neem toe ongeveer vyftig van die manne van die land, die aanstigters van die kwaad, gevange en maak hulle dood.

⁶² Jonatan en diegene saam met hom, en Simon, het teruggetrek na Bet-Basi^d in die woestyn. Hy het Bet-Basi se bouvalle weer opgebou en hulle het die stad versterk. ⁶³ Toe Bakgides dit te hore kom, het hy sy hele mag bymekaargemaak en bevele aan sy ondersteuners uit Juda gegee. ⁶⁴ Hy het by Bet-Basi gaan kamp opslaan en dae lank teen die stad geveg en oorlogswerktuie gebou. ⁶⁵ Jonatan het sy broer Simon in die stad agtergelaat en met 'n paar manne na die landelike gebied gegaan. ⁶⁶ Hy het Odomera en sy broers, asook die mense van Fasiron, in hulle tentkamp aangeval en begin om hulle te verslaan en hulle het verder getrek met hulle leërmagte. ⁶⁷ Simon en diegene saam met hom het uit die stad uitgegaan en die oorlogswerktuie aan die brand gestee. ⁶⁸ Hulle

^c9:61 *Jonatan se manne*: Die •bronteks lui “hulle”.

^d9:62 *Bet-Basi*: Ongeveer 3 km oos van Betlehem en ongeveer 9½ km noord van Tekoa.

het teen Bakgides geveg, en hy is deur hulle verpletter. Hulle het hom aanhoudend erg geteister, want sy plan en sy aanval was 'n mislukking. ⁶⁹ Hy was woedend vir die wettelose mans wat hom aangeraai het om die gebied binne te gaan en het baie van hulle doodgemaak, waarna hy besluit het om na sy land terug te keer.

⁷⁰ Jonatan het dit gehoor en gesante na hom gestuur om 'n vredesooreenkoms met hom aan te gaan en die gevangenes aan hulle uit te lewer. ⁷¹ Hy het dit aanvaar en sy woord gehou. Hy het 'n eed teenoor Jonatan^e afgelê om sy hele lewe lank te probeer om hom nie kwaad aan te doen nie. ⁷² Hy het die gevangenes wat hy voorheen uit die land van Juda gevange geneem het, aan hom oorgelewer, omgedraai en na sy land teruggekeer. Hy het nie weer hulle gebied ingeval nie. ⁷³ *Die swaard in Israel^f het tot rus gekom. Jonatan het in Mikmas^g gaan woon en begin om oor die volk regspraak te lewer. Hy het die goddeloses uit Israel verwyder.

10

Verdrag met Demetrius

¹ In die honderd-en-sestigste jaar^h het Aleksander Epifanes,ⁱ die seun van Antiogus, opgetrek en Ptolemaï^j ingeneem. Die inwoners het hom aanvaar en hy het daar regeer. ² Toe koning Demetrius dit hoor, het hy

^e9:71 *Jonatan*: Die •bronteks lui “hom”.

*9:73 Rig 10:2-3; 12:7,9,11,14; 15:20; 1 Sam 7:15-16

^f9:73 *Israel*: Vgl voetnoot in 1 Mak 9:20.

^g9:73 *Mikmas*: 11 km noordoos van Jerusalem; vgl 1 Sam 14.

^h10:1 *160ste jaar*: 152 vC.

ⁱ10:1 *Aleksander Epifanes*: Hy was in werklikheid Aleksander Balas (150-145 vC) wat hom as seun van Antiogus IV Epifanes voorgedoen het.

^j10:1 *Ptolemaï*: Die stad Akko.

baie groot leërmagte op die been gebring en hom tegemoetgegaan om teen hom oorlog te voer. ³ Demetrius het aan Jonatan briewe met vriendelike woorde gestuur om hom te prys. ⁴ Want hy het gesê: “Laat ons eers met hom^k vrede sluit voordat hy met Aleksander vrede teen ons sluit, ⁵ want hy sal al die kwaad onthou wat ons hom, sy broers en sy volk aangedoen het.” ⁶ Hy het aan hom volmag gegee om leërmagte op die been te bring en hulle met wapens toe te rus en sy bondgenoot te wees; hy het hom ook beveel om die gyselaars wat in die vesting was, aan hom oor te lewer.

⁷ Jonatan gaan toe na Jerusalem en lees die briewe ten aanhore van die hele volk en die mense in die vesting. ⁸ Hulle het baie bang geword toe hulle hoor dat die koning vir hom volmag gegee het om 'n leërmag op die been te bring. ⁹ Die mense in die vesting het die gyselaars aan Jonatan oorgelewer en hy het hulle aan hulle ouers terugbesorg.

¹⁰ Jonatan het in Jerusalem gaan woon en begin om die stad op te bou en te herstel. ¹¹ Hy het werkers opdrag gegee om die mure te bou en die berg Sion te omring met vierkantige klippe om te dien as vesting, en hulle het so gemaak. ¹² Die uitlanders wat in die vestings was wat Bakgides gebou het, het gevlug. ¹³ Elkeen het sy plek verlaat en na sy eie land teruggegaan. ¹⁴ Maar sommige van dié wat die Wet en die voorskrifte laat vaar het, het in Bet-Sur^l agtergebly, want dit was vir hulle 'n toevlugsoord.

Aanstelling van Jonatan as hoëpriester

¹⁵ Koning Aleksander het gehoor van al die beloftes wat Demetrius na Jonatan gestuur het, en hulle het hom vertel van die oorloë wat Jonatan^m

^k10:4 *hom*: Die •bronteks lui “hulle”.

^l10:14 *Bet-Sur*: 'n Belangrike grensdorp, 24 km suid van Jerusalem, en die Makkabeërs goedgesind.

^m10:15 *Jonatan*: Die •bronteks lui “hy”.

en sy broers gevoer het en van hulle dapper optrede, asook die swaarkry wat hulle verduur het. ¹⁶ Die koning het gesê: “Sal ons nog so 'n man vind? Stellig nie. Ons moet hom dadelik ons Vriendⁿ en bondgenoot maak.”

¹⁷ Hy het briewe met die volgende woorde geskryf en aan hom gestuur:

¹⁸ “Koning Aleksander aan sy broer Jonatan:

“Gegroet!

¹⁹ “Ons het gehoor dat u 'n baie magtige man is, en dat u geskik is om ons Vriend te wees. ²⁰ En nou stel ons u vandag as hoëpriester van u volk aan om Vriend van die Koning^o genoem te word asook om na ons belange om te sien en vriendskap met ons te handhaaf.”

Hy het ook vir hom 'n purperkleed en 'n goue kroon gestuur.

²¹ Jonatan het die heilige stola^p tydens die Huttefees^q in die sewende maand van die honderd-en-sestigste jaar^r aangetrek, en hy het leërmagte op die been gebring en met baie wapens toegerus.

Demetrius se brief aan Jonatan

²² Demetrius het hierdie berigte gehoor en was bedroef. Hy het gesê:

²³ “Wat het ons gedoen dat Aleksander ons voorgespring het deur

ⁿ**10:16 Vriend:** “Vriend van die Koning” was 'n eretitel in die Hellenistiese wêreld wat met sekere regte en verpligtinge verbind was.

^o**10:20 Vriend ... Koning:** Vgl voetnoot in 1 Mak 10:16.

^p**10:21 stola:** 'n Spesiale, lang soort bokleed of toga wat as simbool van status en waardigheid gedien het; •Kleredrag.

^q**10:21 Huttefees:** Ook genoem die "Fees van die insameling", 'n sewedaagse oesfees wat in die sewende maand op 15-22 •Tisri (of •Etanim,) gevier is; •Feeste.

^r**10:21 160ste jaar:** Oktober 152 vC.

vriendskap te sluit met die Judeërs^s sodat hy versterk kan word? ²⁴ Ek sal ook vir hulle woorde van aanmoediging skryf en vir hulle aansien en geskenke belowe, sodat hulle my tot hulp kan wees.” ²⁵ *Hy het 'n brief^t met die volgende woorde vir hulle gestuur:

“Koning Demetrius aan die volk van die Judeërs:

“Gegroet!

²⁶ “Toe ons hoor dat julle julle aan die ooreenkomste met ons gehou het, aan ons vriendskap trou gebly en nie by ons vyande aangesluit het nie, was ons verheug. ²⁷ En nou, hou aan om getrou aan ons te wees, en ons sal julle met goeie dinge beloon vir wat julle vir ons gedoen het. ²⁸ Ons sal julle van baie belastings vrystel en vir julle geskenke gee. ²⁹ Nou onthef ek julle en stel ek alle Judeërs vry van algemene belasting, asook van soutbelasting^u en kroonbelasting.^v ³⁰ En in plaas van om 'n derde van die saad en die helfte van die vrugte van die bome, wat my toekom, te neem, hou ek van vandag af en hierna, op om dit te neem van die land van Juda en die drie distrikte* wat uit Samaria en Galilea daarby gevoeg is — van vandag af en vir altyd. ³¹ Laat Jerusalem en sy omliggende gebied heilig wees en vry van tiendes en tolgeld.

³² “Ek doen ook afstand van die mag oor die vesting in Jerusalem

^s**10:23 Judeërs:** Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat terugkeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

***10:25** 1 Mak 13:36-40

^t**10:25 'n brief:** Ontbreek in die •bronteks, maar word veronderstel.

^u**10:29 soutbelasting:** Letterlik ‘die prys van sout’.

^v**10:29 kroonbelasting:** Letterlik ‘kroon’.

***10:30 drie distrikte:** 1 Mak 11:34

en gee dit aan die hoëpriester, sodat hy manne wat hy self uitgekies het, daarin kan plaas om dit te bewaak. ³³ Ek laat elkeen van die Judeërs wat in die land Juda gevange geneem en weggevoer is na enige deel van my koninkryk, sonder 'n losprys vry. Al die amptenare moet ook hierdie mense van belasting op hulle vee kwytskeld. ³⁴ Al die feesdae, Sabbatdae, nuwemaansfeeste en dae wat vasgestel is — die drie dae voor 'n fees en drie dae ná 'n fees — moet almal belastingvrye dae en dae van kwytskelding wees vir al die Judeërs in my koninkryk. ³⁵ Niemand sal die reg hê om in dié dae iets van hulle te eis of enigeen van hulle oor enige saak lastig te val nie.

³⁶ “Ongeveer dertigduisend mans van die Judeërs moet as lid van die koning se leërmagte ingeskryf word; vir hulle sal ook soldy gegee word, soos wat al die koning se leërmagte toekom. ³⁷ Van hulle sal in die koning se groot vestings geplaas word en ander van hulle sal geplaas word in verantwoordelike posisies in die koninkryk. Hulle bevelvoerders en leiers sal uit hulle eie geledere kom. Hulle sal volgens hulle eie wette leef, soos die koning ook in die land van Juda beveel het.

³⁸ “Die drie distrikte wat uit die land van Samaria by Juda gevoeg is, moet vir Juda só bygevoeg word dat dit gereken word as dat dit onder die gesag van een persoon staan en geen ander gesag gehoorsaam as dié van die hoëpriester nie. ³⁹ Ptolemaïsw en die gebied wat daaraan behoort, gee ek vir die heiligdom^x in Jerusalem as geskenk vir die uitgawes wat nodig is vir die heiligdom. ⁴⁰ Ek gee

^w10:39 *Ptolemaïis*: Vgl voetnoot in 1 Mak 10:1.

^x10:39 *heiligdom*: Letterlik ‘heilige dinge’, maar die verwysing is na die •tempel in Jerusalem.

ook jaarliks vyftienduisend sikkely silwer uit die koning se rekenings uit geskikte oorde. ⁴¹ Al die ekstra fondse vir die tempeldiens wat die amptenare nie inbetaal het soos in die eerste jare nie, moet hulle van nou af vir die tempeldienste gee.

⁴² Hierbenewens ook die vyfduisend sikkel silwer wat hulle jaarliks uit die rekening vir die tempeldienste geneem het — ook dit word kwytgeskeld, want dit behoort aan die priesters wat liturgiese diens doen. ⁴³ Almal wat na die tempelsterrein in Jerusalem gevlug het en in al sy omliggende gebiede is, wat die koning geld skuld of enige ander skuld het, moet vrygestel word en alles in my koninkryk ontvang wat aan hulle behoort. ⁴⁴ *Die koste van die opbou en die opknap van die bouwerke van die heiligdom sal uit die koning se rekening betaal word. ⁴⁵ Die koste van die bou van Jerusalem se mure en die versterking daaromheen sal ook uit die koning se rekening betaal word, ook die koste van die opbou van die mure in Juda.”

⁴⁶ Toe Jonatan en die volk hierdie woorde hoor, het hulle dit nie geglo of aanvaar nie, want hulle het die groot kwaad wat Demetrius^z in Israel^a aangerig het, onthou, asook dat hy hulle erg verdruk het. ⁴⁷ Hulle het Aleksander verkies, want juis hy was die eerste persoon wat woorde van vrede tot hulle gerig het en hulle was altyd sy bondgenote.

⁴⁸ Koning Aleksander het groot leërmagte op die been gebring en teenoor Demetrius kamp opgeslaan. ⁴⁹ Die twee konings het toe die stryd

^y**10:40 15 000 sikkel:** Ongeveer 171 kg; •Geldeenhede.

* **10:44** Esra 6:4

^z**10:46 Demetrius:** Die •bronteks lui “hy”.

^a**10:46 Israel:** Die begrippe Hebreërs, Israëliete en Israel word anachronisties in 1 en 2 Mak gebruik om die •Judeërs (inwoners van Juda) ná die ballingskap aan te dui.

aangeknoop. Demetrius se leërafdeling het gevlug en Aleksander het hom agtervolg en die oorhand oor hulle gekry. ⁵⁰ Hy het tot sonsondergang hewig geveg, en Demetrius het daardie dag gesneuwel.

Vredesooreenkoms tussen Aleksander en Ptolemeus

⁵¹ Aleksander het toe gesante na Ptolemeus, ^b die koning van Egipte, gestuur met die volgende woorde: ⁵² “Toe ek na my koninkryk teruggekeer het, het ek op die troon van my vaders gaan sit, die regering oorgeneem, Demetrius verpletter en ons land onder my beheer gebring. ⁵³ En ek het 'n geveg met hom aangeknoop en hy en sy leërafdeling is deur ons verpletter en ons het op die troon van sy koninkryk gaan sit.

⁵⁴ “Laat ons dan nou 'n vredesooreenkoms met mekaar sluit. Gee vir my nou jou dogter as vrou en ek sal jou skoonseun word en vir jou en haar geskenke gee wat jou waardig is.”

⁵⁵ Koning Ptolemeus het geantwoord: “Dit was 'n goeie dag toe jy teruggekeer het na die land van jou vaders en op die troon van hulle koninkryk gaan sit het. ⁵⁶ Ek sal nou maak soos jy geskryf het, maar ontmoet my in Ptolemaïs, ^c sodat ons mekaar kan sien en ek sal jou skoonvader word, soos jy gesê het.”

⁵⁷ En Ptolemeus het uit Egipte vertrek, hy en sy dogter Kleopatra, ^d en in die honderd-twee-en-sestigste jaar ^e na Ptolemaïs gegaan. ⁵⁸ Koning Aleksander het hom ontmoet en Ptolemeus ^f het sy dogter Kleopatra aan hom gegee. Ptolemeus het haar bruilof met groot vertoon in Ptolemaïs

^b**10:51 Ptolemeus:** Ptolemeus VI Filometor (181-145 vC).

^c**10:56 Ptolemaïs:** Vgl voetnoot in 1 Mak 10:1.

^d**10:57 Kleopatra:** Kleopatra III Thea, toe ongeveer 15 jaar oud, nie te verwar met Kleopatra VII, wat ten tye van Caesar en Antonius geleef het nie. Sy trou later met Demetrius II, en nog later met sy broer Antiochus VII.

^e**10:57 162ste jaar:** 151/150 vC.

^f**10:58 Ptolemeus:** Die •bronteks lui “hy”.

gevier, soos konings maak.

⁵⁹ Koning Aleksander het vir Jonatan geskryf om hom te kom ontmoet.

⁶⁰ Jonatan het met vertoon na Ptolemaïs gegaan en hy het die twee konings ontmoet. Hy het vir hulle en hulle Vriende⁸ silwer, goud en baie geskenke gegee en hulle guns gewen. ⁶¹ Daar het verpestelike mans uit Israel^h — wettelose mans — teen hom saamgespan om 'n klag teen hom in te dien, maar die koning het nie aandag aan hulle gegee nie. ⁶² Die koning het beveel dat hulle Jonatan se klere uittrek en 'n purperkleed vir hom aantrek, en hulle het toe so gemaak. ⁶³ Die koning het hom saam met hom laat sit en vir sy hoë amptenare gesê: “Gaan saam met hom na die middel van die stad en kondig aan dat niemand 'n klag teen hom oor enige saak mag indien nie en dat niemand hom oor enige saak moet lastig val nie.”

⁶⁴ Toe sy aanklaers sien hoe hy in ooreenstemming met die proklamasie geëer word en dat hy in 'n purperkleed geklee was, het hulle almal gevlug.

⁶⁵ Die koning het hom vereer, hom opgeteken as een van sy belangrikste Vriende en hom as generaal en goewerneur aangestel. ⁶⁶ Jonatan het in vrede en met blydschap na Jerusalem teruggekeer.

Oorwinning van Jonatan oor Apollonius

⁶⁷ In die honderd-vyf-en-sestigste jaarⁱ het Demetrius,^j seun van Demetrius, vanuit Kreta na die land van sy vaders gegaan. ⁶⁸ Koning Aleksander het dit gehoor en was diep bedroef. Hy het toe teruggekeer na Antiogië.

⁶⁹ Demetrius het vir Apollonius, die goewerneur van Koile-Sirië,^k

⁸10:60 *Vriende*: Vgl voetnoot in 1 Mak 10:16.

^h10:61 *Israel*: Vgl voetnoot in 1 Mak 10:46.

ⁱ10:67 *165ste jaar*: 147 vC.

^j10:67 *Demetrius*: Demetrius II Nikator (145-138 vC).

^k10:69 *Koile-Sirië*: Die Seleukidiese provinsie in die vallei tussen die Libanon en Anti-Libanongebirgtes, dws die suidwestelike deel van Sirië.

aangestel, en Apollonius het 'n groot leërmag op die been gebring. Hy het by Jamnia kamp opgeslaan en aan Jonatan, die hoëpriester, 'n boodskap gestuur: ⁷⁰ “* Jy is die enigste wat teen ons in opstand kom, en ek het as gevolg van jou 'n bespotting en 'n skande geword. Waarom oefen jy in die berge gesag oor ons uit? ⁷¹ As jy dan nou vertrou het in jou leërmagte, kom af na ons toe in die vlakte en laat ons daar teen mekaar kragte meet, want die stede se leërmag is aan my kant. ⁷² *Vra en kom te wete wie ek en wie die res van ons helpers is, en hulle sal vir jou sê dat julle nie teen ons sal kan standhou nie, want jou vaders is twee maal in hulle land op die vlug gejaag. ⁷³ Jy sal nou ook nie in staat wees om die perderuiters en so 'n leërmag in die vlakte teen te staan, waar daar geen klip of selfs 'n spoelklippie of 'n plek is om heen te vlug nie.”

⁷⁴ Toe Jonatan die woorde van Apollonius hoor, is hy daardeur aangespoor. Hy het tienduisend man uitgekies en uit Jerusalem vertrek. Sy broer Simon het hom tegemoetgegaan om hom te help. ⁷⁵ Hy het by Joppe kamp opgeslaan, maar die stad se mense het die stadspoorte toegesluit, omdat daar 'n garnisoen van Apollonius in Joppe was. Hulle het teen die stad geveg, ⁷⁶ en die inwoners het uit vrees die stadspoorte oopgemaak en Jonatan het beheer oor Joppe¹ verkry.

⁷⁷ Toe Apollonius dit hoor, het hy drieduisend perderuiters en 'n groot leërmag op die been gebring en na Asdod gegaan asof hy daar wou deurtrek, maar terselfdertyd het hy vorentoe beweeg in die rigting van die vlakte omdat hy 'n groot hoeveelheid perderuiters gehad het op wie hy vertrou het. ⁷⁸ Jonatan^m het hom tot in Asdod agtervolg en die leërafdelings het 'n geveg aangeknoop. ⁷⁹ Apollonius het in die geheim 'n

* **10:70** 1 Kon 20:23

* **10:72** 1 Sam 4:1-11; 31:1-7

¹**10:76** *Joppe*: Ongeveer 64 noordwes van Jerusalem.

^m**10:78** *Jonatan*: Die •bronteks lui “hy”.

duisend perderuiters agter hulle geplaas. ⁸⁰ Jonatan het agtergekom dat daar 'n lokval agter hom was — hulle het sy kamp omring en van vroegoggend tot laatmiddag pyle op die volk afgeskiet. ⁸¹ Die volk het bly staan soos Jonatan beveel het; die vyand seⁿ perderuiters het egter moeg geword. ⁸² Simon het sy leërmag nadergebring en die linie aangeval omdat die perderuiters uitgeput was, en hulle is deur hom verpletter en het gevlug. ⁸³ *Die perderuiters is in die vlakte verstrooi, het na Asdod gevlug en het by Bet-Dagon hulle afgodstempel binnegegaan om gered te word. ⁸⁴ Jonatan het Asdod en die omliggende stede verbrand en geplunder, en die tempel van Dagon en dié wat saam daarheen gevlug het, met vuur verbrand. ⁸⁵ Dié wat deur die swaard geval het, saam met dié wat verbrand is, was ongeveer agtduisend man.

⁸⁶ Jonatan het daarvandaan vertrek en by Askelon kamp opgeslaan. Die inwoners van die stad het uitgegaan om hom met groot eerbetoon te ontmoet. ⁸⁷ Jonatan en diegene saam met hom het met baie oorlogsbuit na Jerusalem teruggekeer. ⁸⁸ Toe koning Aleksander van hierdie gebeure hoor, het hy Jonatan nog meer vereer. ⁸⁹ Hy het ook vir hom 'n goue gespe,^o soos gewoonlik aan die verwante van konings gegee word, gestuur en hy het Ekron en al sy omliggende gebiede aan hom as eiendom gegee.

11

Ondergang van Aleksander

¹ *Die koning van Egipte^p het talryke leërmagte versamel, soos die sand

ⁿ10:81 *die vyand se*: Die •bronteks lui “hulle”.

*10:83 1 Sam 5:1-5

^o10:89 *goue gespe*: 'n Teken dat iemand 'n •Vriend van die Koning was.

*11:1 1 Mak 10:57-58

^p11:1 *koning van Egipte*: Ptolemeus VI Filometor.

op die strand van die see, en baie skepe, en het probeer om deur verraad oor die koninkryk van Aleksander beheer te verkry en dit by sy koninkryk te voeg. ² Toe het hy na Sirië vertrek met woorde van vrede. Die stede se inwoners het die hekke vir hom oopgemaak en hom tegemoetgegaan, want dit was 'n bevel van koning Aleksander om hom tegemoet te gaan, omdat hy sy^q skoonpa was. ³ Maar wanneer Ptolemeus in die stede ingaan, het hy in elke stad leërnagte as garnisoen agtergelaat.

⁴*Maar toe hulle Asdod nader, het hulle vir hom die afgebrande heiligdom van Dagon gewys en Asdod en sy verwoeste buitewyke, en die lyke wat verstrooid en verbrand gelê het, wat hy in die oorlog verbrand het, want daarvan het hulle hope op sy pad gemaak. ⁵ Hulle het aan die koning vertel wat Jonatan gedoen het, ten einde die skuld op hom te pak, maar die koning het stilgebly.

⁶ Jonatan het die koning met groot vertoon in Joppe ontmoet en hulle het mekaar gegroet en daar oornag. ⁷ Jonatan het saam met die koning gegaan tot by die rivier wat Eleutherus^r genoem word en toe na Jerusalem teruggekeer. ⁸ Maar koning Ptolemeus het beheer verkry oor die kusstede tot by Seleukië, aan die see,^s en het voortdurend bese planne teen Aleksander gesmee. ⁹*Hy het gesante na koning Demetrius^t gestuur en gesê: “Kom, laat ons 'n verbond met mekaar sluit, en dan sal ek vir jou my dogter, wat Aleksander se vrou is, gee en jy sal oor jou

^q11:2 **sy**: Aleksander.

*11:4 1 Mak 10:84

^r11:7 **Eleutherus**: Die moderne Nahr el-Kebir, die noordgrens van Libanon; in die 2de eeu vC die noordgrens van •Koile-Sirië.

^s11:8 **Seleukië ... see**: Aan die mond van die Orontesrivier, die hawestad van Antiogië.

*11:9 1 Mak 10:67

^t11:9 **Demetrius**: Demetrius II Nikator (145-138 vC).

vader se koninkryk regeer. ¹⁰ Want ek is spyt dat ek my dogter vir hom gegee het, aangesien hy probeer het om my dood te maak.” ¹¹ Hy het Aleksander^u verwyet omdat hy sy koninkryk begeer het. ¹² Ptolemeus^v het toe sy dogter van hom weggeneem en vir Demetrius gegee, en hy het vervreemd geraak van Aleksander en hulle haat was opsigtelik.

¹³ Ptolemeus het in Antiogië ingegaan en die kroon van Asië opgesit. Hy het twee krone op sy kop gesit, dié van Egipte en dié van Asië. ¹⁴ Koning Aleksander was in daardie tyd in Seleukië, want die mense van daardie gebiede het in opstand gekom. ¹⁵ Aleksander het hiervan gehoor en gekom om teen hom oorlog te maak, en Ptolemeus het uitgetrek en hom met 'n kragtige hand tegemoetgegaan en hom op die vlug gejaag.

¹⁶ Aleksander het na Arabië gevlug om daar beskerming te kry, en koning Ptolemeus is met hoë aansien vereer. ¹⁷ Sabdiël, die Arabier, het Aleksander se kop afgesny en aan Ptolemeus gestuur. ¹⁸ Maar koning Ptolemeus het op die derde dag gesterf en dié wat in sy vestings was, is deur die ander in die vestings doodgemaak. ¹⁹ Demetrius^w het in die jaar honderd sewe-en-sestig^x begin regeer.

Vriendskap tussen Jonatan en Demetrius

²⁰ *In daardie dae het Jonatan die mense in Juda bymekaargebring om teen die vesting in Jerusalem oorlog te maak en hy het baie oorlogswerktuie vervaardig om daarteen te gebruik. ²¹ Sommige wat hulle volk gehaat het, wettelose mans, het na die koning gegaan en aan hom berig dat Jonatan die vesting beleër. ²² Toe hy dit hoor, het hy

^u11:11 *Aleksander*: Die •bronteks lui “hom”.

^v11:12 *Ptolemeus*: Die bronteks lui “Hy”.

^w11:19 *Demetrius*: Vgl voetnoot in 1 Mak 11:9.

^x11:19 *jaar 167*: 145 vC.

*11:20 1 Mak 6:18-20

kwaad geword en onmiddellik kamp opgebreek en na Ptolemaï^y gegaan. Hy het aan Jonatan geskryf om dit nie te beleër nie en hom in Ptolemaï^s te ontmoet om so gou moontlik met hom te beraadslaag. ²³ Maar toe Jonatan dit hoor, het hy beveel dat die beleëring van die vesting voortgesit word; hy het van die oudstes van Israel^z en van die priesters gekies, en homself in gevaar begewe. ²⁴ Hy het silwer, goud, klere en baie ander geskenke geneem en na die koning in Ptolemaï^s gegaan en sy guns gewen. ²⁵ Sekere wettelose mans uit die volk het beskuldigings teen hom ingebring, ²⁶ * maar die koning het teenoor hom opgetree net soos sy voorgangers teenoor hom opgetree het, en Jonatan in die teenwoordigheid van al sy Vriende^a vereer. ²⁷ Hy het hom in die amp van hoëpriester bevestig en ook in alle ander eervolle posisies wat hy vroeër gehad het, en het hom die vernaamste onder sy beste Vriende gemaak. ²⁸ Jonatan het die koning versoek om Juda en die drie distrikte^{*} en Samaria belastingvry te maak en het aan hom driehonderd talent^b belowe. ²⁹ Die koning het dit goedgekeur en briewe aan Jonatan geskryf oor al hierdie sake, met die woorde:

³⁰ “Koning Demetrius aan sy broer^c Jonatan en die volk van die

^y**11:22 Ptolemaï^s:** Die stad Akko.

^z**11:23 Israel:** Die begrippe Hebreërs, Israëliete en Israel word anachronisties in 1 en 2 Mak gebruik om die •Judeërs (inwoners van Juda) ná die ballingskap aan te dui.

* **11:26** 1 Mak 10:6,18-20,88

^a**11:26 Vriende:** “Vriende van die Koning” was 'n eretitel in die Hellenistiese wêreld wat met sekere regte en verpligtinge verbind was.

* **11:28 drie distrikte:** 1 Mak 10:30,38; 11:34

^b**11:28 300 talent:** Die grootste geldeenheid, gelyk aan sowat 6 000 •denarius. 300 talent was dus ongeveer die loon van 1 800 000 dagarbeiders; •Geldeenhede.

^c**11:30 broer:** 'n Eretitel vir 'n familielid.

Judeërs:^d

“Gegroet!

³¹ “Die afskrif van die brief wat ons aan ons familielid Lasthenes oor julle geskryf het, skryf ons ook aan julle, sodat julle daarvan kennis kan neem,

³² ‘Koning Demetrius aan sy vader^e Lasthenes:^f

‘Gegroet!

³³ ‘Ons het besluit om die volk van die Judeërs, wat ons vriende is en hulle verpligtinge teenoor ons nakom vanweë hulle goedgesindheid teenoor ons, goed te behandel. ³⁴ Ons bevestig aan hulle die gebiedsgrense van Juda en die drie provinsies, Afairema,^g Lidda^h en Rataminⁱ — hulle word uit Samaria by Juda gevoeg en ook al die gebiede wat aan almal behoort wat in Jerusalem offer, in die plek van die kroonbelasting wat die koning voorheen jaarliks van hulle ontvang het uit die opbrengs van die land en die

^d**11:30 Judeërs:** Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat teruggekeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

^e**11:32 vader:** 'n Eretitel vir 'n familielid.

^f**11:32 Lasthenes:** Aanvoerder van die huurtroepe wat saam met Demetrius van Kreta gekom het.

^g**11:34 Afairema:** Ofra in Jos 18:23; Efron in 2 Kron 13:19; Efraim in Joh 11:54; 8 km noordoos van Bet-El.

^h**11:34 Lidda:** Lod in Esra 2:33; Neh 11:35; Lidda in Hand 9:32-34, 16 km suidoos van Joppe.

ⁱ**11:34 Ratamin:** Geleë 14½ km noordoos van •Lidda; Ramatajim in 1 Sam 1:1; Arimatea in Matt 27:57.

vrugteboorde.³⁵ Die ander dinge wat ons toekom uit die tiendes, die belastings, die soutputte en die kroonbelasting, skeld ons hulle van nou af alles vry, as hulp.³⁶ Nie een van hierdie bepalings sal ongeldig gemaak word nie — nou en vir altyd.

³⁷ ‘Sorg dan nou dat 'n afskrif hiervan gemaak word, en laat dit aan Jonatan gegee en op 'n opvallende plek op die heilige berg geplaas word.’ ”

Trifo se planne teen Demetrius

³⁸ Toe koning Demetrius sien dat die land onder hom rustig was en dat niemand hom teenstaan nie, het hy al sy magte ontbind en elkeen na sy eie plek gestuur, behalwe die buitelandse magte wat hy as huursoldate gewerf het van die heidennasies se eilande af. Daarom het al die leërmagte wat onder sy vaders gedien het, hom gehaat.³⁹ Trifo was een van dié wat voorheen vir Aleksander ondersteun het en hy het agtergekom dat al die leërmagte oor Demetrius mor. Hy het na Imalkue gegaan, die Arabier wat vir Antiogus,^j die kind van Aleksander, grootgemaak het.⁴⁰ Hy het by hom aangedring om Antiogus^k aan hom te oorhandig sodat hy in die plek van sy vader kon regeer. Hy het hom alles vertel wat Demetrius gedoen het en van die haat waarmee sy leërmagte hom haat, en hy het 'n hele ruk daar gebly.

⁴¹ Jonatan het 'n boodskap na koning Demetrius gestuur om die manskappe op die vesting in Jerusalem te verwyder, en ook dié in die ander vestings, want hulle het teen Israel^l bly veg.⁴² Demetrius het 'n boodskap aan Jonatan gestuur met die woorde: “Ek sal nie slegs hierdie dinge vir jou en jou volk doen nie, maar wanneer ek 'n goeie geleentheid

^j11:39 *Antiogus*: Antiogus VI (145-142 vC).

^k11:40 *Antiogus*: Die •bronteks lui “hom”.

^l11:41 *Israel*: Vgl voetnoot in 1 Mak 11:23.

kry, sal ek jou en jou volk in 'n uitsonderlike mate vereer. ⁴³ *Jy sal dan nou goed doen as jy vir my manskappe stuur wat saam met my kan veg, want al my leërmagte het in opstand gekom.” ⁴⁴ Jonatan het drieduisend sterk manne na hom in Antiogië gestuur. Toe hulle by die koning kom, was hy verheug oor hulle koms.

⁴⁵ Die stad se inwoners, ongeveer honderd-en-twintigduisend mans,^m het in die middel van die stad bymekaargekom en wou die koning doodmaak. ⁴⁶ Maar die koning het die paleis in gevlug, en die stad se inwoners het die strate oorgeneem en begin veg. ⁴⁷ Die koning het die Judeërsⁿ se hulp ingeroep, en hulle het almal by hom bymekaargekom en toe deur die stad versprei. Hulle het op daardie dag ongeveer honderdduisend doodgemaak. ⁴⁸ Hulle het die stad aan die brand gestee, daardie dag baie oorlogsbuit gevat en die koning gered. ⁴⁹ Die stad se inwoners het gesien dat die Judeërs die stad beheer het soos hulle plan was en hulle geesdrif het verswak en hulle het smekend na die koning uitgeroep en gesê: ⁵⁰ “Reik ons die regterhand^o en laat die Judeërs ophou veg teen ons en die stad!” ⁵¹ Hulle het toe hulle wapens neergegooi en vrede gemaak. Die Judeërs is in die teenwoordigheid van die koning en almal in sy koninkryk vereer en hulle het met baie oorlogsbuit na Jerusalem teruggekeer.

⁵² Koning Demetrius het op die troon van sy koninkryk gaan sit en die land was rustig onder hom. ⁵³ Maar hy het sy woord verbreek oor alles wat hy gesê het en hom van Jonatan vervreem en nie die gunste wat

***11:43** 1 Mak 10:36

^m**11:45 120 000 mans:** Vroue en kinders is nie bygetel nie.

ⁿ**11:47 Judeërs:** Vgl voetnoot in 1 Mak 11:30.

^o**11:50 reik ... regterhand:** Die uitdrukking is 'n simboliese gebaar vir “in vrede kom”. In antieke tye het mense mekaar die hand gereik om aan te toon dat hulle geen wapens dra nie.

Jonatan^p hom bewys het, terugbetaal nie, maar hom erg verdruk.

⁵⁴ Hierna het Trifo en die jong kind Antiogus^q saam met hom teruggekeer, en Antiogus het koning geword en 'n kroon opgesit. ⁵⁵ Al die leërmagte wat Demetrius ontslaan het, het by Antiogus^r bymekaargekom. Hulle het teen Demetrius^s oorlog gevoer, maar hy het ontsnap en is op die vlug gejaag. ⁵⁶ Trifo het op die diere^t beslag gelê en oor Antiogië beheer verkry. ⁵⁷ Die jong Antiogus het aan Jonatan geskryf en gesê: “Ek bevestig jou in die amp van hoëpriester, stel jou oor die vier distrikte aan en maak jou een van die Vriende van die Koning.”^u ⁵⁸ Hy het vir hom goue borde en eetgerei gestuur en hom toestemming gegee om uit goue bekere te drink, purper aan te trek en 'n goue gespe^v te dra. ⁵⁹ Hy het sy^w broer Simon as generaal aangestel oor die Leer van Tirus^x tot by die grense van Egipte.

Veldtogte van Jonatan en Simon

⁶⁰ Jonatan het vertrek en deur Oorkant die Rivier^y en die stede beweeg, en die hele leërmag van Sirië het by hom bymekaargekom om 'n bondgenootskap met hom te sluit. Hy het na Askelon gegaan en die stad se inwoners het hom met groot vertoon tegemoetgegaan. ⁶¹ Hy het

^p11:53 *Jonatan*: Die •bronteks lui “hy”.

^q11:54 *Antiogus*: Antiogus VI.

^r11:55 *Antiogus*: Die bronteks lui “hom”.

^s11:55 *Demetrius*: Die bronteks lui “hom”.

^t11:56 *diere*: Hiermee word ‘olifante’ bedoel.

^u11:57 *Vriende ... Koning*: Vgl voetnoot 1 Mak 11:26.

^v11:58 *goue gespe*: 'n Teken dat iemand 'n •Vriend van die Koning was.

^w11:59 *sy*: Verwys na Jonatan.

^x11:59 *Leer van Tirus*: Die huidige modern Ras en-Naqurah, op die grens van Libanon en Israel waar berge tot aan die see strek en die pad trapsgewys na bo gaan.

^y11:60 *Oorkant die Rivier*: Verwys na die provinsie suid van Selicië en wes van die Eufraat; vgl 1 Mak 11:3,32; 7:8.

daarvandaan na Gasa vertrek, maar Gasa se inwoners het die stad toegesluit. Hy het dit toe beleër, die voorstede aan die brand gestee en hulle geplunder. ⁶² Nadat Gasa se inwoners Jonatan daarom versoek het, het hy hulle die regterhand gereik.^z Hy het hulle hoë amptenare se seuns as gyselaars geneem en hulle na Jerusalem gestuur. Hy het deur die land gegaan tot by Damaskus. ⁶³ Jonatan het gehoor dat Demetrius se bevelvoerders met 'n groot leërmag na Kedes in Galilea gekom het en hom uit sy amp wou verwyder. ⁶⁴ Hy het hulle tegemoetgegaan, maar sy broer Simon in die gebied agtergelaat. ⁶⁵ Simon het by Bet-Sur^a kamp opgeslaan, dae lank daarteen geveg en dit omsingel. ⁶⁶ Hulle het hom versoek om die regterhand te neem en hy het dit aan hulle gereik. Hy het hulle egter daarvandaan verdryf, die stad ingeneem en 'n garnisoen daar gestasioneer.

⁶⁷ Jonatan en sy leërafdeling het by die water van Gennesaret kamp opgeslaan. Hulle het vroeg die oggend opgestaan en na die vlakte van Hasor* verskuif. ⁶⁸ En sowaar, daar was die leërafdeling van die buitelanders besig om hom in die vlakte tegemoet te trek. Hulle het vir hom 'n hinderlaag in die berge opgestel, maar hom ook reg van voor af tegemoet getrek. ⁶⁹ Die manne in die hinderlaag het uit hulle posisies opgespring en die geveg begin. ⁷⁰ Al diegene saam met Jonatan het gevlug. Nie een van hulle het agtergebly nie, behalwe Mattatias, die seun van Absalom, en Judas, die seun van Galfi, die bevelvoerders van die leërmagte. ⁷¹ Jonatan het sy klere geskeur, grond op sy kop gestrooi en gebid. ⁷² Hy het teruggekeer na die geveg met hulle, hulle op die vlug

^z**11:62 regterhand gereik:** 'n Simboliese gebaar vir 'in vrede kom'. In antieke tye het mense mekaar die hand gereik om aan te toon dat hulle geen wapens dra nie.

^a**11:65 Bet-Sur:** 'n Belangrike grensdorp, 24 km suid van Jerusalem, en die Makkabeërs goedgesind.

***11:67 vlakte van Hasor:** Jos 11:10

gejaag en die vyand het gevlug. ⁷³ Toe sy manne wat op die vlug was dit sien, het hulle na hom teruggedraai en saam met hom die vyand tot by Kedes, tot by hulle kamp, agtervolg en daar kamp opgeslaan. ⁷⁴ Ongeveer drieduisend manskappe van die buitelanders het op daardie dag gesneuwel. Toe het Jonatan na Jerusalem teruggekeer.

12

Vriendskapsverdrae met Rome en Sparta

¹ *Toe Jonatan sien dat die tyd gunstig is, het hy manne gekies en na Rome gestuur om die vriendskapsverdrag met hulle te bevestig en te hernu. ² Met dieselfde doel het hy briewe na die Spartane gestuur, en na ander plekke. ³ Hulle het na Rome gegaan, die senaatsaal binnegegaan en gesê: “Die hoëpriester Jonatan en die volk van die Judeërs^b het ons gestuur om die vriendskap en bondgenootskap van vroeër met hulle te hernu.” ⁴ Die Romeine^c het aan hulle briewe gegee vir die mense in elke streek, sodat hulle hulle veilig tot in die land van Juda kon begelei.

⁵ En hier volg die afskrif van die briewe wat Jonatan aan die Spartane geskryf het:

⁶ * “Die hoëpriester Jonatan, die Raad van Oudstes^d van die volk, die priesters en die res van die Judese burgers,

***12:1** 1 Mak 8:17-32

^b**12:3 Judeërs:** Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat teruggekeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

^c**12:4 Die Romeine:** Die •bronteks lui “hulle”.

***12:6** 1 Mak 12:20-23; 14:20-23; 2 Mak 5:9

^d**12:6 Oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

“aan hulle broers, die Spartane:

“Gegroet!

⁷ “Daar is reeds vroeër^e briewe van Arius,^f wat oor julle regeer het, aan die hoëpriester Onias^g gestuur — dat julle ons broers is, soos die afskrif hieronder aantoon. ⁸ Onias het die man wat gestuur is, eervol ontvang en die briewe waarin die bondgenootskap en vriendskap uiteengesit is, in ontvangs geneem. ⁹* Alhoewel ons nie hierdie dinge nodig het nie, omdat ons die heilige boekrolle wat in ons hande is, as bemoediging het, ¹⁰ het ons probeer om 'n boodskap te stuur om die broederskap en vriendskap met julle te hernu sodat ons nie van julle vervreemd raak nie, want baie tyd het verloop vandat julle 'n boodskap aan ons gestuur het. ¹¹ Ons onthou julle egter steeds by elke geleentheid, op feesdae sowel as op ander geskikte dae wanneer ons offers bring, en in ons gebede, soos dit reg en gepas is om broers te onthou. ¹² Ons verbly ons oor julle aansien.

¹³ “Baie verdrukings en oorloë het ons omring en die konings in ons omstreke het teen ons oorlog gemaak. ¹⁴ Ons wou julle of ons ander bondgenote en vriende egter nie lastig val tydens hierdie oorloë nie, ¹⁵* want ons beskik oor Hulp^h uit die hemel wat ons help, en so is ons van ons vyande gered en is ons vyande verneder. ¹⁶ Ons het dus vir Numenius, seun van Antiogus, en Antipater, seun van

^e12:7 **vroeër**: Ongeveer 1½ eeu tevore.

^f12:7 **Arius**: Arius I (309-265 vC), koning van Sparta.

^g12:7 **Onias**: Onias I, hoëpriester van 323-300 (of 290) vC.

* 12:9 2 Mak 15:9; Rom 15:4

* 12:15 1 Mak 3:18-22

^h12:15 **Hulp**: Verwys na God.

Jason, uitgekies en hulle na Rome gestuur om die vriendskap en bondgenootskap van vroeër met hulle te hernu. ¹⁷ Ons het hulle egter beveel om na julle te gaan, julle te groet en ons briewe oor die hernuwing en ons broederskap aan julle te oorhandig. ¹⁸ Julle sal nou goed doen deur ons hierop te antwoord.”

¹⁹ En hier volg die afskrif van die briewe wat hulle aan Onias gestuur het:

²⁰ * “Arius, die koning van die Spartane,
“aan die hoëpriester Onias,
“Gegroet!

²¹ “Daar is in 'n geskrewe dokument oor die Spartane en die Judeërs vasgestel dat hulle broers is en dat hulle uit die nageslag van Abraham kom. ²² Noudat ons dit weet, sal julle goed doen as julle vir ons oor julle welstand skryf. ²³ Ons skryf terug aan julle dat julle vee en julle besittings aan ons behoort en dat wat aan ons behoort, ook aan julle behoort. Ons gee dus opdrag dat ons gesanteⁱ aan julle op hierdie wyse verslag doen.”

Verdere veldtogte van Jonatan en Simon

²⁴ Jonatan het gehoor dat Demetrius^j se aanvoerders met 'n groter leërmag as vantevore teruggekeer het om teen hom oorlog te maak. ²⁵ Hy het uit Jerusalem vertrek en hulle in die gebied van Amatit^k ontmoetgegaan, want hy het nie vir hulle die geleentheid gegee om sy

*12:20 1 Mak 12:6-18

ⁱ12:23 *ons gesante*: Die •bronteks lui “hulle”.

^j12:24 *Demetrius*: Demetrius II.

^k12:25 *Amatit*: Hamat in die Orontes vallei. Die Seleukidiese gebied van Bowe-Sirië, deur die Eleutherusrivier geskei van Koile-Sirië.

gebied binne te kom nie. ²⁶ Hy het spioene na hulle kamp gestuur. Die spioene het teruggekeer en aan hom berig dat Demetrius se leër^l opgestel is om hulle gedurende die nag te oorval. ²⁷ Toe die son sak, het Jonatan sy manne beveel om wakker te bly en hulle wapens byderhand te hou sodat hulle dwarsdeur die nag vir oorlog gereed is, en hy het buiteposte rondom die kamp opgestel. ²⁸ Die teenstanders het gehoor dat Jonatan en sy manne gereed is vir oorlog, en hulle het bang geword en vrees het hulle harte gevul, en hulle het vure in hulle kamp aangesteek en hulle het teruggetrek.^m ²⁹ Maar Jonatan en sy manne het dit tot die oggend toe nie gemerk nie, want hulle het die vure sien brand. ³⁰ Jonatan het hulle agtervolg, maar hulle nie ingehaal nie, want hulle het die Eleutherusrivier oorgesteek. ³¹ Jonatan het na die Arabiere, dié wat Sabadaers* genoem word, afgedraai en hulle verslaan en hulle besittings as oorlogsbuit gevat. ³² Hy het kamp opgebreek en na Damaskus gegaan en deur die hele gebied gemarsjeer.

³³ Simon het vertrek en tot by Askelon en die nabygeleë vestings gemarsjeer. Hy het na Joppe afgedraai en dit ingeneem, ³⁴ want hy het gehoor dat hulle die vesting wou oorgee aan Demetrius se manskappe, en hy het daar 'n garnisoen gestasioneer om dit te bewaak.

³⁵ * Jonatan het teruggekeer en die oudstes van die volk in vergadering geroep. Hy het saam met hulle besluit om vestings in Juda te bou ³⁶ * en die mure van Jerusalem hoër te maak en 'n hoë muur tussen die vesting en die stad op te rig om dit van die stad af te skei, sodat dit apart kon

^l**12:26 Demetrius se leër:** Die •bronteks lui “hulle”.

^m**12:28 en hulle het teruggetrek:** Ontbreek in die bronteks, maar ingevoeg op grond van ander mss.

***12:31 Sabadaers:** 1 Mak 11:17

***12:35** 1 Mak 13:33

***12:36** 1 Mak 6:18-20

wees en die vyandⁿ nie kon koop of verkoop nie. ³⁷ Hulle het bymekaargekom om die stad te herbou, maar 'n deel van die muur aan die oostekant, teen die spruit, het ineengestort, en Jonatan het die deel wat Gafenata genoem word, herstel. ³⁸ Simon het Adida in Sjefela gebou, dit versterk en deure en sluitbalke daar geplaas.

Verraad teen Jonatan

³⁹ *Trifo het beplan om oor Asië koning te word, die kroon op te sit en sy hand teen koning Antiogus te lig. ⁴⁰ Hy was egter bang dat Jonatan dit nie sou toelaat nie en teen hom sou oorlog maak. Daarom het hy aanhou probeer om hom gevange te neem met die doel om hom dood te maak. Hy het toe vertrek en na Bet-San gegaan.

⁴¹ Jonatan het met veertigduisend manskappe wat vir die gevegslinie uitgesoek was, vertrek om hom te ontmoet en het na Bet-San gegaan.

⁴² Toe Trifo sien dat hy met 'n groot leërmag gekom het, was hy bang om sy hand teen hom te lig. ⁴³ Hy het hom eervol ontvang, hom aan al sy vriende voorgestel en vir hom geskenke gegee. Hy het sy vriende en leërmagte beveel om na Jonatan te luister soos hulle na hom sou luister.

⁴⁴ Hy het vir Jonatan gesê: “Waarom het jy hierdie hele volk moeite aangedoen, aangesien daar nie oorlog tussen ons is nie? ⁴⁵ Stuur hulle nou na hulle huise, maar kies vir jou 'n paar manskappe om jou te vergesel. Kom saam met my na Ptolemaï's^o en ek sal dit, die res van die vestings, die res van die leërmagte en al die amptenare aan jou oorhandig. Dan sal ek omdraai en weggaan, want dit is waarom ek hier is.”

⁴⁶ Jonatan^p het hom geglo en gemaak soos hy gesê het. Hy het die leërmagte weggestuur en hulle het na die land van Juda vertrek. ⁴⁷ Hy

ⁿ12:36 *die vyand*: Die •bronteks lui “hulle”.

*12:39 1 Mak 11:39

^o12:45 *Ptolemaï's*: Die stad Akko.

^p12:46 *Jonatan*: Die •bronteks lui “hy”.

het egter drieduisend manskappe by homself agtergehou van wie hy tweeduisend in Galilea gelaat het, terwyl 'n duisend hom vergesel het. ⁴⁸ Net toe Jonatan Ptolemaïs binnegegaan het, het die Ptolemeërs die poorte gesluit, en hom gevange geneem en almal saam met hom met die swaard doodgemaak. ⁴⁹ Trifo het leërmagte en perderuiters na Galilea en na die Groot Vlakte^q gestuur om al Jonatan se manskappe dood te maak. ⁵⁰ Maar hulle was onder die indruk dat hy gevange geneem is en dat hy en dié saam met hom, gesterf het. Hulle het mekaar bemoedig en in gelid bly marsjeer, gereed om te veg. ⁵¹ Toe hulle agtervolgers sien dat hulle bereid was om vir hulle lewe te veg, het hulle teruggedraai. ⁵² Hulle het almal veilig na die land van Juda gegaan. Hulle het oor Jonatan en dié saam met hom getreur, en was ontsettend bang. Die hele Israel^r het diep gerou. ⁵³ Al die heidennasies in die omstreke het probeer om hulle uit te wis, want hulle het gesê: “Hulle het nie 'n aanvoerder en 'n helper nie. Kom ons maak nou oorlog teen hulle en wis die herinnering aan hulle uit onder die mense.”

13

Verkiesing van Simon as leier

¹ Simon het gehoor dat Trifo 'n groot leërmag op die been gebring het om die land van Juda binne te val en dit te vernietig. ² Hy het gesien dat die volk bewend van vrees was, en het na Jerusalem opgegaan en die volk byeengeroep. ³ Hy het hulle bemoedig en vir hulle gesê: “Julle weet self van alles wat ek en my broers en my vader se huis gedoen het ter

^q**12:49 Groot Vlakte:** Jisreëlvlakte wat van die kus noord van Gilboaberg af tot aan die Jordaanvallei loop.

^r**12:52 Israel:** Die begrippe Hebreërs, Israeliëte en Israel word anachronisties in 1 en 2 Mak gebruik om die •Judeërs (inwoners van Juda) ná die ballingskap aan te dui.

wille van die wette en die heiligdom; en van die oorloë en die verdrukking wat ons gesien het. ⁴ *Dit is om hierdie rede dat al my broers vir Israel^s gesterf het; slegs ek het oorgebly. ⁵ Mag dit tog nie met my gebeur dat ek my lewe behou in enige tyd van verdrukking nie, want ek is nie beter as my broers nie. ⁶ Ek sal eerder my volk, die heiligdom^t en julle vroue en kinders wreek, want al die heidennasies het bymekaargekom om ons uit haat te vernietig.” ⁷ Die volk se geesdrif het weer opgevlam toe hulle hierdie woorde hoor. ⁸ Hulle het met 'n harde stem geantwoord en gesê: “Jy is ons leier in die plek van Judas en jou broer Jonatan! ⁹ Voer ons oorlog en ons sal alles doen wat jy vir ons sê.” ¹⁰ Hy het al die krygsmanne bymekaargemaak en hom gehaas om die mure van Jerusalem te voltooi en die stad rondom te versterk. ¹¹ *Hy het Jonatan, Absalom se seun, en saam met hom 'n aansienlike leërmag, na Joppe gestuur. Jonatan^u het dié wat in die stad was, uitgedryf en daarin gaan woon.

Dood van Jonatan

¹² Trifo het van Ptolemaï^v af met 'n groot leërmag vertrek om die land van Juda binne te val. Hy het Jonatan onder bewaking saam met hom geneem. ¹³ *Simon het in Adida, teenoor die vlakte, kamp opgeslaan. ¹⁴ Trifo het gehoor dat Simon die plek van sy broer Jonatan ingeneem het

*13:4 1 Mak 2:2-5; 6:43,47; 9:18,36-38; 12:50

^s13:4 *Israel*: Die begrippe Hebreërs, Israeliete en Israel word anachronisties in 1 en 2 Mak gebruik om die •Judeërs (inwoners van Juda) ná die ballingskap aan te dui.

^t13:6 *heiligdom*: Letterlik ‘heilige dinge’, maar die verwysing is na die •tempel in Jerusalem.

*13:11 1 Mak 12:33-34

^u13:11 *Jonatan*: Die •bronteks lui “hy”.

^v13:12 *Ptolemaï*: Die stad Akko.

*13:13 1 Mak 12:38

en dat hy op die punt was om die stryd met hom aan te knoop. Hy stuur toe gesante na hom om te sê: ¹⁵ “Vanweë die geld^w wat jou broer Jonatan vir koninklike belasting skuld as gevolg van die amp wat hy bekleed het, hou ons hom gevange. ¹⁶ Stuur nou honderd talent^x silwer en twee van sy seuns as gyselaars sodat hy nie teen ons in opstand kom nadat hy vrygelaat is nie, en ons sal hom vrylaat.” ¹⁷ Alhoewel Simon geweet het dat hulle hom bedrieg, het hy mense gestuur om die geld en die kinders te haal, sodat hy nie die volk baie ongelukkig maak nie ¹⁸ en hulle sou sê: “Dit is omdat Simon^y nie die geld en die kinders vir hom gestuur het nie dat Jonatan^z gesterf het.” ¹⁹ Hy het die kinders en die honderd talent gestuur, maar Trifo^a het hulle bedrieg en Jonatan nie vrygelaat nie. ²⁰ Hierna het Trifo gekom om die gebied binne te val en dit te vernietig. Hulle het 'n ompad geneem na Adora, maar Simon en sy leërafdeling het op elke plek teen hom opgeruk, waarheen hy ook al gegaan het. ²¹ *Dié wat in die vesting was, het aangehou om afgevaardigdes na Trifo te stuur om by hom aan te dring dat hy deur die woestyn na hulle kom en vir hulle voedselvoorraad stuur. ²² Trifo het al sy perderuiters gereedgemaak om te vertrek, maar daardie nag was daar besonder baie sneeu, met die gevolg dat hy vanweë die sneeu nie kon vertrek nie. Hy het toe teruggetrek en na Gilead gegaan. ²³ Toe hy naby Baskama^b kom, het hy Jonatan doodgemaak, en hy is daar begrawe. ²⁴ Trifo het omgedraai en na sy land teruggekeer.

^w**13:15 geld:** Letterlik ‘silwer’; •Geldeenhede.

^x**13:16 100 talent:** Die grootste geldeenheid, gelyk aan sowat 6 000 •denarius. 100 talent was dus ongeveer die loon van 600 000 dagarbeiders; •Geldeenhede.

^y**13:18 Simon:** Die •bronteks lui “ek”.

^z**13:18 Jonatan:** Die •bronteks lui “hy”.

^a**13:19 Trifo:** Die •bronteks lui “hy”.

^{*}**13:21** 1 Mak 6:18-20

^b**13:23 Baskama:** Noordoos van die •See van Galilea.

²⁵ *Simon het mense gestuur, die beendere van sy broer Jonatan geneem en hom in Modein,^c die stad van sy vaders, begrawe, ²⁶ en die hele Israel^d het diep oor hom gerou. Hulle het baie dae lank oor hom gerou. ²⁷ Simon het op die graf van sy pa en sy broers 'n monument gebou en dit hoog gemaak vir sigbaarheid, met gepoleerde steen voor en agter. ²⁸ Hy het sewe piramides opgerig, die een langs die ander, vir sy vader, moeder en vier broers. ²⁹ Hy het vir die piramides^e oorlogswerktuie gemaak en rondom groot suile geplaas, en hy het op die suile wapenrustings aangebring as 'n ewige gedagtenis, en langs die wapenrustings uitgekerfde skepe, sodat alle seevaarders dit kan sien. ³⁰ Hierdie grafmonument, wat hy in Modein gebou het, bestaan tot vandag toe.

Vriendskapsverdrag tussen Simon en Demetrius

³¹ *Trifo het listig teenoor die jong koning Antiogus opgetree en hom doodgemaak. ³² Hy het in sy plek koning geword, die kroon van Asië opgesit en die land 'n swaar slag toegedien. ³³ *Maar Simon het die vestings van Juda opgebou, dit met hoë torings, groot mure, poorte en sluitbalke verskans en kosvoorraad in die vestings geplaas. ³⁴ *Simon het manne uitgekies en hulle na koning Demetrius gestuur om vrystelling van belasting vir die land te verkry, want al die dade van Trifo het op plundery uitgeloop. ³⁵ Koning Demetrius het 'n boodskap na hom gestuur met betrekking tot hierdie woorde van hom; hy het hom geantwoord en vir hom die volgende brief geskryf:

*13:25 1 Mak 2:69-70; 9:19

^c13:25 **Modein:** 'n Dorpie ongeveer 32 km noordwes van Jerusalem.

^d13:26 **Israel:** Vgl voetnoot in 1 Mak 13:4.

^e13:29 **vir die piramides:** Die •bronteks lui “vir hierdie”.

*13:31 1 Mak 12:39

*13:33 1 Mak 12:35

*13:34 1 Mak 11:52-56

³⁶ ***“Koning Demetrius**

“aan Simon, die hoëpriester en Vriend van Konings^f, aan die oudstes en aan die volk van die Judeërs:^g

“Gegroet!

³⁷ **“Ons het die goue kroon en die palmtak wat julle gestuur het, ontvang. Ons is gereed om met julle 'n omvangryke vredesooreenkoms aan te gaan en vir die amptenare te skryf om julle van belasting kwyt te skeld. ³⁸ Alles wat ons aan julle toegestaan het, staan vas; ook die vestings wat julle gebou het, sal aan julle behoort. ³⁹ Ons vergewe die foute en oortredings tot vandag toe en stel julle vry van die kroonbelasting wat julle skuld, en as enigiets anders belas was in Jerusalem, sal dit voortaan nie meer belas word nie. ⁴⁰ As sommige van julle geskik is om by ons ingeskryf te word,^h laat hulle ingeskryf word, en laat daar vrede tussen ons wees.”**

⁴¹ ***In die honderd-en-sewentigste jaarⁱ is die heidennasies se juk op**

* **13:36** 1 Mak 10:25-45

^f**13:36 Vriend ... Konings:** “Vriend van die Koning” was 'n eretitel in die Hellenistiese wêreld wat met sekere regte en verpligtinge verbind was.

^g**13:36 Judeërs:** Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat teruggekeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

^h**13:40 om by ... word:** Dit beteken waarskynlik ‘om by die koning se magte ingeskryf te word’; vgl 1 Mak 13:36.

* **13:41** Jer 30:8

ⁱ**13:41 170ste jaar:** 142 vC.

Israel^j verwyder, ⁴² en die volk het begin om in dokumente en ooreenkomste te skryf:

“In die eerste jaar van Simon, die groot hoëpriester, aanvoerder en leier van die Judeërs.”

Bevryding van Israel

⁴³ In daardie tyd het Simon^k by Geser^l kamp opgeslaan en dit met leërafdelings omsingel. Hy het 'n beleëringstoring gemaak, dit na die stad gebring, een van die stad se torings getref en dit ingeneem. ⁴⁴ Die manskappe in die beleëringstoring het uitgespring in die stad in, en daar het 'n groot opskudding ontstaan. ⁴⁵ Die mans in die stad, saam met die vroue en kinders, het teen die muur opgeklim, hulle klere geskeur, hard geskreeu en Simon gesmeek om vir hulle die regterhand te reik.^m ⁴⁶ Hulle het gesê: “Moet ons nie behandel volgens ons bose daede nie, maar volgens u barmhartigheid!” ⁴⁷ Simon het met hulle 'n ooreenkoms aangegaan en nie met hulle oorlog gemaak nie. Hy het hulle uit die stad verdryf, die huise waarin die afgodsbeelde was, gereinig en toe onder die sing van himnes en lofliedere die stad binnegegaan. ⁴⁸ Hy het elke •onreinheid daaruit verwyder, manne wat die wet moes onderhou, daar laat woon, dit versterk en vir homself daar 'n huis gebou.

⁴⁹ *Maar die manskappe in die vesting in Jerusalem is verhinder om na die landelike gebied te gaan en terug te keer om te koop en te verkoop.

^j13:41 **Israel:** Vgl voetnoot in 1 Mak 13:4.

^k13:43 **Simon:** Die •bronteks lui “hy”.

^l13:43 **Geser:** 'n Sleutelvesting in die Sjfela wat deur Bakgides in 160 vC versterk is, vgl 1 Mak 9:52.

^m13:45 **regterhand te reik:** 'n Simboliese gebaar vir 'in vrede kom'. In antieke tye het mense mekaar die hand gereik om aan te toon dat hulle geen wapens dra nie.

*13:49 1 Mak 6:18-20

Hulle het toe verhonger en 'n hele aantal van hulle het van honger omgekom. ⁵⁰ Hulle het na Simon geroep om die regterhand te aanvaar, en hy het sy regterhand vir hulle aangebied. Hy het hulle daarvandaan uitgedryf en die vesting van onreinhede gereinig. ⁵¹ *Op die drie-en-twintigste van die tweede maand van die honderd-een-en-sewentigste jaarⁿ het hulle met lofprysing en palmtakke, met liere, simbale en harpe, en met lofgesange en liedere, die vesting binnegegaan, want 'n groot vyand is verpletter en uit Israel^o verwyder. ⁵² Hy het bepaal dat hulle hierdie dag jaarliks met blydschap vier. Hy het die tempelberg, wat naby die vesting was, versterk en hy en sy manne het daar gewoon. ⁵³ Simon het gesien dat sy seun Johannes^p nou 'n man is en hom as bevelvoerder van al die leërmagte aangestel, en hy het in Geser gewoon.

14

¹ In die honderd-twee-en-sewentigste jaar^q het koning Demetrius sy leërmagte byeengebring en na Medië gegaan om hulp te kry sodat hy teen Trifo kon oorlog maak. ² Arsakes,^r die koning van Persië en Medië, het gehoor dat Demetrius^s sy gebiede binnegegaan het en het een van sy bevelvoerders gestuur om hom lewend gevange te neem. ³ Hy het gegaan, Demetrius se leërafdeling verslaan en hom gevange geneem, na Arsakes gebring en in die gevangenis gegooi.

* **13:51** 1 Mak 1:31-37

ⁿ**13:51 171ste jaar:** Mei/Junie 141 vC.

^o**13:51 Israel:** Vgl voetnoot in 1 Mak 13:4.

^p**13:53 Johannes:** Johannes Hirkanus I (134-104 vC); vgl 1 Mak 16:23-24.

^q**14:1 172ste jaar:** 140 vC.

^r**14:2 Arsakes:** Arsakes VI (171-138 vC), ook genoem Mitridates I, die koning van die •Parte, wat ook oor Persië en Babilon regeer het.

^s**14:2 Demetrius:** Demetrius II Nikator.

Lofsang oor Simon

⁴ Die land van Juda was in Simon se dae rustig
en hy het die goeie vir sy volk nagestreef.
Sy mag en aansien het die Judeërs^t die hele tyd geval.

^{5 u*} Saam met al sy aansien
verower hy ook Joppe as hawe
en verkry toegang tot die eilande van die see.

⁶ Hy brei sy volk se grense uit
en kry die land in sy mag.

^{7 *} Hy neem baie krygsgevangenes,
regeer oor Geser, Bet-Sur^v en die vesting,
en verwyder die •onreinhede daaruit.

Niemand staan hom teen nie.

^{8 *} Hulle bewerk hulle land in vrede —
die land lewer sy opbrengs
en die bome van die vlaktes hulle vrugte.

⁹ Die oudstes sit in die strate,
almal praat oor goeie dinge,

^t**14:4 Judeërs:** Die •bronteks lui "hulle". Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat terugkeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

^u**14:5-15** In die vertaling van hierdie teks as poësie word die historiese teenwoordige tyd gebruik.

^{*}**14:5** 1 Mak 13:11

^{*}**14:7** 1 Mak 13:43-46; 11:65-66; 13:49-50

^v**14:7 Bet-Sur:** 'n Belangrike grensdorp, 24 km suid van Jerusalem, en die Makkabeërs goedgesind.

^{*}**14:8** Lev 26:3-4

en die jong manne trek pragtige oorlogsklere aan.

¹⁰ *Hy verskaf voedsel aan die stede
en rus hulle toe met toerusting vir versterking
totdat sy roemryke naam genoem word
tot aan die einde van die aarde.

¹¹ Hy bring vrede in die land;
Israel^w verheug hulle met groot vreugde.

¹² *Elkeen sit onder sy wingerdstok en sy vyeboom
en niemand maak hulle beangs nie.

¹³ Niemand bly in die land agter
om teen hulle oorlog te voer nie;
die konings word in hierdie tyd verpletter.

¹⁴ *Hy ondersteun al die nederiges van sy volk;
hy streef die Wet na
en verdryf elke wettelose en bose mens.

¹⁵ Hy hou die heiligdom^x in ere
en vul die toerusting van die heiligdom aan.

Vernuwing van vriendskapsverdrae met Rome en Sparta

¹⁶ *Daar is in Rome verneem dat Jonatan gesterf het en mense tot so ver
as Sparta was diep bedroef. ¹⁷ Maar toe hulle hoor dat sy broer Simon in
sy plek hoëpriester geword het en dat hy self oor die gebiede en die stede

*14:10 1 Mak 13:33

^w14:11 **Israel:** Die begrippe Hebreërs, Israeliete en Israel word anachronisties in 1
en 2 Mak gebruik om die •Judeërs (14:4) ná die ballingskap aan te dui.

*14:12 1 Kon 4:25; Miga 4:4; Sag 3:10

*14:14 Ps 72:2

^x14:15 **heiligdom:** Letterlik ‘heilige dinge’, maar die verwysing is na die •tempel in
Jerusalem.

*14:16 1 Mak 13:23

daarin regeer, ¹⁸* het hulle op skryftablette van brons vir hom geskryf ten einde die vriendskapsverdrag en bondgenootskap wat hulle met sy broers Judas en Jonatan gesluit het, met hom te hernu. ¹⁹ Dit is voor die volksvergadering in Jerusalem gelees. ²⁰* Hier volg die afskrif van die briewe wat die Spartane gestuur het:

“Die hoë amptenare en die stad van die Spartane

“aan Simon, die hoëpriester, die oudstes, die priesters en die res van die Judese burgers, broers:

“Gegroet!

²¹ “Die gesante wat na ons volk gestuur is, het berig van julle glorie en roem. Ons was bly oor hulle koms. ²² Ons het wat deur hulle vertel is, soos volg in die raadsbesluite van die volk opgeteken, ‘Numenius, seun van Antiogus, en Antipater, seun van Jason, gesante van die Judeërs,^y het na ons gekom om die vriendskapsverdrag met ons te hernu.’

²³ “Die volk was bly om die mans eervol te ontvang en om 'n afskrif van hulle woorde op te neem in die boekrolle wat deur die volk daarvoor aangewys is, sodat die Spartaanse volk dit kan onthou. Hulle het 'n afskrif hiervan vir Simon, die hoëpriester, geskryf.”

²⁴ Hierna het Simon vir Numenius met 'n groot goue skild, wat 'n duisend mina^z weeg, na Rome gestuur om 'n bondgenootskap met hulle te sluit.

*14:18 1 Mak 8:17-32; 12:3,5-18

*14:20 1 Mak 12:6-18

^y14:22 **Judeërs:** Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is; vgl voetnoot in 1 Mak 14:4.

^z14:24 **1 000 mina:** Ongeveer 333 jaar se loon; •Geldeenhedede.

Oorkonde aan Simon

²⁵ Toe die volk hierdie dinge hoor, het hulle gevra: “Hoe kan ons Simon en sy seuns vergoed? ²⁶ Want hy, sy broers en sy vaderhuis het sterk gestaan, teen die vyande van Israel^a geveg en hulle verdryf, en Israel se^b vryheid gevestig.” Hulle het dit op skryfplatte van brons neergeskryf en dit teen pilare op die Sionsberg aangebring. ²⁷ *Hier volg die afskrif van die geskrif:

“Op die agtiende Elul^c van die jaar honderd twee-en-sewentig,^d dit is die derde jaar van Simon die groot hoëpriester, is ons in Asaramel, ²⁸ in 'n groot vergadering van die priesters, die volk, die hoë amptenare van die volk en die oudstes van die gebied soos volg meegedeel, ²⁹ ‘Aangesien daar dikwels oorloë in die gebied was, het Simon, seun van Mattatias, 'n priester uit die nakomelinge van Joarib, en sy broers hulleself aan gevaar blootgestel en die vyande van hulle volk teengestaan om hulle heiligdom en die Wet in stand te hou. Hulle het vir hulle volk groot roem verwerf. ³⁰ *Jonatan het hulle volk bymekaargebring, hulle hoëpriester geword en is met sy volk verenig. ³¹ *Toe hulle vyande hulle land wou binneval en hulle hande na die heiligdom uitsteek, ³² *het Simon hulle teengestaan en ter wille van sy volk geveg. Hy het baie van sy eie geld bestee en die manskappe van sy volk se leërmag bewapen en aan hulle soldy

^a14:26 *Israel*: Vgl voetnoot in 1 Mak 14:11.

^b14:26 *Israel se*: Letterlik ‘sy’.

*14:27 1 Mak 13:42

^c14:27 *Elul*: 13 September; •Maande.

^d14:27 *jaar 172*: 140 vC.

*14:30 1 Mak 9:73; 10:20

*14:31 1 Mak 12:53

*14:32 1 Mak 13:3-9

betaal. ³³ Hy het die stede van Juda en Bet-Sur,^e wat op die grense van Juda was en waar die wapens van die vyande vroeër was, versterk en daar Judese manskappe as garnisoen gestasioneer. ³⁴ Hy het Joppe, wat aan die see lê, en ook Geser, wat op die grense van Asdod is, waar die vyande vroeër gewoon het, versterk en Judeërs daar laat woon. Hy het alles aan hulle voorsien wat nodig was om dit te herstel.

³⁵ “ ‘Die volk het Simon se trou en die roem wat hy besluit het om vir sy volk te verwerf, gesien en hom as hulle aanvoerder en hoëpriester aangestel — omdat hy al hierdie dinge gedoen het en vanweë die geregtigheid en trou wat hy aan sy volk bewys het. Hy het op elke manier probeer om die roem van sy volk te vergroot.

³⁶ In sy tyd het hy daarin geslaag om deur sy toedoen die heidennasies uit hulle land te verdryf, en ook dié in die stad van Dawid in Jerusalem, wat vir hulleself 'n vesting gebou het waaruit hulle gegaan en die gebied rondom die heiligdom verontreinig en groot skade aan sy reinheid gedoen het.

³⁷ Hy het Judese mans daarin laat woon en dit versterk as beveiliging van die gebied en stad, en hy het die mure van Jerusalem hoër gemaak.

³⁸ “ ‘In die lig hiervan het koning Demetrius hom in die amp van hoëpriester bevestig. ³⁹ Hy het hom een van sy Vriende^f gemaak en groot eer aan hom betoon, ⁴⁰ want hy het gehoor —

“ ‘dat die Judeërs^g deur die Romeine vriende, bondgenote en broers genoem word;

^e14:33 **Bet-Sur:** Vgl voetnoot in 1 Mak 14:7.

^f14:39 **Vriende:** “Vriend van die Koning” was 'n eretitel in die Hellenistiese wêreld wat met sekere regte en verpligtinge verbind was.

^g14:40 **Judeërs:** Vgl voetnoot in 1 Mak 14:22.

dat hulle Simon se gesante eervol ontvang het;

⁴¹ * dat die Judeërs en die priesters besluit het dat Simon vir altyd hulle aanvoerder en hoëpriester moes bly totdat 'n betroubare profeet na vore tree;

⁴² dat hy hulle generaal moes wees en verantwoordelikheid moes neem vir die heiligdom, en persone moes aanstel vir die tempeldiens, oor die gebied, die wapens en die vestings;

⁴³ * dat hy verantwoordelikheid moes neem vir die heiligdom;

dat hy deur almal gehoorsaam moes word;

dat alle kontrakte in die gebied in sy naam geskryf moes word;

dat hy 'n purperkleed moes aantrek en goud moes dra; en

⁴⁴ dat dit nie vir enigeen van die volk of van die priesters toelaatbaar is om iets hiervan ongeldig te maak en wat deur hom gesê word, teen te spreek nie, 'n wanordelike byeenkoms in die land sonder hom byeen te roep nie, 'n purperkleed aan te trek en 'n goue gespe^h te dra nie.

⁴⁵ “ ‘Elkeen wat in stryd hiermee optree of iets hiervan verwerp, sal skuldig wees.’ ”

⁴⁶ Die hele volk het besluit om aan Simon die reg te gee om volgens hierdie regulasies op te tree. ⁴⁷ Simon het dit aanvaar en ingestem om hoëpriester te wees en om generaal en etnargⁱ van die Judeërs en die priesters te wees en om almal te beskerm.

*14:41 1 Mak 4:46

*14:43 1 Mak 13:42; 11:58

^h14:44 **goue gespe:** 'n Teken dat iemand 'n •Vriend van die Koning was.

ⁱ14:47 **etnarg:** Iemand wat namens 'n koning oor 'n bepaalde gebied of bevolkingsgroep moes regeer.

⁴⁸ Hulle het beveel dat hierdie geskrif op skryfplatte van brons aangebring word, dat dit op 'n opvallende plek binne die ringmuur van die heiligdom geplaas word ⁴⁹ en dat afskrifte daarvan in die skatkamer geberg word sodat Simon en sy seuns daarvoor kon beskik.

15

Brief van Antiogus aan Simon

¹ Antiogus,^j seun van koning Demetrius,^k het toe briewe vanaf die eilande van die see aan Simon, priester en etnarg^l van die Judeërs,^m en die hele volk gestuur ² met die volgende inhoud:

“Koning Antiogus
aan Simon, die groot priester en etnarg en aan die volk van die
Judeërs:

“Gegroet!

³ “Aangesien sommige verpestelike mans oor ons vaders se koninkryk beheer verkry het en ek die koninkryk wil opeis sodat ek dit kan herstel soos dit vroeër was, het ek 'n menigte leërmagte gewerf en oorlogskepe toegerus. ⁴ Ek wil aan land gaan sodat ek dié wat ons land vernietig het en dié wat baie stede in my koninkryk verwoes het, kan opspoor en straf.

^j**15:1 *Antiogus*:** Antiogus VII Sidetes, seun van Demetrius I en jonger broer van Demetrius II, 'n gevangene van die •Parte.

^k**15:1 *Demetrius*:** Demetrius I, vader van Demetrius II en Antiogus VII.

^l**15:1 *etnarg*:** Iemand wat namens 'n koning oor 'n bepaalde gebied of bevolkingsgroep moes regeer.

^m**15:1 *Judeërs*:** Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat terugkeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

⁵ “*Daarom bevestig ek nou aan jou al die vrystellings wat die konings voor my aan jou toegestaan het, en ook alle ander geskenke wat hulle jou vergun het. ⁶ Ek laat jou toe om jou eie geld te munt as geldeenheid vir jou land, ⁷ * sodat Jerusalem en die heiligdomⁿ vry kan wees. Al die wapens wat jy vervaardig het en die vestings wat jy gebou het en waaroor jy regeer, sal joune bly. ⁸ Sowel alle huidige as toekomstige koninklike skuld sal van nou af vir altyd vir jou kwytsgekeld word. ⁹ Wanneer ons beheer verkry oor ons koninkryk, sal ons aan jou, jou volk en die heiligdom groot eer betoon, sodat julle roem oor die hele aarde bekend sal word.”

¹⁰ In die honderd-vier-en-sewentigste jaar^o het Antiogus na die land van sy vaders vertrek. Al die leërmagte het by hom byeengekom, sodat net 'n paar saam met Trifo was. ¹¹ Antiogus het hom agtervolg en hy het al vlugtend in Dor,^p by die see, aangekom, ¹² want hy het besef dat ellende hom oorweldig het en dat sy leërmagte hom verlaat het. ¹³ Antiogus het by Dora kamp opgeslaan, en saam met hom honderd-en-twintigduisend soldate en agtduisend perderuiters. ¹⁴ Hy het die stad omsingel. Die skepe het van die see af aangeval en hy het die stad van die land en see af onder druk geplaas en niemand toegelaat om uit of in te gaan nie.

Brief van Rome aan die Judeërs

¹⁵ *Numenius en sy manne het toe uit Rome aangekom met briewe aan die konings en die lande, waarin die volgende geskryf staan:

***15:5** 1 Mak 11:34-36; 13:38

***15:7** 1 Mak 10:31-32

ⁿ**15:7 heiligdom:** Letterlik ‘heilige dinge’, maar die verwysing is na die •tempel in Jerusalem.

^o**15:10 174ste jaar:** 138 vC.

^p**15:11 Dor:** 'n Vesting aan die kus, ongeveer 24 km suid van Karmel.

***15:15** 1 Mak 12:16

¹⁶ “Lucius,^q konsul van die Romeine,
“aan koning Ptolemeus:^r
“Gegroet!

¹⁷ “Die gesante van die Judeërs^s het as ons vriende en bondgenote na ons gekom om ons ou vriendskapsverdrag en bondgenootskap te hernu. Hulle is deur Simon, die hoëpriester, en die volk van die Judeërs gestuur. ¹⁸ *Hulle het 'n goue skild van 'n duisend mina^t saamgebring. ¹⁹ Daarom het ons dit goedgevind om vir die konings en die lande te skryf dat ons nie daarop uit is om hulle kwaad aan te doen, en ook nie om teen hulle en hulle stede of hulle land oorlog te voer nie, sodat hulle nie bondgenootskappe sluit met dié wat teen hulle oorlog voer nie. ²⁰ Ons het besluit om die skild van hulle te aanvaar.

²¹ “As sekere verpestelike mans uit hulle land na julle gevlug het, lewer hulle uit aan Simon, die hoëpriester, sodat hy hulle volgens hulle Wet kan straf.”

²² Hierdie dinge het hy ook geskryf aan koning Demetrius, en aan Attalus,^u Ariarates^v en Arsakes,^w ²³ en aan al die lande, en aan

^q15:16 **Lucius:** Lucius Caecilius Metellus was konsul in 142 vC; •Romeinse ampsdraers.

^r15:16 **Ptolemeus:** Ptolemeus VIII Soter II (145-116 vC).

^s15:17 **Judeërs:** Vgl voetnoot in 1 Mak 15:1.

*15:18 1 Mak 14:24

^t15:18 **1 000 mina:** Ongeveer 333 jaar se loon; •Geldeenhede.

^u15:22 **Attalus:** Attalus II van Pergamum (159-138 vC).

^v15:22 **Ariarates:** Ariarates V van Kappadosië (162-10 vC).

^w15:22 **Arsakes:** Arsakes VI (171-138 vC), ook genoem Mitridates I, die koning van die •Parte, wat ook oor Persië en Babilon regeer het.

Sampsames, die Spartane, Delos, Mundos, Sikuon, Karië, Samos, Pamfilië, Lisië, Halikarnassus, Rodos, Faselis, Kos, Side, Aradus, Gortuna, Knidus, Ciprus en Sirene. ²⁴ 'n Afskrif hiervan het hulle aan Simon, die hoëpriester, geskryf.

Vervreemding tussen Simon en Antiogus

²⁵ Koning Antiogus het vir 'n tweede keer by Dora kamp opgeslaan. Hy het voortdurend aanvalle daarteen geloods, oorlogswerktuie gemaak en Trifo daarvan weerhou om uit en in te gaan. ²⁶ Simon het toe vir hom tweeduisend uitgesoekte manskappe gestuur om saam met hom te veg, asook silwer, goud en voldoende toerusting. ²⁷ Hy wou dit egter nie ontvang nie en het alles wat hy vroeër met Simon ooreengekom het, verbreek en hom van Simon vervreem. ²⁸ Hy het Atenobius, een van sy vriende, na hom gestuur om met hom samesprekings te voer en gesê: “Julle beset Joppe, Geser en die vesting in Jerusalem, stede van my koninkryk. ²⁹ Julle het hulle gebiede verwoes en die land 'n groot slag toegedien. Julle het baie plekke in my koninkryk in besit geneem. ³⁰ Oorhandig dus nou die stede wat julle ingeneem het en die belasting van die plekke wat julle buite die grense van Juda verower het. ³¹ As julle dit nie doen nie, moet julle in plaas daarvan vyfhonderd talent^x silwer oorhandig, en vir die verwoesting wat julle aangerig het en vir die belasting van die stede 'n verdere vyfhonderd talente, anders sal ons teen julle kom oorlog maak.”

³² Atenobius, die Vriend van die Koning,^y het na Jerusalem gegaan, en toe hy Simon se aansien merk, en die dranktafel met goue en silwervoorwerpe en die aansienlike vertoon sien, was hy verstom. Hy het

^x**15:31 500 talent:** Die grootste geldeenheid, gelyk aan sowat 6 000 •denarius. 500 talent was dus ongeveer die loon van 3 000 000 dagarbeiders; •Geldeenhede.

^y**15:32 Vriend ... Koning:** 'n Eretitel in die Hellenistiese wêreld wat met sekere regte en verpligtinge verbind was.

die koning se woorde aan hom oorgedra. ³³ Simon antwoord hom toe en sê: “Ons het nie 'n vreemde land gevat, of wat aan ander behoort, in besit geneem nie, maar die erfdeel van ons vaders. Dit is op 'n keer onregmatig deur ons vyande in besit geneem, ³⁴ maar nou dat ons die geleentheid het, hou ons stewig vas aan die erfdeel van ons vaders. ³⁵ En in verband met Joppe en Geser wat u opeis — hulle het ons volk en land 'n groot slag toegedien. Vir hulle sal ons honderd talent gee.”

³⁶ *Hy het hom nie 'n woord geantwoord nie, maar woedend na die koning teruggekeer en hierdie woorde aan hom oorgedra, en hom ook vertel van Simon se aansien en alles wat hy gesien het. Die koning het ontsettend woedend geword.

Oorwinning oor Kendebeus

³⁷ Trifo het op 'n boot geklim en na Ortosia^z gevlug.

³⁸ Die koning het Kendebeus as bevelvoerder van die kusgebied aangestel en voetsoldate en perderuiters aan hom gegee. ³⁹ Hy het hom beveel om teenoor Juda kamp op te slaan, en hom ook beveel om Kedron^a te herbou en die poorte te versterk, sodat hy teen die volk oorlog kan voer. Die koning het Trifo egter bly agtervolg. ⁴⁰ Kendebeus het in Jamnia aangekom en begin om die volk uit te lok, Juda binne te val, en die volk gevange te neem en dood te maak. ⁴¹ Hy het Kedron herbou en daar perderuiters en leërmagte ontplooi sodat hulle kon uitgaan en die paaie van Juda kon patroleer, soos die koning hom beveel het.

* **15:36** 1 Mak 13:11; 13:43-46

^z**15:37 Ortosia:** 'n Hawe tussen Tripoli en die Eleutherusrivier.

^a**15:39 Kedron:** 'n Dorp 'n paar km suidoos van Jamnia en teenoor die vesting Gasara.

16

¹ Johannes^b het toe opgekom van Geser af en vir Simon, sy vader, vertel wat Kendebeus gedoen het. ² Simon het sy twee oudste seuns, Judas en Johannes, geroep en vir hulle gesê: “Ek, my broers en die huis van my vader het van jongs af tot vandag toe Israel^c se oorloë geveg en deur ons toedoen baie kere daarin geslaag om Israel te red. ³ Nou is ek al te oud, maar deur die genade is julle nou oud genoeg. Neem my en my broer se plek in. Gaan uit en veg vir ons volk, en mag die Hulp^d uit die hemel met julle wees.”

⁴ Hy^e het twintigduisend soldate en perderuiters uit die land gekies en hulle het opgetrek teen Kendebeus en in Modeïn^f oornag. ⁵ Hulle het vroeg die oggend opgestaan en op die vlakte uitgegaan. En kyk, 'n groot leërmag voetsoldate en perderuiters het hulle tegemoetgekom; daar was egter 'n spruit tussen hulle. ⁶ Hy en sy voetsoldate het teenoor hulle stelling ingeneem. Toe hy sien dat sy voetsoldate bang was om die spruit oor te steek, het hy dit eerste oorgesteek. Toe sy manskappe hom sien, het hulle dit agter hom aan oorgesteek. ⁷ Hy het die voetsoldate verdeel, met die perderuiters in die middel van die voetsoldate, want die teenstanders se perderuiters was geweldig baie. ⁸ *Hulle het op die trompette geblaas, en Kendebeus en sy leërafdeling is op die vlug gejaag en baie van hulle is gewond en het gesneuwel. Dié wat oorgebly het, het na die vesting gevlug. ⁹ Judas, Johannes se broer, is toe gewond, maar

^b16:1 *Johannes*: Johannes Hirkanus I; vgl 1 Mak 13:53.

^c16:2 *Israel*: Die begrippe Hebreërs, Israeliete en Israel word anachronisties in 1 en 2 Mak gebruik om die •Judeërs (inwoners van Juda) ná die ballingskap aan te dui.

^d16:3 *Hulp*: Verwys na God.

^e16:4 *Hy*: Sommige Griekse manuskripte lui “Johannes”.

^f16:4 *Modeïn*: 'n Dorpie ongeveer 32 km noordwes van Jerusalem.

*16:8 Num 10:9

Johannes het hulle agtervolg totdat hy aangekom het in Kedron,⁸ wat deur Kendebeus^h gebou is. ¹⁰ *Hulle het na die torings in die velde van Asdod gevlug. Hy het Asdod aan die brand gestee en ongeveer tweeduisend van hulle manskappe het gesneuwel. Hy het in vrede na Juda teruggekeer.

Moord op Simon

¹¹ Ptolemeus, seun van Abubus, is as generaal oor die vlakte van Jerigo aangestel. Hy het baie silwer en goud gehad, ¹² want hy was die skoonseun van die hoëpriester. ¹³ *Hy het 'n hoogmoedige hart gehad en wou beheer oor die land verkry. Hy het toe besluit om Simon en sy seuns op verraderlike wyse uit die weg te ruim. ¹⁴ Simon was besig om die stede in die land te besoek en na hulle behoeftes om te sien. Hy het na Jerigo toe afgegaan — hy en Mattatias en Judas, sy seuns, in die honderd-sewe-en-sewentigste jaarⁱ in die elfde maand (dit is die maand Sebat^j).

¹⁵ Die seun van Abubus het hulle op verraderlike wyse in die klein vesting met die naam Dok,^k wat hy gebou het, ontvang. Hy het vir hulle 'n groot fuifparty aangebied en sy manne daar versteek. ¹⁶ Toe Simon en sy seuns dronk was, het Ptolemeus en sy manskappe opgestaan, hulle wapens gevat en in die banketsaal op Simon afgestorm en hom, sy twee seuns en sommige van sy knegte doodgemaak. ¹⁷ Hy het 'n daad van

⁸**16:9 Kedron:** 'n Dorp 'n paar km suidoos van Jamnia en teenoor die vesting Gasara.

^h**16:9 Kendebeus:** Die •bronteks lui “hy”.

***16:10** 1 Mak 10:84

***16:13** 1 Mak 1:3

ⁱ**16:14 177ste jaar:** Februarie 134 vC.

^j**16:14 Sebat:** Januarie/Februarie; •Maande.

^k**16:15 Dok:** 'n Vesting op 'n krans gebou, ongeveer 5 km noordwes van Jerigo.

groot troueloosheid gepleeg en goed met kwaad vergeld.

Johannes as opvolger

¹⁸ Ptolemeus het hierdie dinge neergeskryf en aan die koning¹ gestuur sodat hy vir hom leërmagte kon stuur as hulp en hulle land en stede aan Ptolemeus kon oorlewer. ¹⁹ Hy het ander manne na Geser gestuur om Johannes^m uit die weg te ruim en briewe aan die bevelvoerders oor duisend gestuur om na hom te kom sodat hy vir hulle silwer, goud en geskenke kon gee. ²⁰ Hy het ook ander manskappe gestuur om Jerusalem en die tempelberg in te neem. ²¹ Maar iemand het vooruit gehardloop en in Geser aan Johannes vertel dat sy vader en sy broers gesterf het, en gesê: “Ptolemeus het mense gestuur om jou ook dood te maak.” ²² Toe hy dit hoor, was hy erg geskok. Hy het die manskappe wat gekom het om hom dood te maak, gevange geneem en hulle doodgemaak, want hy het geweet dat hulle hom wou doodmaak.

²³ Die res van Johannes se verhaal* — sy oorloë, sy dapper daede wat hy verrig het, die herbou van die mure wat hy onderneem het en sy prestasies — ²⁴ kyk, dit is opgeteken in die boekrol oor die dae van sy hoëpriesterskap, vanaf die tyd toe hy ná sy vader hoëpriester geword het.

¹**16:18 koning:** Antiochus VII; vgl 1 Mak 15:1.

^m**16:19 Johannes:** Johannes Hirkanus I was heerser en hoëpriester van 134 vC tot sy dood in 104 vC; vgl 1 Mak 13:53; 16:21-24.

***16:23 Die res ... verhaal:** 1 Kon 11:41; 2 Kon 14:18; 2 Kron 32:32; 1 Mak 9:22